Wes-Kaap Onderwysdepartement • ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Jaarlikse Prestasieplan
2009/10 tot 2011/12

Annual Performance Plan
2009/10 to 2011/12

IsiCwangciso seNtsebenzo soNyaka
2009/10 ukuya 2011/12

WESTERN CAPE
Education Department
Provincial Government of the Western Cape

PR Nommer: 40/2009
ISBN Nommer: 978-0-621-38446-8

ir afskrifte van hierdie dokument kontak asseblief:
Hoof Onderwys, Privaatsak X9114,
Kaapstad, 8000.
Tel: 021 467 2531
Faks: 021 461 3694
E-pos: media1@pgwc.gov.za

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Visie

'n Leertuiste vir almal

Missie

Ons missie is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het –

- Om hul potensiaal te verwesenlik
- Om vervullende lewens te lei
- Om tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra
- Om ten volle aan die lewe van die land deel te neem
- Om internasionaal mee te ding, en
- Om gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens met welslae en waardigheid te behartig.

Waardes

- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet
- Die Batho Pele-beginsels
- Kritiese uitkomste van die Nasionale Kurrikulum
- Versekering van transformasie d.m.v. toegang, gelykheid en regstelling
- Die grondbelangrikheid van die leerder
- 'n Pro-arm benadering tot hulpbrontoewysing
- Toerekenbaarheid en deursigtigheid
- Uitnemendheid in alles wat ons doen
- Verantwoordelikheid teenoor die samelewing oor die algemeen ten einde pogings te steun om sosiale, kulturele en ekonomiese ontwikkeling te ondersteun.

In die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie (Departement van Onderwys, 2001) word tien waardes gelys wat op die waardes van die Grondwet gebaseer is, naamlik demokrasie, sosiale geregtigheid, gelykheid, nie-rassisme en nie-seksisme, *Ubuntu* (menswaardigheid), 'n oop samelewing, toerekenbaarheid, die oppergesag van die reg, respek, en versoening.

Batho Pele beteken "mense eerste". Die agt *Batho Pele*-beginsels beklemtoon die belangrikheid van oorlegpleging, goeie diensstandaarde, hoflikheid, toegang, inligting, oopheid en deursigtigheid, die hanteer van klagtes, en die gee van die beste waarde.

WES-KAAP
Onderwysdepartement
Wes-Kaapse Provinsiale Regering

VOORWOORD DEUR LUK

Hervormers stem saam dat om opvoedkundige gehalte te verbeter dit van uiterste belang is om te definieer hoe gehalte bepaal word.

Hierdie Jaarlikse Prestasie-plan doen presies dit. Dit bied die departement 'n geleentheid om in geen onsekere terme nie uit te spel presies wat die WKOD se strategiese plan is om gehalte onderwys aan almal te verskaf. Dit verskaf ook teikens waarteen die veranderinge gemeet kan word.

Die soeke na gehalte neem ons terug na die basiese behoefte dat elke leerder en onderwyser betyds by die skool sal wees en dat die tyd wat aan onderrig en leer toegeken is vir daardie spesifieke doel aangewend word. Daar word ook van onderwysers verwag om hulle lesse voor te berei, aan student terugvoering te gee en aan die voorpunt van ontwikkeling binne hul leerarea te bly. Daar word van skoolbestuur verwag dat daar die beste moontlike omstandighede vir onderrig en leer by hul skole sal bestaan.

In ons strewe na uitmuntendheid het ons reeds begin om met hoofde van skole waar die slaagsyfer minder as 60% in die 2008 Nasionale Sertifikaat-eksamen was, begin beraadslaag. Die redes vir die swak prestasie is onder die loep geneem en spesiale ondersteuningsmaatreëls word tans in plek gestel om die probleemareas aan te spreek en omstandighede te skep waarbinne ons klaskamers in intellektueel uitdagende en stimulerende leeromgewings omskep kan word.

Ons is trots op en gaan voort om skole en onderwysers wat uitstekende resultate getoon het, te ondersteun – sommige daarvan onder uiterste moeilike omstandighede. Die onvermoeide toewyding van ons onderwysers moet gevier word en hul werk moet as herinnering dien vir dit wat deur individue bereik kan word wanneer hulle passievol is oor die beroep en wat deeglik bewus is van die verskil wat hulle in die lewens van jongmense kan maak.

Die voortgesette implementering van die herontwerp van die WKOD in 2009 sal die hoogste vlakke van ondersteuning deur sterk multidissiplinêre spanne in elk van die departement se 49 streke, aan elk van die 1 452 openbare en 72 skole vir leerders met spesiale behoeftes in die provinsie verseker.

Ons pogings fokus nie net daarop om uitstekende matriekuitslae te verseker nie, maar ook om 'n soliede fondament d.m.v. die onderwysstelsel te lê om sodoende te verseker dat ons kinders doeltreffend op alle vlakke kan leer.

Dit sluit in:

- Die voortgesette uitbreiding van die Nasionale Skoolvoedingsprogram, om 335 000 leerders in arm skole in die Wes-Kaap te voed.
- 'n Belangrike program wat toegang tot vroeëkindontwikkeling (VKO) in arm gemeenskappe sal uitbrei. Hierdie program sluit die opening van 161 nuwe Graad R-klaskamers in openbare skole in die provinsie teen 31 Maart vanjaar in, asook die opleiding van meer as 5 000 vroeëkindontwikkelingspraktisyns in.
- 'n Loodsprojek om busvervoer aan Graad R-leerders in landelike gebiede te verskaf, is vir die eerste maal deel van die WKOD se Leerdervervoerskema.
- Die voortgesette implementering van die nasionale Gehalteverbeterings, Ondersteunings- en Opheffingsprogram (PGOOO). Projekte sluit skoolherstelwerk en -onderhoud, skoolbiblioteke, onderwysersopleiding, spesiale toerusting en buitemuurse programme in.
- Die voortgesette implementering van die nasionale Grondslag vir Leer-veldtog, wat verlede jaar deur die Minister Naledi Pandor geloods is om geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole te verbeter. Die veldtog is daarop gemik om teen 2011 die slaagsyfer van leerders in Geletterdheid en Gesyferdheid tot minstens 50% vir hul graad te verhoog. Die WKOD gaan as deel van die veldtog 'n proses van sistematiese opleiding in Geletterdheid / Tale en Gesyferdheid / Wiskunde aan alle Graad 1 tot 6 onderwysers by openbare skole beskikbaar stel.

Ander sleuteldoelwitte van die WKOD sluit in: toegang tot onderwys- en vaardigheidsopleiding deur middel van voortgesette ontwikkeling van tegniese en beroepsopleiding by VOO-kolleges; aanstelling van meer voltydse personeel om volwassene-onderwys en -opleiding te ondersteun, asook voortgesette ondersteuning vir voltydse BOOV-sentra.

Die sukses van ons werk hang uiteindelik daarvan af hoe goed ons op die maatskaplik-ekonomiese behoeftes van ons land reageer en hoe doeltreffend ons die WKOD se kernmandaat "om gehalte onderrig aan al ons mense te bied" uitleef.

Ek twyfel nie daaraan dat die WKOD die leierskap en kapasiteit het om op hierdie doelwitte te reageer nie.

LUR Yousuf Gabru
Februarie 2009

VOORWOORD DEUR REKENPLIGTIGE BEAMPTE

Die 2008 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is die kulminasie van 'n lang proses van herstrukturering van die onderwysstelsel in Suid-Afrika. Ons het nou die fondament van 'n enkele, nasionale onderwysstelsel gelê, en die eerste generasie leerders het vir die eerste maal matriek geskryf, gebaseer op die nasionale kurrikulum.

Ons moet nou op hierdie fondamente bou om toegang tot gehalte onderwys aan almal te verseker. Dit is geen maklike taak gegewe die reuse uitdagings wat ons steeds in die gesig staar nie.

Die Jaarlikse Prestasieplan is ons raamwerk vir die jaar wat voorlê. Dit kyk in groot detail na elke aspek van onderwys – van vroeëkindontwikkeling tot by algemene, verdere en volwassene-onderrig en -opleiding, asook verwante programme. Die plan lê in die nasionale en provinsiale beleid en beplanning en is ontwerp om elke moontlike geleentheid aan leerders te bied om hul potensiaal te ontwikkel en sodoende betekenisvol tot gedeelde groei en ontwikkeling by te dra.

Ons belangrikste prioriteit vir 2009/10, soos ons poog om toegang tot gehalte onderwys te verseker, is om seker te maak dat ons doeltreffende skole het. Belangrike sleutelgebiede sluit in die voortgesette implementering van die WKOD se herontwerp, die ondersteuning van skole wat ontwikkelingshulp die nodigste het, via die 49 sterk, multidissiplinêre streekspanne.

Ons het met 'n reuse program begin om toegang tot Graad R uit te brei. Dit sal in 2009/10 voort gesit word, met vervoer in uitgesoekte gebiede, meer klaskamers, opleiding vir praktisyns en deur middel van die verskaffing van toerusting en materiaal.

Ons "Omdraaiprojek" sal 'n sleutelfokusarea bly om geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole en slaagsyfers in sekondêre skole te verbeter. Ons sal voortgaan om toegang tot die Nasionale Skoolvoedingsprogram uit te brei. Skoolveiligheid bly tesame met die nasionale Program vir Gehalteverbeterings, Ontwikkeling, Ondersteuning en Opheffing (PGOOO), voortgesette ontwikkeling van VOO-kolleges en volwassene-onderwys en -opleiding baie belangrike prioriteite.

Dit gaan 'n besige jaar vir onderwys in die Wes-Kaap wees. Ons beveel hierdie plan aan en doen 'n beroep op alle belanghebbende partye om saam met ons te werk soos ons daarna streef om die uitdagings in die jaar wat voorlê die hoof te bied.

DH Ron Swartz
Februarie 2009

OOR HIERDIE DOKUMENT

Die Jaarlikse Prestasieplan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sit die planne vir onderwys van die Provinsiale Regering vir die tydperk 2009/10 tot 2011/12 uiteen, met spesiale fokus op dit wat gedurende die jaar beginnende 1 April 2009 en eindigend op 31 Maart 2010 gaan gebeur. Hierdie dokument sluit ook inligting in oor die huidige onderwyssituasie, wat die grootste uitdagings is en wat die Regering se reaksie daarop is.

Daar is twee hoofdele in hierdie dokument.

Deel A verduidelik wat die nasionale en provinsiale strategiese doelwitte en strategiese mikpunte is en hoe dit deur die strategieë en planne van die departement ondersteun word. Suksesse en uitdagings in die provinsie word ook beskryf. Deel A verduidelik ook die pad vorentoe vir voorskoolse dienste, skole, verdere onderwys- en opleidingskolleges en volwassene-onderwys.

Deel B verskaf meer besonderhede oor die dienste van die departement en die sosiale en ekonomiese uitdagings. Kernelemente wat gebruik is om die inligting in Deel B te organiseer is:

- Provinsiale begrotingsprogramme. Daar is agt sodanige programme. Dit vorm die onderafdelings van Deel B.

- Strategiese mikpunte. Dit word in Deel A bekend gestel, maar in Deel B word dit aan individuele begrotingsprogramme gekoppel. Daar is ’n aantal strategiese mikpunte wat die strategiese rigting vir die verskillende begrotingsprogramme aandui.

- Meetbare doelwitte. Hulle is meer spesifiek as die strategiese mikpunte en word meestal aan spesifieke programme gekoppel.

- Prestasiemaatreëls. Dit val onder die meetbare doelwitte, en is spesifieke statistiek wat die Regering as belangrik beskou, bv. die persentasie kinders van skoolgaande ouderdom en jeugdiges wat in die stelsel ingeskryf is.

- Prestasieteikens. Elke prestasiemaatreël het drie prestasieteikens, een vir elk van die volgende drie finansiële jare. Hierdie teikens, wat heelwat aandag kry in die ontleding wat in hierdie dokument voorsien word, dui aan hoe die Regering beoog om dienslewering in die komende jare te verbeter.

- Bylae A lys die 39 kernprestasiemaatreëls (Koms) waaroor nasionaal ooreengekom is. Vir elke prestasiemaatreël, word die getal, ’n kort beskrywing en ’n lang beskrywing voorsien.

Die strategiese mikpunte, meetbare doelwitte en prestasiemaatreëls word vir die land gestandaardiseer, met ander woorde hulle is dieselfde in elke provinsie (dit is egter moontlik dat provinsiale strategiese mikpunte naas die nasionale doelwitte kan bestaan). Prestasieteikens sal dikwels van provinsie tot provinsie verskil, na gelang van die provinsie se spesifieke omstandighede.

Inhoud

Termlys i

Akronieme i

Deel A: Oorsig en Opgedateerde Strategiese Plan

A.1 Strategiese doelwitte en mikpunte 1

A.2 Die uitdagings vir die onderwyssektor 5

A.3 Prestasies tot op hede 9

A.4 Die pad vorentoe 14

A.4.1 Voorskoolse dienste 14

A.4.2 Skole 14

A.4.3 VOO-kolleges 15

A.4.4 Volwassene-onderwys en -opleiding 15

Deel B: Sektor, Program- en Subprogramplanne

B.0 Die provinsiale onderwyssektor 18

B.1 Administrasie 27

B.2 Openbare gewone skool-onderwys 36

B.3 Onafhanklike skole-subsidies 61

B.4 Openbare spesiale skool-onderwys 65

B.5 Verdere onderwys en opleiding 72

B.6 Basiese volwassene-onderwys en -opleiding 79

B.7 Vroeëkinderontwikkeling 84

B.8 Hulp- en verwante dienste 90

B.9 Kapitale investeringsplan 96

Deel C: Kwartaallikse en Jaarlikse Mikpunte

Kwartaallikse en jaarlikse mikpunte 99

Bylaes

Bylae A: Prestasiemaatreëls 102

Organogram 114

TERMLYS

Hieronder volg die definisies van spesifieke terme wat in hierdie dokument voorkom.

Meetbare mikpunte (MM)

Dit is mikpunte waarvan die bereiking relatief maklik gemeet kan word. Hulle fokus hoofsaaklik op redelik universele maatreëls t.o.v. toegang, toereikendheid, billikheid, doeltreffendheid, uitsette en gehalte. Hulle kom-plementeer die strategiese doelwitte. Die meeste meetbare mikpunte is aan een provinsiale begrotingsprogram gekoppel, alhoewel sommige generies kan wees aan die sektor as 'n geheel.

Prestasiemaatreël (PM)

Dit is nasionale aanduiders wat aan spesifieke statistiek gekoppel is. Hulle word gebruik om prestasie in die onderwysstelsel te meet. Elke prestasiemaatreël is aan een meetbare mikpunt gekoppel en neem die vorm van een provinsiale tydreeksstatistiek aan.

Provinsiale Prestasiemaatreël (PPM)

Soortgelyk aan PM's, is die provinsiale prestasiemaatreëls uniek tot 'n spesifieke provinsie

Prestasieteiken (PT)

Dit is een numeriese waarde vir een toekomstige tydstip ten opsigte van 'n prestasiemaatreël. Dit gee 'n presiese aanduiding van die verbeterings wat in die onderwysstelsel beoog word.

Strategiese doelwit (SD)

Dit is doelwitte wat die oorkoepelende medium- tot langtermynrigting van die pretersiêre onderwysstelsel bepaal. Hulle staan boaan die hiërargie van beplanningselemente

Strategiese mikpunte (SM)

Dit is een vlak laer as die strategiese doelwitte. Die fokus is meer spesifiek as dié van die strategiese doelwitte. Die meeste strategiese mikpunte is aan een provinsiale begrotingsprogram gekoppel, hoewel sommige generies aan die sektor as geheel kan wees.

AKRONIEME

AOO	Algemene onderwys en opleiding
AOOS	Algemene onderwys- en opleidingsertifikaat
BOOV	Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes
CTLI	Cape Teaching and Learning Institute
DB	Diensbillikheid
DO	Diensleweringsooreenkoms
DOK	Departementele Opleidingskomitee
DvO	Nasionale Departement van Onderwys
DVP	Diensleweringsverbeteringsplan
EVL	Erkenning van Voorafleer
GGBS	Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel
GLS	Gemeenskapleersentrum
GSABS	Geïntegreerde Skooladministrasie- en bestuurstelsel
HODKOM	Hoofde van Onderwysdepartemente-komitee
HOI	Hoëronderwysinrigting
HSE	Heelskoolevaluering
HUB	Hoof- uitvoerende beampte
IBB	Inrigtingbeheer en -bestuur
IKT	Inligtings- en kommunikasietegnologie
KA	Kurrikulumadviseur
KOH	Komitee van Onderwyshoofde
KOI	Kaapse Onderwysinstituut
LOGIS	Logistiekinligtingstelsel
LOOM	Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal
LSOB	Leerders met spesiale onderwysbehoeftes
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MEOS	Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie
MHO	Menslike hulpbron-ontwikkeling
MKOS	Menslike kapitaal-ontwikkelingstrategie
MKPS	Menslike kapitaal-projekspan
MSP	Meesterstelselplan
MTBR	Medium-termyn bestedingsraamwerk
NK(A)	Nasionale Kurrikulum (Ambag)
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSSB	Norme en standaarde vir skoolbefondsing
NSVP	Nasionale Skoolvoedingsprogram
OBIS	Onderwysbestuur- en inligtingsstelsel
OBOS	Onderwysbestuursontwikkelingsentrum
OOOP	Onderwys, opleiding en ontwikkelingspraktyke
OPV	Openbare-private vennootskap
OVA	Onderwys vir Almal
PGOOO	Gehalteverbetering-, ontwikkeling-, steun- en opheffingsprogram
POD	Provinsiale Onderwysdepartement
PPBOS	Personeelprestasiebestuur en -ontwikkelingstelsel
ROM	Raad van Onderwysministers
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid
SA-SABS	Skooladministrasie- en bestuurstelsel
SASW	Suid-Afrikaanse Skolewet
SBL	Skoolbeheerliggaam
SBS	Skoolbestuurspan
SITA	Staatsinligtingstegnologie-agentskap
SKB	Senior Kurrikulumbeplanner
SOBIS	Sentrale Onderwysbestuur- en inligtingsstelsel
SOOO	Sektor Onderwys- en Opleidingsowerheid
SSE	Skoolselfevaluering
STP (27)	Sosiale Transformasieplan in 27 geïdentifiseerde gebiede
SVP	Skoolverbeteringsplan
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-Program
VE	Voltydse ekwivalent
VGGI-SA	Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief
VKO	Vroeëkindontwikkeling
VLR	Verteenwoordigende Leerderraad
VOO	Verdere onderwys en opleiding
VOO-BIS	Verdere onderwys en opleidingbestuursinligtingstelsel
VOOS	Verdere onderwys en opleidingsertifikaat
VVOO	Verdere volwassene-onderwys en -opleiding
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
WVP	Werkplekvaardigheidsplan
WWP	Werknemerswelsynprogram
WWT	Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie

Oorsig en Strategiese Aanvulling

Deel A van die Jaarlikse Prestasieplan verduidelik die uitdagings wat die WKOD in die gesig staar in terme van maatskaplike en demografiese druk, onderwys en ander beleide, asook die strategieë wat in die *Vyfjaar-Strategiese en Prestasieplan 2005/06 – 2009/10* uiteengesit is. Dit verduidelik ook die suksesse wat die WKOD behaal het in terme van die uitdagings. Strategieë vir die pad vorentoe, soos hulle in die V*yfjaar Strategiese en Prestasieplan 2005/06 – 2009/10* verskyn, soos daaropvolgend aangepas en bygewerk, word ook verduidelik.

In hierdie finansiële jaar is daar nuwe Nasionale Prestasiemaatreëls wat dié van die vorige vier jaar of a) uitskakel of b) herbewoord of c) totaal nuwes byvoeg. In sommige gevalle is daar geen historiese data in daardie stelle nie en vooruitskattings of teikens vir die pad vorentoe word hierdeur geraak. Aangesien dit die eerste jaar van die Nasionale Kurrikulumverklaring en ook die grondlynassesseringsjaar vir die Grondslag vir Leerprogram is, is dit moeilik om in hierdie stadium voorspellings vir toekomstige teikens te maak.

A.1 Strategiese doelwitte en mikpunte

Inleiding:

Kernfunksies en -verantwoordelikhede

Die kernmandaat van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is om “gehalte onderwys aan al ons mense te lewer met die oog daarop om die ekonomiese groei van ons land te ontwikkel”.

Die kernfunksies is:

- Kurrikulumontwikkeling en -lewering
- Administratiewe en finansiële ondersteuningstelsels
- Inrigtingontwikkelings- en ondersteuningstelsels, -strukture en -programme

Visie

’n Leertuiste vir almal

Missie

Ons missie is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het –

• om hul potensiaal te verwesenlik
• om tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra
• om ten volle aan die lewe van die land deel te neem
• om internasionaal mee te ding, en
• om gemeenskappe te bou waar mense in staat is om hul lewens met welslae en waardigheid te behartig.

Belangrikste dienste -

- om oorhoofse beplanning van en bestuur vir die onderwysstelsel te verskaf
- om aan openbare onderwysinrigtings as ’n geheel ondersteuning te verskaf
- om onderwys in openbare gewone skole te verskaf
- om onafhanklike skole te ondersteun
- om onderwys in openbare spesiale skole te verskaf
- om Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) aan openbare VOO-kolleges te verskaf
- om Basiese Volwassene-onderwys en -Opleiding aan gemeenskapsleersentra te verskaf
- om vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R te verskaf
- om menslike hulpbron-ontwikkeling aan opvoeders en nie-opvoeders te verskaf.
- om ’n impak op maatskaplike probleme te maak deur bewusmaking van MIV/vigs uit te brei; voedsel aan geïdentifiseerde arm en honger leerders in primêre skole te verskaf sodat hulle doeltreffend kan leer, en deur ’n veilige skoolomgewing te bevorder.

A.1.1 Strategiese plan-aanvulling

Die WKOD se strategiese plan is daarop gemik om die gehalte van onderwys vir almal te bevorder, en veral vir diegene in die armste gemeenskappe. In hierdie verband bevat die strategieë medium en langtermyn doelwitte.

Die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) is 'n sleutelmeganisme om die dinamiese aard van die provinsie se beleide en ons reaksie daarop te verstaan. Die departement het die JPP en die begroting vir 2008/09 tot 2010/11 vir die 2009/10 finansiële jaar hersien om te verseker dat dit in lyn met die volgende is: die beleidsprioriteite soos voorgelê in die provinsiale visie van die Wes-Kaap; die provinsie se groei- en ontwikkelingsstrategie waarna verwys word as *iKapa elihlumayo*[1]; die beleidsprioriteite van die Provinsiale Uitvoerende Owerheid; die nasionale regering se beleidsprioriteite, insluitend die Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief (VGGI-SA); en die (nasionale) Onderwyssektorprioriteite vir 2007, 2008 en 2009 Mediumtermynbestedingsraamwerke (MTBR'e).

Die formaat van die JPP is generies en word voorgeskryf deur die Nasionale Departement van Finansies en die nasionale Onderwysdepartement (OD) vir alle provinsiale onderwysdepartemente.

A.1.2 Beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Toegang tot gehalte onderwys is 'n basiese mensereg wat nie net in die Grondwet verskans nie, maar ook in internasionaal-aanvaarde agendas, soos die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte en UNESCO se Onderwys vir Almal verskans is. Die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte verbind die regering daartoe om armoede te halveer en werkloosheid te verlaag deur middel van strategieë wat die verbintenis tot onderwys verhoog. Deur 'n meer geletterde bevolking te skep, gepaste stelle vaardighede te bou, skole as plekke van gehalte onderwys en leer te ontwikkel, leerders te laat aanhou leer en onderwysers te laat aanhou onderrig, is almal sleutelsuksesfaktore tot die suksesvolle bereiking van hierdie uitkoms.

Die Jaarlikse Prestasieplan word direk deur die Onderwyssektorprioriteite, soos goedgekeur deur die Raad van Ministers van Onderwys (MO) as volg beïnvloed:

Vir die 2007 Mediumtermynbestedingsraamwerk, m.a.w. vir die tydperk tot 2009/10, teiken die nasionale sektorinisiatiewe die verbetering van die gehalte van onderwys. Dit sluit in sistemiese evaluering en indiensopleiding, asook onderwyserontwikkelingsprogramme om die gehalte van onderwys in kritieke vakke soos Wiskunde en Lewensoriëntering te verbeter; Graad R; en oorhoofse verbetering van skoolbestuur in. 'n Massa volwassene-geletterdheidsprogram wat in 2007/2008 deur die DvO ontwikkel en geloods is om die uitdagings van basiese geletterdheid, beide as 'n mensereg en 'n bydraer tot maatskaplike samehang, aan te spreek, is nog 'n nasionale sektorinisiatief. Die lewering sal deur vennootskappe met nieregeringsorganisasies, basiese volwassene-onderwyssentra en vrywilligers gedoen word.

Vir die 2008-MTBR, m.a.w. vir die tydperk tot 2010/11, sal die nasionale sektorinisiatiewe die volgende teiken: bou van skole en onderhoud; opleiding van VKO-praktisyns by VKO-persele; inklusiewe onderwys en Spesiale Skole; voortgesette uitbreiding en verbetering van die gehalte in Graad R; verskaffing van leerderondersteuningsmateriaal vir graad 10 tot 12 om die nuwe kurrikulumverklaring te implementeer; uitbreiding van die Nasionale Skoolvoedingsprogram.

Vir die 2009-MTBR, m.a.w. vir die tydperk tot 2011/12, teiken die nasionale sektorinisiatiewe die volgende: die verlaging van leerder:opvoederverhoudings/klasgrootte; uitbreiding van "Geen skoolgeld"-skole tot 60% en inklusiewe onderrig.

Die breë beleide, prioriteite en strategiese doelwitte van die WKOD word in die Vyfjaarplan uiteengesit en is in die Menslike kapitaal-ontwikkelingstrategie (MKOS) wat in Maart 2006 geloods is, vervat. In daardie stadium het die MKOS sy funksie soos volg gedefinieer: "Om die konsep van "holisme" te bevorder, sal hierdie strategiedokument die WKOD se Onderwysvisie 2020-dokument en sy Strategiese Vyfjaarplan subsumeer ". Die provinsiale kabinet het egter in Oktober 2008 'n voorstel goedgekeur waarvolgens die WKOD nie langer die rigtinggewende departement verantwoordelik vir die ontwikkeling van die MKOS namens die Provinsiale Regering sou wees nie.

[1] "*iKapa elihlumayo*", die Xhosa-naam vir 'n Groeienede Kaap, is die Provinsieale Regering se onderliggende tema vir die name 2004/05 Begroting en daarna. Hierdie visie is in 'n agtpunt-strategie omskep wat die regering en sy maatskaplike venoote tot 2014 sal lei.

Alhoewel die WKOD met oorgawe aan die Provinsie se breër ontwikkelingstrategie deelneem, sal die WKOD slegs die Provinsie se onderwysstrategie, as sy spesifieke verantwoordelik, dra.

As 'n gevolg van hierdie stap het die oorspronklike vyfjaarplan van die WKOD weer die status van sleuteldokument ingeneem terwyl die WKOD sy nuwe vyfjaarplan begin voorberei. Met dit in gedagte, versnel ons die pas in 2009/10 om sodoende die groei en verbetering in die verskaffing van ryk en gepaste onderwysgeleenthede vir alle leerders in die lewenslange leerparadigma in die vinnige baan te plaas, met die klem op onderwysers, kinders en jongmense in skole en kolleges.

WKOD se belangrikste Lewerbares vir 2009/10

Inleiding

Die hoofdoel van onderwys is rondom die klaskamer gesentreer. Dit is dus die bedoeling van hierdie plan om te verseker dat alle werk daarom sentreer. Al die elemente van die begroting en die intervensies wat daarmee skakel sal gerasionaliseer en in lyn gebring word, asook daarop fokus om leer reg te kry. Oorbelading, herhaling en oordaad sal teruggesnoei word en alle pogings sal daarop gefokus word om te verseker dat ons leerders ten beste bedien word en dat hulle vir solank as moontlik in die onderwysstelsel bly. Ons sal aan die een kant op onderwyservaardighede en werksbevrediging en aan die ander kant op die verligting van armoede, ontneming en disfunksionaliteit fokus. Die werk van hierdie departement word dus as volg om die sleutel- "uitgestrekte" transformasie-agenda georganiseer:

1. Toegang, Toereikendheid en Doeltreffendheid

1.1. Verskaf hoë gehalte leerprogramme (Graad R) aan alle vyfjarige kinders in die Wes-Kaap teen 2010 of so gou moontlik daarna
1.2. Verskaf gehalte onderrigprogramme aan Graad 1 – 9 leerders sodat die leerders die Algemene Onderwys en Onderrig- (AOO)band verlaat met die hoogste vlak van taal- en wiskundige vaardighede wat nodig is om hul geleenthede om te leer en 'n inkomste te verdien, te verbeter
1.3. Verhoog die aantal mense wat in die VOO-band ingeskryf is vir relevante programme wat sal lei tot indiensneming of toegang tot hoër onderwys
1.4. Verhoog die aantal leerders wat toegang het tot doelgerigte Basiese Volwassene-onderwys en -Opleidingsprogramme
1.5. Sorg vir 'n meetbare opgradering van doeltreffendheid in elke direktoraat om verbeterde dienslewering aan onderwyspersele te verseker
1.6. Versterk die distrikskantore om onmiddellike, doeltreffende en behoefte-gebaseerde diens te lewer
1.7. Versterk inklusiewe onderwys stapsgewys om te verseker dat daar aan die behoeftes van al die leerders voldoen word
1.8. Konsolideer en brei e-aflewering uit; van onderwyser- na kurrikulumondersteuning tot die opgradering van leerdervaardighede en die voortgesette verbetering van e-stelsels vir bestuursdoeleindes

2. Regstelling en Billikheid

2.1. Uitrol van ondersteuning aan skole in nasionale kwintiele 1 – 3 om infrastruktuur, biblioteke, hulpbronmateriaal en kurrikulumlewering deur middel van geteikende intervensies 'n hupstoot te gee
2.2. Spreek fisiese veiligheid van risiko-skole aan: verskaf veiligheidshulpbronbeamptes, CCTV in geïdentifiseerde skole, verskaf direkte ondersteuning en versterk bande met vennote om sodoende die gemeenskap-skool-koppelvlak te verbeter
2.3. Konsolideer die platform wat deur die Fokus- en Dinaledi-skole gebied word om leerders toegang te gee tot vakkeuses en geleenthede wat hulle voorheen ontsê is
2.4. Behou 'n program om infrastruktuur wat so op datum en behoefte-gedrewe as moontlik is, te verskaf

3. Gehalte

3.1 Verbeter geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole
3.2 Doen al hoe meer Heelskool-evaluering en verskerp die regstelling van swakhede wat as ’n resultaat van ’n gehalte bestuur- en ontwikkelingsprogram aan die lig kom
3.3 Ontwikkel skoolhoofde en onderwysers professioneel deur hulle vir kursusse by tersiêre inrigtings of die Cape Learning and Teaching Institute in te skryf
3.4 Verseker dat alle onderwysers die gehalte ondersteuning wat hulle nodig het, ontvang: dit beteken dat begrotingsintervensies en ondersteuning op ’n doelgerigte en konstruktiewe wyse in lyn gebring moet word

Strategiese Bemagtigers

Teen die agtergrond van al bogenoemde en geïnspireer deur die strewe na toegang, regstelling, gelykheid, doeltreffendheid, gehalte en uitsette, het die WKOD homself daartoe verbind om voort te gaan met die strategiese bemagtigers/hefbome wat vir 2008/09 geïdentifiseer is, nl.:

- Vorming en bestuur van verbeterde bereiking van leeruitkomste deur doelwitstelling en aanspreeklikheid
- Verbeterde spesifieke/geteikende en strategiese ondersteuning van onderwysers om beide vaardigheid (doeltreffendheid) en werksbevrediging (gemoedsaspekte) te ontwikkel – dit impliseer ’n behoefte aan programme, aan verbeterde stelsels en beter kommunikasie
- Oorbrugging van provinsiale beleid- en beleidsimplementeringsgapings
- Om die beleide van die nasionale departement ten volle toe te pas

Die makro-strategiese doelwitte is uitgebreide geleentheid, verbeterde prestasie, konsolidasie en stabiliteit van stelsels.

A.2 Die uitdagings wat die onderwyssektor in die gesig staar

Onderwys in die Wes-Kaap staar verskeie uitdagings in die gesig, nl. maatskaplik-ekonomiese uitdagings, nasionale/provinsiale beleidsuitdagings en organisatoriese uitdagings.

A.2.1 Maatskaplik-ekonomiese uitdagings

Die bevolking van die Wes-Kaap het sedert die laaste sensusopname in 2001 gegroei en groei steeds. Volgens die Gemeenskapsopname 2008 wat op 31 Julie 2008 deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) bekend gestel is, is die Wes-Kaap die tuiste van ongeveer 5 262 miljoen mense wat 10,8% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolking van die Wes-Kaap het die hoogste lewensverwagting by geboorte vir beide mans en vroue.

StatsSA dui aan dat die provinsiale beramings aansienlik aangepas is. Data uit die Gemeenskapsopname oor vrugbaarheid, sterftes en migrasie impliseer dus dat sommige provinsies 'n laer groeikoers het as wat voorheen beraam is. Migrasievloei na die Wes-Kaap blyk ook onderskat te gewees het. Die onderstaande tabel toon die toename/afname in bevolkingsgroei sedert die laaste sensusopname in 2001 teenoor die 2008-bevolkingskatting.

Provinsie	Toename / (afname)
Oos-Kaap	142 537
Vrystaat	180 925
Gauteng	1 609 922
KwaZulu-Natal	679 483
Limpopo	1 158
Mpumalanga	467 010
Noord-Kaap	303 173
Noordwes	(244 349)
Wes-Kaap	737 665

'n Verdere gevolg van hierdie toename in die bevolking in die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie 'n toename in getalle in die afgelope vyf jaar beleef het: VKO-persele, skole, VOO-kolleges, volwassene-sentra en leerderskappe. Die groei in leerdergetalle is egter onvoorspelbaar. Dit maak beplanning rondom dienslewering, veral van klaskamers en onderwysers, oneindig kompleks.

Die data vir die Wes-Kaap gewone openbare skoolsisteem van 1995 – 2008 word in Tabel 1 hieronder geïllustreer om die groei in leerdergetalle in die provinsie aan te dui en illustreer die eerste van die diensleweringsuitdagings wat deur die WKOD in die gesig gestaar word. Terwyl sommige provinsies 'n afname in inskrywings beleef, het die Wes-Kaap tot 2004 'n toename in groei beleef. Die abnormale groei van 23 121 van 2003 na 2004 was hoofsaaklik te wyte aan die verslapping van die inname-/toelatingsbeleid vir Graad 1-leerders wat in 2000 in werking getree het (en dit is ook die rede waarom leerdergetalle tussen 1999 en 2000 afgeneem het). Die 2005 Jaarlikse Skoolopname het geen groei tussen 2004 en 2005 getoon nie en dit is hoofsaaklik aan die abnormale groei in 2004 te wyte. Die 2006-getalle, wat vir die eerste keer van SOBIS (Leerderopsporingstelsel) beskikbaar was, het 'n aansienlike afname van 2005 na 2006 aangetoon. Die afname van 2006 na 2007 is 'n gevolg van die verwagte normale groei en beter administrasie deur SOBIS. Die afname in 2008-getalle is die gevolg van versigtige administrasie van leerders en sommige skole wat sukkel om die opsporingstelsel te handhaaf.

Tabel 1: Inskrywings by openbare gewoneskole 1995 – 2008

Jaar	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12	Totaal
1995	99,158	84,963	80,921	79,199	76,789	72,293	68,795	67,473	61,079	50,698	41,124	34,659	817,151
1996	99,998	84,845	81,137	79,996	77,673	74,142	69,474	72,116	62,696	54,440	43,574	36,764	836,855
1997	97,854	84,892	80,608	81,191	76,894	74,368	70,967	73,261	64,892	57,070	44,586	38,940	845,523
1998	99,380	90,168	85,625	85,188	80,881	76,716	73,928	76,949	67,644	61,926	46,115	40,980	885,500
1999	87,436	92,925	88,613	88,014	83,074	78,495	74,661	79,043	69,674	63,479	49,247	40,206	894,867
2000	64,844	81,865	92,343	91,949	85,766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48,934	40,996	877,668
2001	81,790	62,960	81,832	94,302	89,254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	50,206	39,910	882,527
2002	86,969	77,026	64,134	83,022	93,188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	51,618	40,468	889,879
2003	86,916	82,454	75,931	66,033	82,383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	51,746	39,644	898,055
2004	104,105	82,130	81,489	76,781	66,060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	54,199	39,451	921,176
2005	93,515	94,231	80,695	80,809	74,984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	56,657	39,303	920,812
2006	87,650	85,972	89,828	80,443	77,811	73,106	65,347	78,926	80,595	83,529	57,536	40,198	900,941
2007	92,818	82,562	83,914	89,973	78,674	78,021	72,733	66,406	80,697	86,495	61,938	42,624	916,855
2008	91,853	83,267	79,454	85,891	87,116	78,290	76,146	71,410	72,914	79,133	63,819	43,470	912,763

Databron:
1995 – 2008: Jaarlikse Skoolopname (Openbare gewoneskole)

Figuur 1



Databron:
1995 – 2008: Jaarlikse Skoolopname (Openbare gewone skole)
StatsSA: Bevolking 2008 gebaseer op 2007 Gemeenskapsopname

Die tweede uitdaging wat die WKOD in die gesig staar, is om die onderwysvlakke van die burgers van die Wes-Kaap te verhoog. Die Wes-Kaap het die afgelope vyf jaar 'n effense verbetering in die onderwysprofiel van sy werksmag beleef. Dit is nie onverwags dat die arbeidsvlakke van jeugdiges, veral diegene jonger as 25, laer as dié van nie-jeugdiges is nie. Dit is sigbaar in 'n werksyfer van slegs 29,3% tussen 15- tot 24-jariges (en heelwat van hulle studeer gedurende 'n deel van hierdie tydperk) en 69,7% tussen 25- tot 34-jariges. Soortgelyk sou ouer individue heel waarskynlik uit die aktiewe werksmag uitgetree het en is die werksyfer van 55- tot 65 jariges dus ongeveer 'n derde (32,8%).

Daar is 'n sterk korrelasie tussen die geletterdheidsvlakke en die werkloosheidsyfer. Hoë vlakke van ongeletterdheid word in hoofsaaklik landelike gebiede gevind. Die ongeletterdheidsvlakke is veral hoog in die Sentraal-Karoo (37%), Kaapse Wynlande (28%), Eden (26%), Overberg (27%) en Weskus (29%). Sentraal-Karoo het die ongunstigste aanwysers met betrekking tot werkloosheid, ongeletterdheid en skoolinskrywingsgetalle. Volgens Sensus 2001 was die werkloosheidsyfer die hoogste (36%), die ongeletterdheidsyfer, met 37% van die bevolking bo 14 ongeletterd, was die hoogste en inskrywingsyfers (87%) was die laagste.

Onderwysvlakke en indiensneming hou nou verband met mekaar (wat nie impliseer dat onderwys werk skep nie). Meer as 70% van werkloses het nie meer as Graad 11 nie. Alhoewel hierdie persentasie in 2005 marginaal laer as vyf jaar tevore was, het die getal werklose individue met Graad 9 tot 11 onderrig dramaties in hierdie tydperk gestyg – 'n statisties-beduidende 12,6% per jaar. 'n Soortgelyke groeikoers word in die getal werklose individue met matrieksertifikate bemerk.

A.2.2 Nasionale/provinsiale beleidsuitdagings

Die departement se strategiese prioriteite, sy kernbesigheid en huidige diensleweringsplatforms moet die breër sosio-ekonomiese konteks akkommodeer en in die behoeftes van die mense wat dit bedien, voorsien. Vervolgens verg doeltreffende en betekenisvolle reaksie op ongelykheid en die lae vlakke van vertroue in die gehalte van onderwys doelgerigte aksies deur die regering en onderwysdepartemente om leerderprestasie en sukses aan te help en te verbeter. Dit is van uiterste belang dat 'n soliede basis van ondersteuning in die Algemene Onderwys- en Opleidingsband volgehou word deur middel van inisiatiewe soos die "Geen skoolgeld"-skoleprogram en die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP).

Die implementering van 'n nuwe kurrikulum sal altyd 'n uitdaging wees. Daar is genoegsame internasionale navorsing wat die mening huldig dat die implementering van die kurrikulum van 'n aantal faktore afhanklik is. Dit sluit in onderwyserkwalifikasies, leierskapasiteit in skole, oueronderseteuning en voortgesette professionele ontwikkeling om tred te hou met globalisering. Hierdie en ander elemente moet almal aangespreek en bestuur word.

Daar was spesifieke uitdagings tydens die infasering van die NKV met gepaardgaande kwessies soos die ontwikkeling van onderwyservaardighede, behoud van openbare vertroue en die hantering van die eise van 'n stelsel wat nie meer die normale onderskeid tussen hoër en standaard graad maak nie. Aangesien die vereistes vir assessering verander namate die stelsel verouder, moes onderwysers probeer tred hou met veranderende rekordhoudingstelsels en -praktyke. Befondsing vir die gewenste uitbreiding van VOO-kolleges en om by die vereistes van die bedryf by te hou, verteenwoordig 'n spesifieke uitdaging, veral gesien in die lig van die opleidingsbehoeftes van kollegepersoneel.

Veranderinge aan die kurrikulum het besteding aan die aankoop van Leer- en Onderrigmateriaal hoog gehou. Die onbevredigende vlakke van basiese geletterdheid en gesyferdheid het ook gelei tot groter besteding aan die aankoop van leesmateriaal, gesyferdheidspakke en ander items om bronne op te bou. Lae vlakke van gesinsgeletterdheid en/of formele onderwys dra by tot die onvoldoende ondersteuning en ontwikkeling tuis (beide voorskool en gedurende formele onderwys). Onervare lede van Skoolbeheerliggame of lede wat nie genoegsaam toegerus is nie verteenwoordig 'n voortdurende uitdaging.

As gevolg van die apartheidsdemografie, is toegang tot skole van keuse 'n kwessie onder die opwaarts mobiele generasie wat plek soek in skole wat buite hul woongebiede val. Die beleidskwessies wat ontstaan wanneer 'n skool 'vol' is en die hoë reiskoste vir leerders is almal uitvloeisels van hierdie uitdaging. Nog 'n uitvloeisel hiervan is skole in beboude gebiede wat teen hoë koste gehuur word terwyl skole op provinsiale eiendom in die nabye omgewing nie optimaal benut word nie.

'n Verskeidenheid van faktore – onder andere ekonomiese druk om geld te begin verdien – dra by tot die hoë afvalligheidsyfer (leerders wat nie formele onderwys voltooi nie). Beperkte vakkeuses beïnvloed steeds toegang van leerders in benadeelde gemeenskappe. Voorsiening van genoeg Vaardigheidskole, of gespesialiseerde onderwysklasse, asook van volwassene-onderwys bly steeds, net soos die verskaffing van onderwys in die taal van keuse, 'n uitdaging.

Die aanvang van geenskoolgeldskole het ook sy eie stel uitdagings meegebring: a) skole het ondersteuning nodig om te voorkom dat hulle al hul fondse te vroeg gebruik (sistematies beheer deur twee betaalpaaiemente) b) die verlies aan skoolgeld-inkomste in hierdie skole c) skole wat graag laer geklassifiseer wil word om sodoende vir ondersteuning te kwalifiseer. Hier ontstaan daar vrae rondom die kwintiele waarin skole ingedeel is in omstandighede waar daar byvoorbeeld baie arm leerders na skole in meer gegoede buurte aangery word, en waar die skool dan aansoek doen om die Geen skoolgeld-beleid toe te pas op grond van die huislike omstandighede in die leerders se gesinne.

A.2.3 Organisatoriese uitdagings

Die WKOD wat die grootste werkverskaffer in die Wes-Kaap Provinsiale Regering is, bestaan uit die Provinsiale Ministerie, met die Lid van die Uitvoerende Komitee belas met Onderwys (LUK) aan die hoof, 'n provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinrigtings, insluitend openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, volwassene-gemeenskapsleersentra en VKO-persele.

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders **	945,864
Openbare gewone skole *	1 452
Skole vir leerders met spesiale behoeftes #	72
Verdere onderwys- en opleidinginrigtings (tegniese kolleges)	6 (39 persele)
Volwassene-gemeenskapleersentra	112 (301 persele)
Gesubsidieerde preprimêre skole	446
Distrikskantore	8
Opvoeders	31 619
Openbare dienspersoneel (goedgekeurde inrigting)	8 971

**2008: Jaarlikse Skoolopname (Graad Pre-Gr. R tot Post-matriek)
* Inrigtings tans (Alle openbare gewone skole, Graad Pre-Gr. R tot Post-matriek).
In Oktober 2008, is die totaal met 3 verhoog, wat die totaal op 1 455 skole gebring het
Bron: 2009 Kontrolelys 7 Februarie 2009

Organisatoriese herontwerp

Die departement ondergaan tans 'n reuse organisatoriese herontwerp wat oor drie jaar ingefaseer sal word. Die proses gaan in 2009/10 sy derde jaar binne. Die doelwitte van die herontwerpproses is om: inrigtingkapasiteit te bou; dienslewering te verbeter; en diensgelykheid te versnel. In terme van die nuwe organisatoriese struktuur is die provinsiale hoofkantoor in vier takke onderverdeel (vantevore drie), nl. Strategie en Beplanning (nuut), Kurrikulumbestuur, Inrigtingontwikkeling en Koördinasie, asook Korporatiewe Dienste. In 'n poging om bestuur- en ontwikkelingsteun nader aan skole te bring, is daar 'n aansienlike verhoging in die aantal poste wat skole direk uit distrikskantore bedien.

A.3 Prestasies tot op datum

1) Verbetering in die Gehalte van Leer

a) Voortgesette ondersteuning vir geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole

Uitslae in diagnostiese toetse in Graad 3 en 6 toon 'n toename in die verbetering in Geletterdheidsuitslae wat geloofwaardigheid aan ons intervensies gee. Die gesyferdheidsuitslae blyk moeiliker te wees om te verander en stadige vooruitgang het aanleiding gegee daartoe dat pogings om 'n impak te maak, verdubbel word.

250 skole is geïdentifiseer om aan die eerste fase van die Geletterdheids- Gesyferdheidsintervensie (2008 – 2016) deel te neem. 125 skole is vir Geletterdheidsintervensies en 125 vir Gesyferdheidsintervensies gekies. 'n Provinsiale bekendstelling van die Grondslag vir Leer-veldtog is in November gehou en dit is deur meer as 2 000 verteenwoordigers van skole regoor die provinsie bygewoon.

b) die Verdere infasering van PGOOO wat die armste skole in nasionale kwintiele 1 en 2 in 2008/09 teiken om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, onderrig- en leer-, menslike en finansiële hulpbronne kry om gehalte leer en onderrig moontlik te maak.

Die PGOOO-intervensiestrategie in 2008/9 het gepoog om die tekortkominge en uitdagings wat deur die oudit van hulpbronne (materiaal, fisies en menslik) in 405 Nasionale Kwintiele (NK) 1 en 2, asook NK 3 "Geen fooi"-skole geïdentifiseer is, die hoof te bied. Dit het daarop gefokus om die lewering van gehalte onderwys onder opvoeders, die skep van 'n klaskameratmosfeer wat bevorderlik is vir onderrig en leer, en die verskaffing van gelyke geleenthede in die Wes-Kaap deur regstellingsprogramme te bewerkstellig. PGOOO is 'n regstellingsprogram wat deur middel van 'n gestruktureerde proses poog om basiese hulpbronne soos toerusting, verbruikersitems, onderhoud van infrastruktuur, biblioteekmateriaal en hulpbronne om die kurrikulum te ondersteun aan die armste skole te verskaf.

Alhoewel die rasionaal agter PGOOO is om ons armste skole in lyn te bring met skole wat oor behoorlike hulpbronne beskik, is die uiteindelike doelwit verbeterde gehalte van onderrig en leer.

Die sleuteldoelwitte is dus om:

1. die huidige geletterdheids- en gesyferdheidstrategieë van die WKOD te ondersteun en integreer.
2. nie die inisiatiewe van die WKOD te dupliseer of daartoe by te voeg nie, maar om eerder die bestaande onderrig-, leer- en assesseringstrategieë te verbeter en te verryk.
3. die behoeftes van skole, asook die impak van die projek te assesseer deur huidige evaluerings- en assesseringsprosesse binne die WKOD, nl. GGBS-prosesse te gebruik.
4. die impak van armoede op die voorsiening en gehalte van onderwys te herken as die primêre invloed op die ontwerp en implementering van die projek.
5. te verseker dat 'n minimum vlak van hulpbronvoorsiening vir alle skole gewaarborg word om sodoende leerderprestasie te verbeter.
6. die Nasionale Kurrikulumverklaring in die AOO- en VOO-bande te versterk.
7. klaskamerpraktyk te verbeter deur 'n gerieflike en warm klaskameromgewing te skep.
8. letter-ryke klaskamers te verseker deur hulpbronmateriaal te verskaf wat goeie onderrig en leer sal ondersteun.
9. distrikte en skole doeltreffend te monitor en te ondersteun om kurrikulumpraktyke met hulpbronne te integreer.

c) Suksesvolle implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in Graad 12 in 2008.

Die eerste Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (NSS) is in 2008 deur 43 953 leerders by 408 eksamensentra geskryf. Die Wes-Kaap het die hoogste slaagsyfer van 78,6% behaal alhoewel daar 'n afname van 2% in die slaagsyfer was vergeleke die 80,6% wat in 2007 in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal is (Verslag 550).

'n Totaal van 14 522 (33.04%) kandidate het die NSS geslaag met toegang tot 'n B-graad, terwyl 7 182 kandidate die NSS geslaag het met toegang tot 'n Hoër Sertifikaat, en 12 851 die NSS geslaag het met toegang tot 'n Diploma. In terme van die gehalte van slaagsyfers, het daar 4 222 meer kandidate vir universiteitsvrystelling in 2008 as in 2007 gekwalifiseer. Dit lyk dus belowend vir die toekoms van die provinsie.

'n Totaal van 19 957 kandidate het in 2008 Wiskunde geskryf en 'n totaal van 13 612 kandidate het Natuurwetenskap geskryf waarvan 13 003 (65%) kandidate Wiskunde met 30%, en 9 691 (71%) van die kandidate Natuurwetenskap met 30% geslaag het. 'n Totaal van 8 031 kandidate het Wiskunde met 50% of meer geslaag en 4 351 kandidate het Natuurwetenskap met 50% of meer geslaag.

Die daling in die getal kandidate wat vir Wiskunde en Natuurwetenskap inskryf, en die prestasie van hierdie leerders is kommerwekkend. Daar moet kennis geneem word dat 24 550 kandidate met die instelling van Wiskundige Geletterdheid hierdie vak geneem het en dat 91,27% van die kandidate Wiskundige Geletterdheid met 30% geslaag het en dat 7 377 kandidate met 40% geslaag het.

Figuur 2



Bron: Programbestuurder

Uit bogenoemde grafiek kan gesien word dat die getalle wat Natuurwetenskap neem baie minder is as die getalle wat Wiskunde neem. Die slaagsyfer van Natuurwetenskap is ook laer as dié van Wiskunde. Hierdie gebied het baie aandag nodig.

d) Versterk die nasionale Leerderbereikingstrategie (NLBS) om die aantal skole wat minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal te verminder.

Indien 'n mens die 2008-uitslae van die 54 openbare skole wat in 2007 onderpresteer het, ontleed, kan mens sien dat:

- 23 van die 56 (54 Openbare) skole hul slaagsyfer bo 60% verbeter het.
- 30 van die 56 (Openbare) skole hul uitslae met wisselende grade van sukses verbeter het.
- 24 skole 'n verlaging in hul eindresultaat vergeleke 2007 getoon het.

WKOD-beamptes bied intensiewe ondersteuning aan die 54 openbare skole. 'n Reeks intervensies wat gebaseer is op die behoeftes van die skool, asook inisiatiewe wat provinsiaal gekoördineer word, vorm die basis van die strategie. Die WKOD-strategie het in 2008 op drie kernareas gefokus, nl. Bestuur en Leierskap, Onderrig en Leer en Netwerke en Vennootskappe.

Dit is duidelik dat sekere skole in en uit die program beweeg. Die WKOD het dit wat in die laaste paar jaar geleer is, ter harte geneem en gaan die nuwe Kringspanne gebruik om die NLBS na die voorgrond te bring om te verseker dat alle skole wat onder druk is, ondersteun en versterk word.

e) Die voortgesette professionele ontwikkeling van skoolhoofde en onderwysers (Gevorderde Onderwyssertifikaat (GOS) en Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD)), met skoolhoofde wat inskryf vir 'n twee jaar GOS, en onderwysers wat vir 'n verskeidenheid van kursusse inskryf.

Die WKOD het 289 skoolhoofde, onderhoofde en Departementshoofde by drie Inrigtings vir Hoëronderwys in die provinsie vir die GOS vir Skoolleierskap ingeskryf. Die WKOD het tans 396 eerste- en tweedejaar NPOD-studente wat by twee HOI's ingeskryf is. Dan is daar ook nog ongeveer 520 opvoeders wat vir 'n verskeidenheid van GOS-programme ingeskryf is.

f) Die uitrol van nog 200 rekenaarfasiliteite as deel van die Khanya Tegnologie in Onderwys-projek

In totaal het 813 skole tegnologiese fasiliteite, hoofsaaklik rekenaarlaboratoriums, ontvang wat uit tussen 25 en 40 rekenaars (LAN-netwerk en aan die Internet gekoppel) bestaan. 'n Verdere 179 skole se infrastruktuur word tans voorberei. Daar is ook 32 011 PR'e in hierdie skole ontplooi. 19 750 opvoeders het basiese rekenaaropleiding ontvang. Ongeveer 663 852 leerders trek op 'n daaglikse basis voordeel uit die gebruik van hierdie tegnologie. Die besteding vir 2007/2008 was R84 miljoen. R93 miljoen is vir 2008/2009 begroot. Die program duur soos beplan voort.

g) Die implementering van 'n voorloper-sakebestuurkursus in 2008.

Die program is deur die ETDP-SETA goedgekeur en die voorloper het in Augustus 2008 begin. Dit is geskeduleer om tot November 2009 te loop.

h) Alle skole moet skoolverbeteringsplanne (SVP) ontwikkel en teikens stel wat sal dien as basis vir die ondersteuning wat deur die distrikpersoneel gebied word, asook vir die heelskool-evaluerings (HSE) van ten minste 30 skole per jaar.

Alle skole het skoolverbeteringsplanne met teikens vir 2008 gehad. Alle sekondêre skole het teikens vir leerderprestasie in Graad 12 gestel. Die SVP's van 2009 is voorafgegaan deur spesiale opleiding aan SBS'e en Distrikpersoneel oor hoe om realistiese teikens te bepaal. 56 skole, waarvan 31 PGOOO skole is, se evaluering sal teen die einde van die jaar voltooi wees.

i) Die ontwikkeling van onderwysers (voortdurende en versnelde onderwyserontwikkeling) – om te verseker dat hulle die maksimum impak het en aanspreeklik gehou word in terme van die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS).

Implementering van die prestasiemeting van onderwysers vind by alle skole in die provinsie plaas.

k) Die finale fase van die herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges, met die fokus op die uitbreiding van die Weskus Kollege se fasiliteite, om te verseker dat vaardigheidsontwikkeling in lyn is met die MEOS en nasionale behoeftes, soos in die nasionale menslike hulpbron-ontwikkelingstrategie uiteengesit is.

Dosente en bestuurders is opgelei in die Nasionale Sertifikaat (Ambags)-verwante sake; administratiewe personeel is in BIS-administrasie opgelei. Van die stelsels is opgegradeer. Ingenieurswerkwinkels, kombuise, klaskamers en rekenaarwerkstasies is opgegradeer. Nuwe klaskamers en werkswinkels is gebou. Werkswinkels en geboue is nuut toegerus. 12 NK(A)-programme is regoor die provinsie geïmplementeer en uitstaande boeke is verkry. Die Vredendal-kampus van die Weskus Kollege is voltooi en die konstruksie van die Vredenburg-kampus verloop volgens plan. Hierdie kampus word in fases gebou en vooruitgang is afhanklik van beskikbare fondse. Die twee nuwe Sentrums vir Uitnemendheid (nl. Bootbou in Valsbaai en Kreatiewe Kunste en IKT in Kaapstad – wat begin is as deel van die WKOD se bydrae tot 'n Geïntegreerde Kreatiewe Kunste-inisiatief vir die provinsie – vorder goed.

l) Die uitbreiding van deelnemingsyfers in Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie deur voortgesette bekendstelling van Fokus-skole en die verhoging in die getal Dinaledi-skole, asook die verbetering van slaagsyfers in Wiskunde en Natuurwetenskap in Graad 12.

Inskrywings van histories-benadeelde leerders in Wiskunde en Natuurwetenskap in Dinaledi-skole het in die afgelope vyf jaar verdubbel, veral onder swart manlike en vroulike leerders wat hierdie vakke neem. Verhoogde inskrywing is 'n voorgesette fokus. Die getal Dinaledi-skole het na 48 verhoog, en dan is daar ook nog 8 Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT) Fokus-skole.

Die provinsie se teiken van 8 000 hoëvlak-slaagsyfers vir Wiskunde is in 2008 oortref wat bygedra het tot die bereiking van die nasionale teiken van 50 000 diesulke slaagsyfers in die 2008 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Dinaledi- en WWT-skole beslaan 1 398 (17,4 %) van die provinsiale teiken vir hoëvlak Wiskunde-slaagsyfers van 50% en hoër. 761 (17,5%) van die leerders het sulke hoë vlak slaagsyfers van 50% en meer in Natuurwetenskap behaal.

m) Verhoogde toegang tot BOOV deur gestruktureerde Vlak 1 en 2 kurrikulumaanbieding in sentra.

'n Aantal intervensies deur die nuut gevestigde kurrikulum-subdirektoraat het plaasgevind. Lesplanne is ontwikkel, terwyl opleiding aan alle disktrikskurrikulumadviseurs verskaf is. Perseel-gebaseerde Assesseringstake is in Afrikaans vertaal en aan alle distrikte beskikbaar gestel. Hersiene Eenheidstandaarde is ook in Afrikaans vertaal en aan alle GLS'e versprei.

2) Verbeteringe aan stelsels en ondersteuning

a) Die tweede fase van die implementering van die mikrostruktuur van die herontwerpte WKOD

Aanbevelings word op 'n deurlopende en toenemende grondslag gedoen en 'n bykomende distrikskantoor is in die Overberg oopgemaak.

b) Die verdere ontwikkeling van sleutel- provinsiale beleide en strategieë, soos uitgewys sal word deur 'n oudit van die beleid wat deur die nuut-gevormde Direktoraat van Beleidskoördinasie uitgevoer sal word.

Fase 1 van die beleidsoudit sal teen die einde van die 2008/9 finansiële jaar voltooi wees.

d) Verseker dat die leerderopsporingstelsel doeltreffend werk en begin om die Verdere Onderwys- en Opleidingbestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges te implementeer.

Die leerderopsporingstelsel is operasioneel en word onderhou. Bestuursbesluite soos die toekenning van Norme en Standaarde-befondsing, en Posverskaffing, word gebaseer op inligting wat uit die leerderopsporingstelsel (SOBIS) verkry word. Die nasionale skooladministrasiebestuurstelsel (SA-SABS) word op die web geaktiveer om sodoende met die leerderopsporingstelsel te kan integreer. Die GSABS behoort teen die einde van 2009 geloods te word. SA-SABS sal by 100 skole geloods word.

VOOBIS: Die WKOD is tans besig om 'n gemene VOO-stelsel in samewerking met die DvO te kry.

e) Verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede om uiteindelik na 'n Vlak 4 ouditeerbare organisasie te beweeg.

Die WKOD het in 2008 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang.

f) Voortgesette versterking en verbetering van skoolveiligheid, met 'n fokus op verbeterde fisiese veiligheidsfasiliteite vir risiko-skole om 'n veilige onderwysomgewing te verseker.

Dit is belangrik om te noem dat die suksesvolle installering van GBTV-moniteringstelsels by 60 skole in die provinsie plaasgevind het. 'n Beperkte aantal van hierdie skole word sentraal gemonitor. 'n Verdere versterking sal die vestiging van 'n moniteringstelsel vir al 60 skole wees. Deurlopende veiligheidsverbeteringe vind by skole plaas soos die behoefte ontstaan. Dit sluit alarmstelsels, diefwering en omheinings in.

g) Voortgesette uitbreiding van maatskaplike netwerke in onderwys deur, onder andere, die afgetrede onderwysersvereniging wat in wording is, ondersteuning aan skole om Oudleerderverenigings te vestig, die portuuronderwysinisiatief, en die verskaffing van forums aan skoolbeheerliggame (SBL'e). Opleiding en ondersteuning aan SBL'e en VLR'e sal volgehou word om sodoende oorhoofse verbeterde deelname en leierskap te verseker in reaksie op verskeie ontwikkelingsuitdagings wat deur skoolgemeenskappe in die gesig gestaar word.

'n Provinsiale VLR-konferensie is in Julie 2008 gehou. Die maatskaplike netwerk-inisiatief word in 27 Prioriteitsgebiede van die Maatskaplike Transformasieplan uitgerol. Daar is ongeveer 6 500 portuuropvoeders in 145 sekondêre skole aktief besig wat bydra tot die ontwikkeling van 'n maatskaplike kapitaalnetwerk, wat kwessies soos seksuele gedrag en middelmisbruik in hul portuurgroep hanteer en hulle help om gesonde lewenstylkeuses te maak.

h) Ontwikkeling van Sorg- en ondersteuningstrategieë vir kwesbare kinders

Alle WKOD-skole word aangemoedig om sorg- en ondersteuningspunte vir kwesbare kinders (SNSV) – 'n konsep wat sinoniem is met Sorgskole, Gemeenskapskole en Gesondheidsbevorderende Skole – te vestig. Die opleiding van skoolbeheerliggame word in vennootskap met gemeenskapsgebaseerde organisasies en suster-regeringsdepartemente uitgerol. Dit fokus aanvanklik op die mees agtergeblewe skoolgemeenskappe en die STP-27-gebiede. Opleiding van opvoeders sal volg. Dienskampe wat deur middel van die SNSV-inisiatief in vennootskap met NRO's geïnisieer is, is ontwerp om toegang tot armoedeverligting via maatskaplike toelae soos die Kindersorgtoelaag te verbeter, en is nou een van die hoofkenmerke van die provinsiale regering se Maatskaplike Transformasie-program. Die Departement van die Premier, wat nou die program lei, gaan, in samewerking met plaaslik-georganiseerde, verteenwoordigende burgerlike verenigings (intermediêre strukture), 30 kampe wat op kinders en jeugdiges fokus en wat na verwagting meer as 100 000 mense gaan bereik, regdeur al drie die regeringsvlakke implementeer.

A.4 Die pad vorentoe

A.4.1. Voorskoolse dienste

Pre-Graad R

Pre-Graad R word tans deur provinsiale departemente van Gesondheid en Maatskaplike ontwikkeling, asook plaaslike regering, by verskillende persele verskaf. 'n Geïntegreerde leweringstrategie is ontwikkel. Die WKOD help met die opleiding van versorgers en praktisyns, asook die ontwikkeling van 'n gepaste kurrikulum. Ter ondersteuning van die UOWP, en om te verseker dat gehalte onderwys aan die 0 tot 4½ jaar oue ouderdomsgroep verskaf word, befonds die WKOD Leerderskappe vir versorgers en VKO-praktisyns. Die gepaste opleiding word deur geakkrediteerde opleidingsverskaffers aangebied.

Graad R in gemeenskapspersele

Die NKV sluit een jaar van onderwys voor die aanvang van Graad 1 in. Dit is Graad R wat poog om 5/6-jariges met die nodige voorgeletterdheids- en gesyferdheidsvaardighede, asook lewensvaardighede, toe te rus om hulle te help om suksesvol met formele onderwys om te gaan. Alhoewel Graad R tans nie as verpligtend beskou word nie, is dit 'n integrale deel van die Grondslagfase van die NKV. Die WKOD mik daarna om teen 2010 of so gou moontlik daarna universele toegang vir die meeste 5/6-jariges tot Graad R te kan verskaf. Om hierdie doelwit te kan bereik, moet die departement jaarliks befondsing vir 'n bykomende 3 000 Graad R-leerders verskaf. Ongeveer 46% van die Graad R-kohort word by diesulke inrigtings geakkommodeer. Die opleiding van praktisyns en versorgers word deur middel van die leerderskapmodel verskaf. Bestuurskomitees sal ook opgelei word. Alle geregistreerde gemeenskapspersele sal voortgaan om die gepaste steun te ontvang. Volgens nasionale vereistes moet alle gemeenskapspersele in die provinsie as onafhanklike skole registreer.

A.4.2 Skole

Graad R in Openbare gewone skole

Die WKOD sal fondse verskaf vir bykomende Graad R-leerders en vir die voortgesette opleiding van praktisyns deur middel van die Leerderskapmodel tot op 'n vlak waar gehalte onderwys verseker kan word. Pakke wat bestaan uit toerusting vir binnens- en buitenshuise leer sal steeds aan uitgesoekte openbare primêre skole deur die Wes-Kaap verskaf word. Elke Graad R-praktisyn by so 'n skool sal opleiding in die gebruik van die toerusting ontvang. Hulpbronne sal op 'n behoefte-gedrewe grondslag toegeken word. 24 Model Graad R-klasse by openbare primêre skole sal regdeur die Wes-Kaap onderhou word. Hierdie persele sal gebruik word om beste praktyk te demonstreer en ook vir indiensopleiding van alle Graad R-praktisyns en Grondslag Fase-onderwysers in hul afsonderlike gemeenskappe gebruik word. Nuwe leerders sal in Graad R-klasse ingefaseer word wat vir openbare gewone skole beplan word en sodoende die aantal klasse in die formele sektor verhoog. Die WKOD sal ook die VKO-verrykingsentrum ondersteun om indiensopleiding te steun. Alle geregistreerde Graad R-klasse by openbare gewone skole sal voortgaan om gepaste steun te ontvang.

Om universele toegang tot Graad R te bereik, sal die WKOD fondse vir 'n bykomende 3 000 Graad R-leerders per jaar in openbare skole moet bewillig. Ongeveer 54% van die Graad R-kohort word tans in diesulke klasse geakkommodeer.

2. Graad 1 – 12

Data uit die 2001 Sensus en die WKOD SOBIS wys dat daar baie hoë inskrywingsvlakke in die ouderdomsgroep 6 – 15 is. Die ouderdom-graad-ooreenkoms in die Wes-Kaap is ook baie hoog.

Programme om die volgende te ondersteun sal voortgesit en uitgebrei word in lyn met die planne om leergeleenthede en uitkomste vir onderwysers en distrikte te verbeter: die verbetering en aanpassing van onderwyservaardighede m.b.t. die nuwe inhoud en onderwysmetodologieë vir die Nasionale Kurrikulumverklaring; voorafbewustheid van Wêreldbeker 2010 in alle grade; verskansing en konsolidering van die Geletterdheids- en Gesyferdheidstrategie; werkswinkels vir AOO- en VOO-onderwysers om beplanning en klaskamerstrategieë te versterk; integrasie van IKT in die kurrikulum; professionele ontwikkeling van relevante

kundigheid by kurrikulumbeplanners/-adviseurs om steun aan onderwysers te bied; werkswinkels en besoeke om skoolhoofde met bestuur te help, lei en ondersteun, veral in Fokus-skole en skole wat binne die STP-27-gebiede val; pasaangeërs vir Graad 10 – 12; standaardvaslegging vir alle grade.

Spesiale Skole

Spesiale onderwysdienste word gerasionaliseer om sodoende die behoeftes van die WKOD te akkommodeer en optimale gebruik van beskikbare hulpbronne te verseker. Huidige toegang tot gespesialiseerde onderwyssteundienste kan slegs aan ongeveer 70% van die behoeftiges verskaf word. Die grootste behoefte is in die "Vaardigheidskole"-sektor. Huidige voorsiening in die spesiale skool-sektor is onvoldoende om aan die groeiende behoeftes van leerders, veral in landelike gebiede, te voldoen. Die tekort aan gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir leerders manifesteer in ernstige emosionele, gedrags- en sielkundige struikelblokke tot leer en vereis dringende aandag deur verskeie belanghebbendes. Die WKOD onderhandel in hierdie verband met die Departement van Gesondheid. Verdere onderhandelings word deur finansiële beperkings in albei departemente gekortwiek.

Kurrikulumsteun is in spesiale skole as die sleutelarea wat versterking nodig het, geïdentifiseer. Die fokus sal steeds wees om alle spesiale skole te versterk om hulle in staat te stel om as hulpbronsentra te funksioneer wat ondersteuning aan hoofstroomskole verskaf. Die WKOD-direktoraat: Gespesialiseerde Onderwyssteun het vir hierdie doel fondse van die Nasionale Departement van Onderwys ontvang.

A.4.3 VOO-kolleges

Hierdie sektor is van uiterste belang vir ontwikkelingsplanne, veral omdat dit ontwerp is om groter toegang aan studente (deur middel van die ontwikkeling van gepaste kursusse en die beskikbaarheid van finansiële steun) te verskaf. Die sektor het alreeds sy strategiese ontwikkelingsplanne ingedien, kursusse geherstruktureer, en nuwe kursus-curricula beskikbaar gestel wat hoofsaaklike gebaseer is op die navorsing wat vir die MEOS gedoen is. Die herkapitaliseringsfondse van die DvO het ook gehelp om die kolleges meer reaktief op die ontwikkelingsbehoeftes van die provinsie, asook die ekonomie te maak. Deur nou saam met die SETA's te werk, kan kolleges die leierskapteikens wat op nasionale vlak deur die Departement van Arbeid daargestel is, bereik. 'n Wesenlike aspek van die ontwikkeling van hierdie sektor is die vestiging van 'n VOO-kollege-inligtingstelsel wat die departement in staat sal stel om die beweging en doeltreffendheid van hierdie stelsels akkuraat te monitor.

Met 'n toereikende begroting is kolleges in 'n uitstekende posisie (gegewe die opgegradeerde hulpbronne) om die vaardigheidsgaping van die Provinsie, asook gapings in die strategiese nasionale prioriteite te oorbrug. Die klem sal egter in die volgende paar jaar op die verdere ontwikkeling van personeel, die vind van fondse, die opbou van studentegetalle, kapitale belegging en onderhoud val. In Beroeps- en Arbeidsonderwys en -opleiding verouder toerusting en fasiliteite vinnig as gevolg van tegnologiese vooruitgang. Werkplekgereedheid impliseer dat studente met die heel nuutste tegnologieë bekend sal wees.

A.4.4 Volwassene-onderwys en -opleiding

BVOO-lewering, insluitend kurrikulumlewering, beheer en bestuur, moet in lyn met die vereistes van provinsiale en nasionale inisiatiewe wees, soos bv. die MKOS en die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP). Daar word jaarliks vir 2 500 leerders voorsiening gemaak wat sal voordeel trek uit vaardigheids-gefokusde curricula op BOOV Vlakke 1 – 4 en verdere onderwys – wat weer eens die belangrikheid van lewenslange leer onderstreep.

Verbeterde toegang tot BOOV word verseker deur gestruktureerde Vlak 1, 2 en 3 module-gedrewe kurrikulumaanbieding in sentra en geteikende bou van kapasiteit- en opleidingsintervensies vir sentrumbeheer en -bestuur. Daar sal spesiale aandag aan die keusevakke van BOOV Vlak 4 gegee word, m.a.w. Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie.

Die kwalifikasies van ongekwalifiseerde of onder-gekwalifiseerde opvoeders sal deur middel van Leerderskappe in samewerking met die OOOP SETA opgeskerp word. Die BOOV-sektor word getransformeer om te verseker dat dit programme verskaf wat diegene tot voordeel sal strek wat vantevore uit die onderwysstelsel uitgesluit is. Die sektor en programme wat aangebied word, is vereenvoudig en die Gemeenskapsleersentra (GLS'e) word meer toeganklik gemaak vir diegene wat uit formele basiese onderwys uitgesluit is.

Die retensie- en slaagsyfer in beide basiese en verdere onderwys by volwassene-sentra sal verbeter word deur meer gepaste programme aan te bied, verbeterde beheer en bestuur, en met behulp van verbeterde leweringsmeganismes. Meer leerders sal deur verbeterde bemarking, met gebruik van 'n verskeidenheid media, in gemeenskappe gewerf word. Dit sal die belangrikheid en voordele van Volwassene-onderwys belig en daarop gemik wees om die negatiewe konnotasies en stigmas wat aan ongeletterdheid kleef, af te breek.

Geakkrediteerde vaardigheidsprogramme met 'n fokus op indiensopleiding, die werkloses, vroue en landelike gebiede sal die hoeksteen van kurrikulumlewering in BOOV-sentra in 2009 – 2012 wees. Sulke programme fokus op sleutelindustrieë in die Wes-Kaap soos Toerisme, Konstruksie, Vervaardiging en Groothandel. Programme sal in samewerking met die SETA's en die Departement van Arbeid aangebied word.

Bestaande vennootskappe met 8 provinsiale departemente sal volgehou word en nuwe vennootskappe sal met ander provinsiale departemente en die industrie gesmee word. Geteikende opleiding vir sentrumbestuur, beheerliggame en opvoeders is 'n prioriteit om te verseker dat GLS'e op die uitdagings van die getransformeerde BOOV-sektor kan reageer.

DEEL B: SEKTOR-, PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

Deel B van hierdie Jaarlikse Prestasieplan verskaf planne en teikens vir die MTBR-tydperk 2009/10 tot 2011/12 vir die provinsiale onderwyssektor as 'n geheel, asook in terme van individuele begrotingsprogramme en subprogramme. Sodoende verskaf hierdie dokument ook heelwat ontleding van vorige tendense en uitdagings, wat die planne en teikens wat hier gedek word, gevorm het.

Afdeling B.0 handel oor die provinsiale onderwyssektor as 'n geheel, Afdelings B.1 tot B.8 handel oor die agt standaard begrotingsprogramme waarin provinsiale onderwysdienste geklassifiseer word, en Afdeling B.9 handel oor kapitaalbeleggingsplanne.

Daar is deurgaans 'n aantal statistiektabelle en prestasiemaatreëls wat gebruik word om die ontleding en die planne te struktureer.

- Die kern statistiektabelle dek beide finansiële en nie-finansiële data en is vir al nege provinsies gestandaardiseer.

- Die prestasiemaatreëls is aanwysers met een waarde vir elke jaar, waar die waarde toon hoe goed die dienslewering die afgelope paar jaar verbeter het, of hoe goed die dienslewering na verwagting in die volgende paar jaar gaan verbeter, na aanleiding van die doelwitte van die Regering. Daar is 'n onderskeid tussen kern- en provinsie-spesifieke prestasiemaatreëls. Die kernprestasiemaatreëls word nasionaal bepaal, en begin met die letters 'PM' terwyl provinsie-spesifieke maatreëls deur die provinsie bygevoeg word en met die letters 'PPM' begin.

Bylaag A lys die 47 kernprestasiemaatreëls (PM's) waarop daar nasionaal ooreengekom is. Die nommer, kort en lang beskrywing van elke prestasiemaatreël word verskaf.

B.0 Die provinsiale onderwyssektor

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat verband hou met die provinsiale onderwyssektor, en die gepaardgaande prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om te verseker dat die bevolking van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie skool bywoon	► PM001: Persentasie van die bevolking ouderdom 6 tot 15 wat skool bywoon
	▲ Om onderwys progressief beskikbaar te stel aan jeugdiges en volwassenes bo verpligte skoolgaande ouderdom	► PM002: Persentasie van die bevolking van 16 tot 18 jaar wat onderwysinrigtings bywoon
Gelykheid	▲ Om te verseker dat die armes in die algemeen voordeel trek waar dit by openbare verskaffing van onderwys kom	► PM003: Openbare nie-personeel besteding op die armste 20% van leerders in Kwintiel 1-skole as 'n persentasie van openbare nie-personeel besteding op die armste 20% van leerders in Kwintiel 5-skole
Doeltreffendheid	▲ Om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomste gemaksimaliseer is in terme van toegang en gehalte gegewe die beskikbare onderwysbegrotings	► PM004: Persentasie volwassenes wat Graad 9 voltooi het
Uitset	▲ Om te verseker dat die uitset van afgestudeerdes uit die onderwysstelsel in lyn is met die maatskaplike en ekonomiese behoeftes	► PM005: Persentasie volwassenes wat Graad 12 voltooi het
Gehalte	▲ Om 'n gemeenskap te bou wat geletterd is	► PM006: Volwassene-geletterdsheidsyfer ► PM007: Aantal deelnemers aan die Kha Ri Gude-geletterdheidsveldtog/-program ► PM008: Aantal deelnemers aan die Provinsiale geletterdheidsveldtog/-program (uitsluitend Kha Ri Gude)

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Dit is reeds in Deel A hierbo uiteengesit en sal nie hier herhaal word nie.

Ontleding van vooruitgang

Neigings

Die besteding op onderwys in die provinsie het in nominale terme sedert 2005/6 gemiddeld met 12,5% per jaar gegroei. Onderwys ontvang die grootste deel van die provinsiale begroting, en sy deel het van 35,1% vir 2008/09 tot 37,5% vir 2009/10 gegroei.

Die getal en die kategorie van leerders is die belangrikste kostedrywers in die toekenning van die onderwysdepartement se begroting. Leerders val in ses breë befondsingskategorieë: Graad R, primêre skole, sekondêre skole, leerders met spesiale behoeftes (LSOB), VOO-kolleges se leerders en leerders aan volwassene-sentra.

Behalwe in die geval van Graad R by gemeenskapspersele en volwassene-leersentra, bestaan die befondsing van onderwysinrigtings hoofsaaklik uit die toewysing van personeel en die toewysing van norme en standaarde-befondsing. Graad R by gemeenskapspersele en volwassene-leersentra ontvang 'norme en standaarde'-befondsingsbetalings wat ook gebruik word om onderwys- en administratiewe personeel te betaal.

Toegang

Daar is die afgelope vyf jaar feitlik universele inskrywing in Graad 1 in die Wes-Kaap en universele deelname word in die laerskool volgehou. Met ander woorde, die oorgrote meerderheid van Wes-Kaapse kinders tussen die ouderdomme van 7 en 14 is in die onderwysstelsel ingeskryf op min of meer die gepaste graadvlak. Daar is egter 'n dramatiese afname in inskrywings na Graad 10.

Skole se inskrywings vir Graad 12 toon 'n effense styging in 2008 waar die grootste getal leerders sedert 1994 (43 470) ingeskryf het – dit is 846 meer as in 2007. Soortgelyk was daar 1 881 meer leerders in Graad 11 (63 819 vergeleke met 61 938 in 2007). Die uitdaging is om soveel as moontlik van hulle in die stelsel te hou. Daar is 'n oorhoofse verbetering van die ongeveer een derde van leerders wat in Graad 1 inskryf en tot Graad 12 vorder (in 1994) tot 'n syfer nader aan die helfte in 2008. Wanneer die beoogde VOOBIS-stelsel eers geaktiveer is, sal daar meer betroubare data oor leerders wat toegang tot VOO-kolleges gekies het, beskikbaar wees. Ongemonitorde data toon dat daar belowende bewyse na vore kom: in 2004 was daar 4 444 kollegestudente wat hulle volle kwalifikasies voltooi het; in 2007 was die syfer 22 661; studente wat vir die VOO kollege-gebaseerde leerderskappe ingeskryf het, het van 648 in 2004 tot 4 525 in 2008 gestyg; getalle van nuwe industrie-verwante programme het van 13 tot 24 gegroei. Studentegetalle van diegene wat afstudeer in kort kursusse het van 965 tot 10 062 gegroei.

Gelykheid

Verreweg die grootste deel van die begroting word aan primêre en sekondêre skoolstelsels, insluitend skole vir LSOB, toegewys. In die skoolstelsel word personeel gelykerwys toegewys in terme van posverskaffingsnorme volgens aangetekende leerdergetalle, gemeenskapsarmoede op die ranglys en vakke wat aangebied word. Norme en standaarde-befondsing word volgens nasionale armoede-kwintiele toegewys en die armste kwintiel ontvang tot ses maal meer as die mees gegoede kwintiel.

Onvoorwaardelike en ongeoormerkte nie-personeelbesteding verteenwoordig 15,7% van totale besteding vir die 2009/10 finansiële jaar. Nie-personeelbesteding sluit geld vir norme en standaarde-befondsing vir openbare gewone primêre en sekondêre skole en leerdervervoerskemas in, asook vir oordragbetalings na onafhanklike skole, openbare spesiale skole, VOO-kolleges, BOOV-sentra en Graad R in Openbare Primêre skole, Pre-primêre skole en onafhanklike VKO-persele.

Kapitaalbesteding het van 4,6% van die besteding in 2005/06 afgeneem tot 2,4% van die beraamde besteding vir 2009/10. Dit sluit hoofsaaklik voorsiening vir infrastruktuurprojekte, asook rekenaars en toerusting vir die Khanya-projek in. Die rede vir die afname is as gevolg van die befondsing wat beskikbaar gestel is vir die versnelde kapitale infrastruktuur-leweringsprogram, wat in die 2005/06 en 2006/07 finansiële jare deur die Batefinansieringsreserwe (BFR) beskikbaar gestel is en wat uit die departement se begroting in toekomstige jare, beginnende 2007/08, verhaal sal word.

Program 2: Gewone openbare skool-onderwys sal voortgaan om die belangrikste fokus van die departement se befondsing te wees. 81,1% van die begroting vir 2009/10 is aan hierdie Program toegewys. Die belangrikste dienste wat onder hierdie Program val, is primêre en hoërskoolonderwys by openbare gewone skole (insluitend infrastruktuur), die distrikskantoorbestuur en ontwikkelingsteun vir onderwysinrigtings, menslike hulpbron-ontwikkeling vir instelling-gebaseerde personeel, asook die Nasionale Skoolvoedingsprogram se voorwaardelike toelaag. 54,9% van die Program se begroting is aan primêre skole toegeken en 38,4 % daarvan aan sekondêre skole.

Programme wat aansienlik sedert 2005/06 tot 2009/10 gevorder het, is: Program 7: vroeëkindontwikkeling waar bykomende hulpbronne verskaf is om deelname aan Graad R te bevorder, asook vir die UOWP om te voorsien in die opleiding van VKO-praktisyns by VKO-persele en ook om hulpbronpakke aan hierdie persele te verskaf; Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding waar fondse verskaf is om te voorsien in die herkapitalisering van VOO-kolleges.

Die eerste vyfjaar van die WKOD se Diensbillikheidsprogram het tot 31 Desember 2007 geduur. Ten spyte van verskeie struikelblokke, het die DB-plan goeie vooruitgang gemaak en het die verteenwoordigende DB-forum hul oorsigverantwoordelikheid volgehou. Die WKOD het aan al die doelwitte en regulasies van die Wet op

Diensbillikheid (No. 58 van 1998) voldoen en soos vereis, die BD-jaarverslag by die Departement van Arbeid ingedien. Die WKOD het ook beleidsriglyne uitgereik wat onder andere beste praktyk en vooruitgang rakende Diensbillikheidsdoelwitte op onderwysinrigtingsvlak uitgewys het. Dit het 'n merkwaardige vooruitgang tot gevolg gehad veral wat vroulike verteenwoordiging in skoolbestuurspanne betref.

Daar is oor die volgende Vyfjaarplan vir DB beraadslaag en dit is in Januarie 2008 geïmplementeer. Die eerste rondte van aanstellings in die herontwerp het 'n gewysigde SBP-gelykheidsprofiel meegebring en kwessies oor gelykheid sal voortgaan om aanstellings in die herontwerp te vorm.

Die beleid oor 'Geen skoolgeld'-skole is gedurende 2006 geïmplementeer toe 419 van die armste primêre skole 'Geen skoolgeld'-status gekry het en sodoende die las van skoolfooie van ongeveer 150 000 leerders (15,1%) verlig het. 'n Verdere 232 skole (beide primêre en sekondêre skole) het in Januarie 2007 'Geen skoolgeld-status' gekry wat die totale getal 'Geen skoolgeld'-skole in die Wes-Kaap op 651 te staan bring wat ongeveer 346 139 leerders oftewel 37,6% van alle leerders akkommodeer.

'n Progressiewe styging in die getal onderwysposte het grootliks bygedra om die leerder-onderwyser-verhouding te verbeter – iets wat noodsaaklik is vir gehalte onderrig. Aan die begin van die 2008-kalenderjaar was daar 31 619 goedgekeurde onderwysposte. In 2009 is die bykomende mandjie met nog 305 poste uitgebrei – 'n verhoging van 31 619 tot 31 924 (insluitend 890 poste vir VOO-kolleges).

Uitset

Die werk in skool-, VOO-kollege- en BOOV-sektore kom alles saam om die sistemiese impak van 'n reeks insette op hierdie Meetbare doelwit te kenmerk. Die deurlopende uitbreiding en diversifisering van programme wat aangebied en nagevors word, byvoorbeeld in vennootskappe, word gelei deur 'n begrip van sektorbehoeftes en word dikwels beheer deur beskikbare SETA-befondsing en Leerderskap-opsies. Die grootste lewerbare van die VOO-kollegesektor is infrastruktuurontwikkeling wat die opgradering van verskeie kampusse insluit. Die herkapitaliseringsproses skep ruimte en moontlikhede om die aanbevelings van die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie (MEOS) in aksie te omskep. Daar is 'n onlangse fokus op die uitbreiding van die Weskus Kollege se fasiliteite om te verseker dat vaardigheidsontwikkeling in lyn is met die MEOS en nasionale behoeftes, soos uitgelig deur die nasionale menslike hulpbron-ontwikkelingstrategie.

'n Gemiddeld van 711 programme is in 2008 aan kolleges aangebied: 433 was ambagsverwante industrieë en 316 was beroepsgerig.

Gehalte

6 025 leerders het aan die *Kha Ri Gude*-veldtog in die Wes-Kaap deelgeneem. Die fokus van die WKOD verskuif na die inname van hierdie leerders by VOO-sentra op BOOV Vlak 2. Ter voorbereiding vir die invloei van hierdie leerders na sentra het die Wes-Kaap deelgeneem aan 'n nasionale proses om kurrikulummateriaal vir BOOV-vlak te ontwikkel. 'n Formatiewe Evaluering in terme van distriksteun vir BOOV is gedoen. Hierdie inisiatief, in samewerking met die Direktoraat Gehalteversekering, het beduidende aanbevelings gemaak wat die gehalte van VOO-lewering in die Wes-Kaap sal verbeter.

Ontleding van beperkings en die maatreëls om dit te oorkom

Die vermeerdering in die bevolking van die Wes-Kaap van 4,524 miljoen in 2001 tot 5,262 miljoen in die Gemeenskapsopname 2008, het ’n beduidende impak op die vraag na dienste gehad. Dit het ’n impak op die verskaffing van klaskamers, LOOM, toerusting, onderwyspersoneel en van ondersteunende beamptes gehad en het soms tot ontwrigting van onderrig gelei, veral aan die begin van die akademiese jaar en tydens die beplanning vir, en verskaffing van akkommodasie vir Graad 1.

Die direktorate in die WKOD het aan die een kant daarin geslaag om vir infrastruktuur, leerdervervoer en onderrig- en leermateriaal te ‘Beplan’, en aan die ander kant kon ‘Bedryf’ begin om voordele te bied in terme van hierdie uitdaging in die medium tot lang termyn. Hulle sal deur die Direktorate van ‘Kennisbestuur’ en ‘Navorsing’ gelei word soos hulle na die plaaslike “Onderwysvoorsieningsplanne’ beweeg wat ontwikkeling in hierdie sektor sal stabiliseer.

’n Groot deel van ontwikkeling hang af van samehorige en geartikuleerde intraregeringsamewerking. Dit is ’n gebied waar ons hulpbronne moet saamvoeg (finansieel en mense) om beter te presteer, veral aangesien die einde van die vyfjaarsiklus in sig is. Die provinsiale aksieprogramme fokus op 27 geïdentifiseerde gebiede (STP-27), skoolveiligheid, die geïntegreerde middelmisbruik-program en die geïntegreerde provinsiale MIV- en vigsstrategie en is goeie voorbeelde van gebiede waar, indien hulpbronne saamgevoeg word, dit die verbintenis tot die hoogste vlak kan neem.

Die nuut ingestelde beplanningstak tesame met die Direktorate in die Kantoor van die SG (met ’n fokus op interregeringsverhoudings) kan saamspan om die MVV diensvlakooreenkomste en grondvlakskakels op provinsiale en plaaslike regeringsvlak op die vinnige baan te plaas of te finaliseer.

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Werklike*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
INKOMSTE (R'000)							
Gelykmakende toekenning		6,559,897	7,387,687	8,778,434	9,923,979	10,868,867	11,723,906
Voorwaardelike toekennings		254,536	271,718	298,188	297,569	441,150	555,953
Skenkersfondse		0	0	0	0	0	0
Ander finansiering (Batefinansieringsreserwe)		81,633	47,000	105,000	100,800	0	
Eie inkomste		24,296	31,392	24,466	23,691	22,874	22,874
TOTAAL		6,920,362	7,737,797	9,206,088	10,346,039	11,332,891	12,302,733
BETALINGS PER PROGRAM (R'000)							
1 Administrasie		309,789	361,470	416,129	423,678	446,142	472,137
2 Openbare gewone skool-onderwys (sien verdere verdeling hieronder)		5,601,575	6,221,983	7,412,214	8,385,571	9,228,217	9,981,914
3 Subsidies aan onafhanklike skole		34,259	39,713	48,406	55,907	59,821	63,829
4 Openbare spesiale skool-onderwys		389,112	434,325	509,592	544,597	613,361	730,373
5 Verdere onderwys en opleiding		271,048	317,228	346,469	358,168	380,740	403,450
6 Basiese Volwassene-onderwys en -opleiding		23,539	25,821	27,887	30,915	32,649	34,335
7 vroeëkindontwikkeling		90,195	142,259	227,961	313,468	324,167	354,282
8 Hulp- en verwante dienste		200,845	194,998	217,430	233,735	247,794	262,413
TOTAAL		6,920,362	7,737,797	9,206,088	10,346,039	11,332,891	12,302,733
BETALINGS VIR OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS (R'000)							
2.1 Openbare primêre skole		3,119,550	3,503,102	4,187,867	4,599,235	5,046,666	5,502,654
2.2 Openbare sekondêre skole		2,245,798	2,428,511	2,818,358	3,218,364	3,544,258	3,758,594

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	5,911,951	6,667,613	7,935,210	8,754,059	9,547,625	10,359,173
Kompensasie van werknemers	5,253,453	5,904,035	7,046,663	7,719,367	8,403,460	9,087,741
Opvoeders	4,570,494	5,150,845	6,139,970	6,735,780	7,336,594	7,937,675
Nie-opvoeders	682,959	753,190	906,693	983,587	1,066,866	1,150,066
Goedere en dienste en ander huidige betalings	658,498	763,578	888,547	1,034,692	1,144,165	1,271,432
Oordragte en subsidies	773,526	917,516	1,066,938	1,341,081	1,459,264	1,580,314
Betalings vir kapitale bates	234,885	152,668	203,940	250,899	326,002	363,246
TOTAAL	6,920,362	7,737,797	9,206,088	10,346,039	11,332,891	12,302,733
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	30,377	31,401	31,600	31,581	31,696	32,368
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	8,239	9,087	8,800	8,600	8,600	8,601
INSKRYWING OP VERPLIGTE VLAK						
Leerders ouderdom 6 tot 15 in openbare gewone skole	688,753	696,927	692,183	693,000	693,000	693,000
Leerders ouderdom 6 tot 15 in openbare spesiale skole	8,344	9,012	9,208	9,200	9,300	9,400
Leerders ouderdom 6 tot 15 in onafhanklike skole	18,338	15,502	20,085	21,000	21,500	22,000
TOTAAL	715,435	721,441	721,476	723,200	723,800	724,400
INSKRYWING OP NA-VERPLIGTE VLAK						
Leerders ouderdom 16 tot 18 in openbare gewone skole	172,956	182,136	182,454	183,000	183,000	183,000
Leerders ouderdom 16 tot 18 in openbare spesiale skole	5,522	6,082	6,614	6,700	6,800	6,800
Leerders ouderdom 16 tot 18 in onafhanklike skole	4,012	3,245	6,599	7,000	7,000	7,000
Studente ouderdom 16 tot 18 in VOO-kolleges	3,593	3,593	3,593	3,593	3,593	3,593
TOTAAL	186,083	195,056	199,260	200,293	200,393	200,393
BEVOLKING						
Bevolking ouderdom 6 tot 15	865,649	881,808	898,018	914,227	929,494	943,651
Bevolking ouderdom 16 tot 18	251,389	257,185	262,897	268,158	273,071	278,138

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM001: Persentasie van die bevolking ouderdom 6 tot 15 wat skool bywoon	Nuwe Nasionale Prestasiemaatreëls derhalwe geen historiese data beskikbaar onder daardie spesifieke formules en voorwaardes nie		99.2%	99.3%	99.4%	99.5%
► PM002: Persentasie van die bevolking ouderdom 16 tot 18 wat onderwysinrigtings bywoon			83%	84%	85%	86%
► PM003: Openbare nie-personeelbesteding op die armste 20% van leerders in kwintiel 1-skole as 'n persentasie van openbare nie-personeelbesteding op die mees gegoede 20% van leerders in kwintiel 5-skole			396%	396%	396%	396%
► PM004: Persentasie volwassenes wat Graad 9 voltooi het			69.2%	69.3%	69.4%	69.4%
► PM005: Persentasie volwassenes wat Graad 12 voltooi het			13.4%	13.4%	13.5%	13.5%
► PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer			85%	85.2%	85.2%	85.2%
► PM007: Aantal deelnemers aan die Kha Ri Gude-geletterdheidsveldtog/-program			4,762	7,262	9,762	12,262
► PM008: Aantal deelnemers aan die Provinsiale geletterdheidsveldtog/-program (uitsluitend Kha Ri Gude)			0	0	0	0

Let wel: Al die prestasiemaatreëls, behalwe vir PM003, PM007 en PM008, is gebaseer op die data van die Algemene Huishoudelike Opnames.
Let wel: Die syfers kom uit die pre-2008 Algemene Huishoudelike Opnames en kan moontlik effens verskil van die inskrywing oor bevolking wat elders gereflekteer word.
Let wel: Daar is besluit om te konsentreer om die provinsiale pogings op die Kha Ri Gude-program te konsentreer en derhalwe is daar geen provinsiale teikens vir PM008 nie.
Let wel: Dit is 'n nasionale inisiatief en val nie onder provinsiale bestuur nie. Die teikens hang dus van die nasionale uitrol daarvan af.
Bronne: Provinsiale Begrotingsverslag (2009) [2008/09 finansiële syfers is die aangepaste beramings]; Persal [2007 en 2008 werknemersyfers verwys na Maart]; OBIS 2008 inskrywingsyfers soos in die Jaarlikse Opname 2008; Bevolkingsyfers verskaf deur die DvO uit die 2006 GHS. Die syfers van personeel in openbare diens in hierdie tabel en alle ander tabelle rakende sleutelneigings reflekteer die getal unieke werknemers op Persal, ongeag van die werknemerstatus (d.w.s. ongeag of hulle permanent of tydelik is) op 'n sekere tydstip in die jaar.

ST002	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Ouderdomspesifieke inskrywingsyfers (2008)						
	2.1 Openbare primêre skole	2.2 Openbare sekondêre skole	3 Onafhanklike skole	4 Spesiale skole	5 VOO-kolleges (koptellery)	Bevolking	Ouderdoms pesifieke inskrywing-syfer
< Ouderdom 6	34	2	17	339			
Ouderdom 6	19 560	221	785	192		92,383	22.5
Ouderdom 7	71 793	1 205	2 304	361		91,870	82.4
Ouderdom 8	75 036	1 373	2 246	457		91,289	86.7
Ouderdom 9	73 280	1 349	2 216	580		90,641	85.4
Ouderdom 10	71 724	1 333	1 983	724		89,806	84.4
Ouderdom 11	75 043	1 372	2 071	877		89,016	89.2
Ouderdom 12	75 534	1 457	2 061	1 024		88,506	90.5
Ouderdom 13	72 209	2 712	1 919	1 113		88,276	88.3
Ouderdom 14	32 587	42 113	2 269	1 374		88,326	88.7
Ouderdom 15	1 445	57 826	2 233	2 506	96	87,906	72.8
Ouderdom 16	5 846	63 279	2 325	2 891	1 087	87,300	85.2
Ouderdom 17	2 366	60 931	2 489	2 389	2 410	87,398	78.0
Ouderdom 18	923	49 106	1 785	1 334	4 382	88,200	60.3
> Ouderdom 18	405	37 897	788	363	33 895		
Totaal (ouderdom 6 tot 18)	577,346	284,277	26,686	15,822	7,975	1,160,917	77.9

Bron: Jaarlikse Skole-opname 2008 (Openbare Gewone, LSOB & Onafhanklike Skole)
2007 : Algemene Huishoudelike Opname (Bevolking)
Let wel:VOO-kollegesyfers is nie gestaaf nie

ST003	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Hulpbronvoorsiening via die Posvoorsieningsnorme (2009)				
Programme/Doel van poste	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
Topsnit van poste voor model ingestel is	3,588	98	66	9	3,761
Poste versprei deur model	20,157	4,242	1,353	1,521	27,273
2. Openbare gewone skool-onderwys	18,917	3990	1,244	1,448	25,629
2.1 Openbare primêre skole	11,585	2,364	744	1,093	15,786
Poste gekoppel aan skole	11,585	2,364	744	1,093	15,786
Poste nie aan skole gekoppel nie	-	-	-	-	-
2.2 Openbare sekondêre fase	7,332	1,626	530	355	9,843
Poste gekoppel aan skole	7,332	1,626	530	355	9,843
Poste nie aan skole gekoppel nie	-	-	-	-	-
4. Openbare spesiale skool-onderwys	1,240	252	79	73	1,644
Totaal	23,745	4,340	1,419	1,530	31,034

Let wel: Poste wat aan topsnit onderwerp is voor die model toegepas word, is poste toegeken aan kantore, BOOV en spesiale doeleindes, bv. armoederegstelling, plaasvervangers, Cape Learning and Teaching Institute, ens. Met ander woorde nie poste wat toegeken is vir openbare gewone skole en openbare spesiale skole nie. Die bostaande syfers sluit 904 poste in wat vir bestuursdoeleindes toegeken is.
Bron: Posvoorsieningsmodel Model 2009

ST004	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Investering in vaardigheidsontwikkeling van personeel (2007/08)							
	Prog. 1 Admin	Prog. 2 POS	Prog. 3 Onaf	Prog. 4 Spes.	Prog. 5 VOO	Prog. 6 BVOO	Prog. 7 VKO	Totaal
Besteding (R 000)			-	-	-	-	-	
Vakleerlinge/kwekelinge	12,669	19,373	-	-	-	-	-	32,042
Opvoeders	8,008	18,570	-	-	-	-	-	26,578
Vaardigheidsprogramme	2,235	13,828						16,063
Opleiding in kurrikulum-verandering	2,069	3,650	-	-	-	-	-	5,679
Ander indiensopleiding	3,739	504	-	-	-	-	-	4,243
MIV-/vigsopleiding	-	245	-	-	-	-	-	245
Nie-opvoeders	5,033	1,662	-	-	-	-	-	6,695

Let wel: Hierdie tabel reflekteer al die uitgawesvan die Departement op vaardigheidsontwikkeling van departementele personeel. Dit sluit die koste van opleiers wat deur die Departement aangestel is in. Dieselfde opvoeder kan twee keer getel wees, as 'n opvoeder byvoorbeeld gedurende die spesifieke jaar kurrikulum- en MIV/vigs-opleiding ontvang het. Die waardes in die ry "Opvoeders" reflekteer egter nie die dubbele telling van opvoeders nie.
Let wel: Die koste vir menslike hulpbron-ontwikkeling is ingesluit in die subprogram met dieselfde naam in elk van die relevante programme. Aangesien daar geen metode is waarvolgens die rekordhouding van die werklike uitgawes verwant is aan 'n spesifieke persoon nie, kan dit versprei word tussen die menslike hulpbron-ontwikkelingsubprogramme. Befondsing word slegs verskaf vir menslike hulpbron-program 1: Administrasie en Program 2: Openbare gewone skole.

Bron: Interne menslike kapitaal-ontwikkeling WKOD

B.1 Administrasie

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat verband hou met Program 1: Administrasie en die gepaardgaande prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Doeltreffendheid	▲ Om doeltreffende bestuur op alle vlakke van die onderwysstelsel teweeg te bring	► PM101: Aantal skole wat SA-SABS gebruik om data van die nasionale leerderopsporingstelsel gedurende die verslagtydperk te verskaf ► PM102: Aantal skole wat ten volle opgelei is in die kernregistrasiemodules in die SABS in die verslagtydperk (Skoolinligting, Leerderinligting en Opvoederinligting) ► PM103: Aantal skole wat elektronies (per e-pos) deur die departement gekontak kan word
	▲ Om 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te realiseer	► PM104: Persentasie kantoor-gebaseerde vroue in Senior Bestuursposisies ► PM105: Persentasie vroue wat skoolhoofde is ► PM106: Persentasie van die huidige besteding wat vir nie-personeel-items in skole aangewend word

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

- Wet op Openbare Finansiële Bestuur (No. 1 van 1999)
- Wet op Voorkeurbeleidsraamwerk (No. 5 van 2000)
- Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (No. 2 van 2000)
- Wet op Diensbillikheid (No. 55 van 1998)
- Vaardigheidsontwikkelingswet (No. 97 van 1998)
- Wet op Indiensneming van Opvoeders (No. 76 van 1998).

Strategiese teikens en doelwitte (Uittreksel uit Vyfjaarplan):

Om algehele bestuur en ondersteuning van die onderwysstelsel te bied.
Om aanspreeklikheid op alle vlakke, in lyn met die wetgewende mandaat te bevorder
Om doeltreffende bestuur op alle vlakke van die stelsel teweeg te bring
Om die Gehalteversekeringbestuurstrategie van die WKOD te implementeer
Om doeltreffende bestuur en beheer by alle leerpersele en steunstrukture te verseker

Ontleding van vooruitgang

Daar is 'n mate van oorvleueling tussen die aanwysers in hierdie Program en in Program 2. Daar is besluit om nie die besonderhede oor die verbetering van die skoolbestuur te herhaal nie en derhalwe is hulle nie by hierdie ontleding en ook nie by die ontleding van Program 2 ingesluit nie.

Doeltreffendheid

Cape Teaching and Learnership Institute (CTLI)

Die CTLI het met sukses die jaarlikse opleidings- en ontwikkelingsprogramme vir opvoeders in die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase, asook skoolbestuur en leierskapontwikkeling gelewer. Impakassessering van opleidingsintervensies het die hoë vlak van doeltreffendheid hierdie intervensies in die klaskamer bevestig en ook areas vir verbetering en die behoefte aan bykomende steun geïdentifiseer. Oor die jare het die CTLI sy waarde as 'n kostedoeltreffende, indiensopleidingsinstituut bewys, en is dit op grond van bewyse wat normtoetsbesoeke aan ander provinsies aan die lig gebring het, 'n leier op hierdie gebied.

Die CTLI het in 2008 kursusse vir bykans 2 000 opvoeders en 750 skoolleiers oor 'n reeks onderwerpe aangebied. Kursusse het die volgende ingesluit: wiskunde, geletterdheid, gesyferdheid, lewensvaardighede, tale, natuurwetenskap, tegnologie, ekonomiese en bestuurswetenskap en omgewingsleer. Die kursusse sluit ook die rolle en verantwoordelikhede van onderhoofde en hoofde van departemente; Skoolbestuurspanopleiding, vroue in en op pad na leierskap; aspirant skoolhoofde; induksie vir nuwe skoolhoofde en aspirant skoolleiers, in. Die CTLI en die Sentrum vir e-Innovering bied ook nog 'n opleidingsprojek oor die doeltreffende gebruik van IKT in kurrikulumleweringaan. Die CTLI het ook suksesvolle konferensies vir wiskunde-onderwysers by hul eie perseel, asook by gedesentraliseerde persele in Eden Karoo en die Weskus aangebied.

Die instituut het goeie vordering gemaak met die opgradering van fasiliteite en daar is 'n program in plek vir verdere opgradering. 'n Konsulterende proses waartydens daar weer na die rol en impak van die CTLI gekyk word, word uitgebrei met die oog op die implementering van verdere verbeteringe.

Skoolsake-bestuurskursus

Die WKOD het 'n sertifikaatkursus in Skoolsake-administrasie op NKR Vlak 4 ontwikkel om administratiewe personeel by skole in die Wes-Kaap toe te rus met vaardighede wat hulle in staat sal stel om die skoolwerksaamhede en hulpbronne doeltreffend te administreer en bestuur om 'n veilige leeromgewing te skep. Dit sal skoolhoofde en opvoeders in staat stel om op onderrig en kurrikulumontwikkeling te fokus. Die kursus is 'n vennootskap tussen die WKOD, die Manchester Universiteit (MMU), die National College for School Leadership (NSCL), die Instituut vir Administratiewe Bestuur (IAB) en die Onafhanklike Skoleverenigingvan Suid-Afrika (SABISA/ISASA). Hierdie kursus word deur 'n diploma en later die graadkursus gevolg wat deur HOI's aangebied sal word. Die sertifikaatkursus word deur VOO-kolleges in die Wes-Kaap aangebied en voldoen aan SAKWO-akkreditasiestandaarde.

Die loodsprogram vir 150 studente is bedoel om genoegsame goeie data te verkry waarop toekomstige planne gebaseer kan word. Daar is 'n kruissnit van kandidate uit alle gebiede, asook uit die onafhanklike skool-sektor. Die loodsprogram is in Julie 2008 van stapel gestuur en die program sal met omsigtigheid in 2009 gemonitor word.

Leerderopsporingstelsel

'n Omvattende leerderopsporingstelsel is in 2006 by alle openbare skole in die Wes-Kaap bekend gestel. Hierdie opsporingstelsel het die inligtingsbasis van die provinsie verbeter, en ruimte gelaat vir verbeterde doeltreffendheid en beplanning om die stelsel in staat te stel om leerders wat voor voltooiing van hul studies die stelsel verlaat, te identifiseer en op te spoor. Hierdie opsporingstelsel sal verbeter en uitgebrei word om VOO-kolleges, BOOV- en VKO-sektore in te sluit.

Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel

Dit sal onderhou en ontwikkel word vir die aanlyn rekordhouding van leerdervooruitgang en begrip van onderwysbehoeftes by openbare gewone skole, Spesiale Behoefte skole, VOO-kolleges, BOOV-sentra, VKO-sentra, asook onafhanklike skole om sodoende die toekenning van hulpbronne te maksimaliseer en doeltreffend te bestuur, bv. leerdervervoer, voeding, infrastruktuur, personeelvoorsiening, ens. SOBIS laat ruimte vir die integrasie van leerder- en skoolinligting waarop bestuursbesluite gebaseer kan word. Die navorsingsdienste van die departement word versterk om sodoende navorsingsinligting wat op bewyse gebaseer is, te kan verskaf.

Meesterstelselplan (MSP)

Die WKOD het daarin geslaag, om binne die toegekende begroting, 'n gesofistikeerde breë-area-netwerk van rekenaars wat Hoofkantoor, die distrikskantore en sommige van die satellietkantore verbind, te onderhou. Die WAN-dienste word deur die Regering se IT-agentskap verskaf en deur die Hoofdirektoraat: e-Innovering (in die Departement van die Premier) bestuur. Hierdie netwerk van rekenaars het nie net die Hoof- en distrikskantore in staat gestel om met die Staat se transversale stelsels te skakel nie, maar ook gehelp om kantooroutomatisering en samewerkende stelsels te implementeer.

'n Aantal gerekenariseerde stelsels wat in die MSP geïdentifiseer is, is ontwikkel en geïmplementeer met behulp van òf inhuis-kundigheid òf die gebruik van eksterne diensverskaffers. Hierdie stelsels sluit in SOBIS, 'n verlofbestuurstelsel as 'n aanvulling vir PERSAL, en 'n verskeidenheid van webgebaseerde toepassings. Die nasionale SA-SABS word tans web-geaktiveer en met die SOBIS-stelsel geïntegreer, en daar word beplan om verslae oor leerderbywoning, onderwyserkwalifikasies en onderwyserbywoning met mekaar te skakel. Die Verlofbestuurstelsel wat tans opvoederbywoning opteken, sal met die GSABS geïntegreer word. Dit is nog in die ontwikkelingstadium.

'n Nuwe IKT Strategiese Plan (MSP) is gedurende 2007/08 met die hulp van die Hoofdirektoraat: e-Innovering ontwikkel. Soos hierdie strategiese plan oor die MTBR-siklus geïmplementeer word, sal nuwe stelsels, insluitende samewerkings- en kommunikasiestelsels, om die voorsiening van onderwys in die provinsie te steun, ontwikkel word en sal toerusting en netwerkinfrastruktuur vervang of aangevul word.

Skole se Konnektiwiteitsprojek (Telekommunikasieprojek)

Die WKOD het die afgelope 10 jaar 'n konnektiwiteitsprojek geïmplementeer waarvolgens skole toerusting (rekenaars en drukkers) en 'n subsidie ontvang om met die Internet te skakel. Die subsidie word op 'n jaarlikse grondslag aan alle skole betaal en ongeveer 20% van die skole ontvang elke jaar vervangingstoerusting. Deur middel van hierdie proses is 97,8% van die openbare skole in die Wes-Kaap met die Internet verbind en het hulle geldige e-pos-adresse. Ongeveer 25 skole kon nie met die Internet verbind word nie (hulle val tans buite die bestaande telekommunikasie-infrastruktuur) en ongeveer 130 skole het 'n swak konneksie. Met die veranderinge aan die telekommunikasiewetgewing, spesifiek wat draadlose verskaffers betref, sal daar aan hierdie skole met behulp van SITA en die telekommunikasieverskaffers 'n oplossing gebied word.

'n Nasionale onderwysnetwerk (Edunet) wat breë bandwydte en gratis konnektiwiteit aan opvoedkundige inrigtings bied, word as deel van die nasionale e-Onderwys Witskrif beplan. Gedurende die MTBR-siklus word daar voorsien dat, indien daar genoegsame befondsing is, hierdie breë-area-netwerk geïmplementeer sal word.

Kommunikasie

Doeltreffende kommunikasie speel 'n sleutelrol om te verseker dat die WKOD sy strategiese doelwitte bereik. Die departement moet verseker dat sy kommunikasiefunksies goed gekoördineer is, doeltreffend bestuur word en op diverse behoeftes kan reageer.

Die WKOD sal sy kapasiteit om doeltreffend op alle vlakke te kommunikeer, onderhou en bou, insluitend sy kapasiteit vir korporatiewe kommunikasie. Korporatiewe kommunikasiefunksies sluit mediaskakeling, uitvoerende steun, publikasies, die WKOD-webwerf, steun vir die bestuur van geleenthede, handelsmerkbestuur, bemarking, advertensies, kliëntedienste, taaldienste en multimedia-produksiedienste in.

Die WKOD sal ook alle beskikbare media gebruik om inligting te deel, begrip te verbreed en verhoudings te bou binne die onderwysgemeenskap en die breër gemeenskap. Ons sal ons "kommunikasieruimte" deur middel van 'n reeks aktiwiteite "opeis" om suksesse te kommunikeer, om uitdagings te fasiliteer en om goeie praktyk te deel.

Verskafferkettingbestuur

Artikel 217 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) sê dat wanneer 'n staatsinrigting in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer van regering of enige ander inrigting wat in die nasionale wetgewing geïdentifiseer word, vir goedere of dienste tender, moet dit volgens 'n stelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en kostedoeltreffend is, gedoen word.

Die WKOD het die volgende maatreëls in plek om sy huidige Rekenkundige Beampte se stelsel te opdateer en in lyn te bring met die Nasionale Wetgewing van die Departement van Finansies en Provinsiale Finansiële Instruksies en Praktyk om te verseker dat dit in die Departement toegepas word -

a) Die WKOD se Rekenkundige Beamptestelsel word opgedateer wanneer omstandighede vereis dat die bepalings hersien moet word. Dit is veral die geval wanneer nuwe riglyne in die vorm van Instruksies van die Departement van Finansies of Verskafferkettingbestuurspraktyknotas deur die nasionale en provinsiale Departemente van Finansies uitgereik word.

b) Die hersiening van die Rekenkundige Beamptestelsel word aan die Rekenkundige Beampte vir goedkeuring voorgelê.

Verskafferkettingbestuur-beamptes, en die Senior Bestuur word ingelig omtrent die hersienings om nakoming van die voorskrifte te verseker. Die jongste weergawe van die WKOD se Rekenkundige Beamptestelsel is op 9 September 2008 deur die Rekenkundige Beampte goed gekeur.

Maatskaplike ontwikkeling as 'n bydrae tot bestuurs- en stelseldoeltreffendheid

Die WKOD het reeds 'n hele reeks programme in plek wat tot maatskaplike ontwikkeling bydra. Hoë vlakke van ondervinding en kundigheid word in mense belê. Om hierdie poel van kennis te maksimeer, is netwerke geskep om kennis en ondervinding te deel en sodoende sosiale konneksies te maak. Om byvoorbeeld voordeel uit die rykdom van menslike ondervinding te trek, word besprekingsforums en vrywillige dienslewering, soos die Afgetrede Onderwysersvereniging (in wording), geskep en is daar ook 'n intervensie om skole te help om 'n Oudleerdervereniging op die been te bring. Verteenwoordigers van die Skoolbeheerliggaam-vereniging word van tyd tot tyd byeen gebring om insette te lewer oor kwessies wat skole en gemeenskappe raak.

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen die formele rol van die SBL en van die VLR en ander elemente soos vrywillige dienslewering. Dit is die staat se verantwoordelikheid om formele steun vir SBL'e te bied. Die WKOD het boonop nog besluit om VLR'e te bemagtig. VLR'e by skole raak betrokke by kwessies van leierskap en kry geleentheid om 'n impak te maak en bestuurskwessies soos dissipline, konflikhantering en rolmodellering te beïnvloed.

'n Provinsiale Forum vir Skoolhoofde is vir die eerste keer in 2009 op die been gebring om verteenwoordigende konsultasie met skoolhoofde oor sake van gemene belang moontlik te maak.

'n Verskeidenheid van programme is verbind tot die ontwikkeling van strategiese vennootskappe op provinsiale en gemeenskapsvlak om inisiatiewe soos die ontwikkeling van die skool as gemeenskapsmiddelpunt, Veilige Skole, portuuropvoeding (gesonde lewenstyl/tienerswangerskap/strategieë om MIV en middelmisbruik te voorkom) en die bevordering van skole as nodusse van sorg en steun verder uit te brei.

Dienslewering-verbeteringsplan (DLVP)

Verbeterde dienslewering is 'n beduidende organisatoriese uitdaging, veral wat betref die identifisering van sakeprosesse wat hersien moet word. Die WKOD het homself as 'n leerorganisasie met 'n fokus op uitstekende dienslewering oor die volgende 10 jaar gedefinieer. Monitering- en evalueringstelsels word vir implementering ontwikkel, insluitend 'n klagte- en komplimente-meganisme wat deur die Direktoraat Gehalteversekering bestuur word. Nuwe direktorate se diensleweringstandaarde sal ontwikkel word en algemene doeltreffendheid sal toenemend uitgebrei word soos die verbeterde personeelvoorsiening en doeltreffendheid van stelsels ontwikkel.

Menslike hulpbron- (MH)plan

Die WKOD volg die MH-beplanningsraamwerk van die Departement van Openbare Dienste en Administrasie om ’n saamgestelde WKOD Menslike Hulpbronplan te ontwikkel. Hierdie plan word jaarliks aangepas en weer aanvaar. Die strategieë wat met hierdie plan verband hou, word ontwikkel en op ’n maandelikse basis gemonitor.

Ouditverslag

Die departement het wegbeweeg van die Weerhoudingsouditopinie in 2005/06 na ’n gekwalifiseerde ouditverslag deur die Ouditeur-Generaal vir die 2006/07 finansiële jaar en ’n ongekwalifiseerde status in 2008/9.

Ontleding van beperkings en maatreëls om dit te oorkom

Die integrasie van verskeie gehalteversekerings- en aanspreeklikheidsmaatreëls bied die WKOD ’n diepsinnige mate van ontleding, ’n mate van stelsel veiligheid en stimuli vir hersiening. Dit is belangrik om te verseker dat hierdie maatreëls tot verbeterde onderrig en leer lei, en nie gesien word as eindpunt nie. Die WKOD is onderworpe aan ’n wye reeks van moniterings-, evaluerings- en aanspreeklikheidsprosesse. Dit sluit die volgende in:

- Ouditering van finansiële bestuursprosesse op ’n jaarlikse grondslag deur die Ouditeur-Generaal se kantoor.
- Verskyning by gereelde sessies met die Onderwysportefeuljekomitee en Staande Komitee oor Openbare Rekeninge in die Provinsiale Parlement;
- Gereelde vergaderings (promosietoere) met verskillende belanghebbendes deur die LUR en die Superintendent-Generaal om inligting oor die jongste ontwikkelinge in onderwys te deel, of bloot om te luister na probleme wat deur opvoeders en skoolbestuur ondervind word;
- Die WKOD is verplig om ’n jaarverslag oor sy aktiwiteite aan die Wetgewer voor te lê. Die Jaarverslag kan deur die breër publiek onder oë geneem word en laat ruimte vir die onderwysgemeenskap om die suksesse en mislukkings van die departement in verhouding tot sy wetlike en beleidsmandate en sy strategiese planne te monitor; en
- Deurlopende monitering en evaluering deur die Gehalteversekeringsfunksie in die departement.

Deurlopende intervensies met betrekking tot die opleiding van lede van die skoolbestuurspan (SBS) sluit in bestuur van die kurrikulum, aanmoediging van positiewe leerdergedrag; vroue in leierskap; beleidsbestuur; inklusiewe onderwys; die holistiese bestuur van MIV/vigs en ander psigo-maatskaplike ontwikkelingsuitdagings wat deur die skoolgemeenskappe in die gesig gestaar word; jongste wysigings en getekende resolusies.

ST101	ADMINISTRASIE – Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAMME (R'000)							
1.1 Kantoor van die LUR		3,445	3,829	3,805	4,093	4,366	4,643
1.2 Korporatiewe Dienste		150,717	186,652	220,120	221,159	232,079	246,250
1.3 Onderwysbestuur		130,278	142,806	150,995	156,643	165,816	175,231
1.4 Menslike hulpbron-ontwikkeling		10,307	12,215	16,201	15,475	16,337	17,174
1.5 Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)		15,042	15,968	25,008	26,308	27,544	28,839
TOTAAL		309,789	361,470	416,129	423,678	446,142	472,137
BETALING PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		254,379	324,340	366,044	397,970	419,151	443,936
Kompensasie van werknemers		140,652	170,919	191,714	224,263	239,962	256,037
Opvoeders		29,538	35,893	40,260	47,095	50,392	53,768
Nie-opvoeders		111,114	135,026	151,454	177,168	189,570	202,269
Goedere en dienste en ander huidige betalings		113,727	153,421	174,330	173,707	179,189	187,899
Oordragte en subsidies		44,806	25,775	31,773	22,709	23,846	24,917
Betalings vir kapitale bates		10,604	11,355	18,312	2,999	3,145	3,284
TOTAAL		309,789	361,470	416,129	423,678	446,142	472,137
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		144	170	144	144	144	144
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)		746	1,237	827	827	827	827

ST101	ADMINISTRASIE - Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
STATISTIEK OOR ADMINISTRATIEWE STELSELS						
Aantal skole met SABS (a)	1,452	1,452	1,452	1,455	1,460	1,466
Aantal skole met e-pos	1,420	1,440	1,452	1,455	1,460	1,466
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM101: Aantal skole wat die SA-SABS gebruik om data aan die nasionale leerderopsporingstelsel in die verslagtydperk te verskaf	Nuwe PM	Nuwe PM	1,452	1,455	1,460	1,466
► PM102: Aantal skole wat volledig opgelei is in die kernregistrasiemodules in die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel in die verslagtydperk (Skoolinligting, Opvoederinligting en Leerderinligting)	Nuwe PM	Nuwe PM	100	850	1,460	1,466
► PM103: Aantal skole wat elektronies (e-pos) deur die departement gekontak kan word	Nuwe PM	Nuwe PM	1,432	1,455	1,460	1,466
► PM104: Persentasie kantoorgebaseerde vroue in Seniorbestuursdienste	Nuwe PM	Nuwe PM	33.3%	35%	37%	49%
► PM105: Persentasie skoolhoofde wat vrouens is	Nuwe PM	Nuwe PM	25.2%	33%	37%	39%
► PM106: Persentasie huidige besteding op nie-personeelitems in skole	21.4%	22.2%	21.7%	22.7%	23.3%	23.4%
Let wel: Die teikens verhoog as daar 'n vermeerdering in die aantal skole is, opgeweeg teen die moontlike sluiting van ander. Let wel: Die SA-SABS-projek begin as 'n loodsprogram voordat dit volskaals uitgerol word. Let wel: Vir PM 104 en PM105 sal die teikens geïmpakteer word as die stelsel nie beheer het oor die mense wat poste verlaat nie						

ST102	ADMINISTRASIE – Besteding per item (2007/08) R'000								
	1 Admin	*2 POS*	*3 Onaf*	*4 Spes*	*5 VOO*	*6 BOOV*	*7 VKO*	*8 Hulp*	*Totaal*
Huidige betalings	324,340	5,625,189	-	354,586	169,049	6,585	99,794	88,070	6,667,613
Kompensasie van werknemers	170,919	5,091,264	-	349,223	169,049	6,524	69,649	47,407	5,904,035
SS-opvoeders	35,893	4,597,412	-	276,235	142,508	4,971	69,649	24,178	5,150,846
Salarisse en lone	30,765	3,981,369	-	239,217	124,927	4,854	61,570	22,282	4,464,984
Maatskaplike bydraes	5,128	616,043	-	37,018	17,581	117	8,079	1,896	685,862
Nie-opvoeders	135,026	493,853	-	72,988	26,541	1,553	-	23,229	753,190
Salarisse en lone	117,934	422,575	-	62,511	22,484	1,396	-	21,807	648,707
Maatskaplike bydraes	17,092	71,278	-	10,477	4,057	157	-	1,422	104,483
Goedere en dienste	138,151	533,925	-	5,363	-	61	30,145	40,663	748,308
Inventaris	6,271	283,435	-	-	-	4	9,591	6,606	305,907
Leerderondersteuningsmateriaal	-	200,113	-	-	-	-	9,591	519	210,223
Skryfbehoeftes en drukwerk	6,196	4,169	-	-	-	4	-	5,899	16,268
Ander	75	79,153	-	-	-	-	-	188	79,416
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	25,617	5,574	-	117	-	-	19,341	10,996	61,645
Toerusting minder as R5,000	7,150	13,503	-	-	-	-	-	16	20,669
Onderhoud van geboue	18,478	54,668	-	5	-	-	-	12	73,163
Bestaande huurooreenkomste	1,617	1,292	-	-	-	-	-	5,519	8,428
Leerdervervoer	265	107,026	-	-	-	-	-	25	107,316
Ander goedere en dienste	78,753	68,425	-	5,241	-	57	1,212	17,489	171,177
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Rente	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Rente op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	15,270	-	-	-	-	-	-	-	15,270
Ongemagtigde besteding	-	-	-	-	-	-	-	-	-

ST102	ADMINISTRASIE – Besteding per item (2007/08) (vervolg)								
	1 Admin	*2 POS*	*3 Onaf*	*4 Spes*	*5 VOO*	*6 BOOV*	*7 VKO*	*8 Hulp*	*Totaal*
Oordragte en subsidies	25,775	455,517	39,713	79,739	148,179	19,236	42,465	106,892	917,516
Munisipaliteite	-	1	-	-	-	-	-	-	1
Departementele agentskappe en rekening	-	-	-	-	-	-	-	3,944	3,944
Inrigtings sonder winsbejag	18,724	440,655	39,713	79,019	121,366	19,231	42,309	101,020	862,038
Artikel 21-skole	-	239,553	-	-	-	103	-	-	239,633
LOOM	-	216,842	-	-	-	103	-	-	216,945
Nutsartikels	-	15,427	-	-	-	-	-	-	15,442
Onderhoud	-	7,284	-	-	-	-	-	-	7,246
Dienste gelewer	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Ander onderwysinrigtings	18,724	201,103	39,713	79,19	121,366	19,128	42,309	101,020	622,405
Huishoudings	7,051	14,861	-	720	26,813	5	156	1,928	51,535
Betalings vir kapitale bates	11,355	141,277	-	-	-	-	-	36	152,668
Geboue en ander vaste strukture	-	140,109	-	-	-	-	-	-	140,109
Geboue	-	140,109	-	-	-	-	-	-	140,109
Koshuise	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Nuwe skole	-	108,572	-		-	-	-	-	108,572
Bykomende klaskamers	-	20,898	-	-	-	-	-	-	20,898
Ander toevoegings	-	10,639	-	-	-	-	-	-	10,639
Ander	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	11,224	1,168	-	-	-	-	-	36	12,428
Vervoertoerusting	420	58	-	-	-	-	-	-	478
Ander masjinerie en toerusting	10,804	1,110	-	-	-	-	-	36	11,950
Programmatuur en ander ontasbare bates	131	-	-	-	-	-	-	-	131
GROOTTOTAAL	361,470	6,221,983	39,713	434,325	317,228	25,821	142,259	194,998	7,737,797

B.2 Openbare gewone skool-onderwys

Die volgende is meetbare doelwitte (▲) wat met Program 2 verband hou en die gepaardgaande prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om toegang tot openbare gewone skool-onderwys in ooreenstemming met die beleid te voorsien	► PM201: Aantal leerders wat voordeel trek uit die skoolvoedingsprogram ► PM202: Aantal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes
Toereikendheid	▲ Om basiese infrastruktuur vir openbare gewone skole in plek te sit in ooreenstemming met die beleid	► PM203: Aantal volledigensskole in die provinsie ► PM204: Aantal openbare gewone skole sonder watertoevoer ► PM205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit ► PM206: Aantal skole sonder funksionele toilette
	▲ Om genoegsame menslike hulpbronne aan openbare gewone skole te verskaf	► PM207: Totaal van die openbare begroting toegewys vir geskeduleerde onderhoud uitgedruk as persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur ► PM208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid
Doeltreffendheid	▲ Om doeltreffende en bekwame selfbestuur in openbare gewone skole teweeg te bring ▲ Om 'n kultuur van doeltreffende onderrig en leer in openbare gewone skole te koester	► PM209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid
	▲ Om voldoende Leerder/Onderwyser-ondersteuningsmateriaal (LOOM) aan openbare gewone skole te verskaf	► PM210: Aantal openbare gewone skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal afgelewer, soos bestel, op dag een van die skooljaar

Die onderstaande is van toepassing op subprogram 2.1, openbare primêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Gelykheid	▲ Om die gaping tussen die onderwysuitkomste van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare primêre skole uit te wis.	► PM211: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid bereik ► PM212: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Geletterdheid bereik
Doeltreffendheid	▲ Om te verseker dat die vooruitgang van leerders deur openbare primêre skole optimaal is.	► PM213: Die prestasieverhouding van die armste 20% van leerders in Kwintiel 1 teenoor die mees gegoede 20% van leerders in Kwintiel 5 in Graad 3
Gehalte	▲ Om die hoogste moontlike onderwysuit-komste onder leerders in openbare primêre skole te bereik.	► PM214: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Tale bereik ► PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde bereik

Die onderstaande is van toepassing op subprogram 2.2, openbare sekondêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Gelykheid	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe leerders in openbare sekondêre skole te help om te vorder.	► PM216: Persentasie vroulike leerders wat in Graad 12 vir Wiskunde inskryf ► PM217: Persentasie vroulike leerders wat in Graad 12 vir Natuurwetenskap inskryf
	▲ Om die gaping tussen die onderwysuitkomste van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare sekondêre skole uit te wis.	► PM218: Die prestasieverhouding van die armste 20% van leerders in Kwintiel 1 teenoor die mees gegoede 20% van leerders in Kwintiel 5 met betrekking tot slaagsyfers in Graad 12
Uitset	▲ Om te verseker dat genoeg van die bevolking Graad 12 slaag, veral met Wiskunde en Wetenskap.	► PM219: Graad 12-slaagsyfer ► PM220: Slaagsyfer vir Wiskunde in Graad 12 ► PM221: Slaagsyfer vir Natuurwetenskap in Graad 12
Gehalte	▲ Om die hoogste moontlike onderwysuitkomste onder leerders in openbare sekondêre skole te bereik.	► PM222: Aantal leerders wat voordeel trek uit gratis leerdervervoer ► PM223: Aantal leerders wat voordeel trek uit die "Geen skoolgeld"-beleid

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

- Suid-Afrikaanse Skolewet (No. 84 van 1996)
- Posvoorsieningsnorme (Staatskoerant met Hersienings [1676 van 1998])
- Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole [Staatskoerant 19377, 1998]
- Nasionale Onderwysbeleidswet, [No. 27 van 199]

Strategiese teikens en doelwitte (uittreksel uit Vyfjaarplan):

Om toegang tot gehalte onderwys vir alle kinders in die provinsie te verseker
Om doeltreffende e-Onderwys in skole te verseker
Om veilige inrigting-omgewings wat noodsaaklik is vir doeltreffende onderrig en leer, te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te lewer

Ontleding van vooruitgang

Toegang

In 'n poging om die stygende kostes van die onderrig van kinders vir ouers met beperkte inkomste te stuit en uitgebreide toegang tot onderwys in Suid-Afrika moontlik te maak, is die SASW aangepas om die (nasionale) Minister van Onderwys (MvO) toe te laat om die nasionale kwintiele vir openbare skole te bepaal waar daar met ingang Januarie 2007 geen skoolfooie gevra mag word nie.

Die MvO het 'n nasionale teiken vir 2008 wat 40% van die leerders in die land in "Geen skoolgeld"-skole akkommodeer, m.a.w. skole wat in die Nasionale Kwintiele 1 en 2, met ingang van Januarie 2008, val. 'n Lys van skole per provinsie wat nie toegelaat sal word om verpligte skoolfooie te vra nie is in die Staatskoerant gepubliseer.

Die Wes-Kaap het 'n lae persentasie van leerders in Kwintiel 1 en 2 vergeleke met ander provinsies. Slegs 6,5% (59 306) van leerders in die Wes-Kaap val in Kwintiel 1 en 8% (73 254) in Kwintiel 2, m.a.w. slegs 14,5% van die leerders in die Wes-Kaap val nasionaal in die armste twee kwintiele (40% van die leerders in die land). Die WKOD het dus die "Geen skoolgeld"-skoolstatus na skole in Kwintiel 3 (211 841 leerders) uitgebrei. Dit is gedoen deur middel van 'n vrywillige reëling met die geïdentifiseerde skole in Kwintiel 3. Alle KT3-skole het hierdie aanbod aanvaar en is met ingang Januarie 2007 tot "Geen skoolgeld"-skole verklaar, en mag derhalwe nie verpligte skoolfooie vra nie.

Daar is 651 "Geen skoolgeld"-skole vir 2009 en hulle verteenwoordig 45% van die 1 452 (Syfers uit die Jaarlikse Opname 2008) openbare gewone skole in die Wes-Kaap in 2008. Ongeveer 346 139 leerders woon hierdie skole by en verteenwoordig 37,6% van die leerders in die Wes-Kaap.

Spesiale Behoeftes

Om meer leerders met spesiale behoeftes in hoofstroom skole te akkommodeer, het die WKOD besluit om eenhede vir leerders met spesiale behoeftes by geïdentifiseerde hoofstroom skole te vestig. Hierdie skole word dan volledigheidsskole. Daar is tans 68 eenhede in totaal.

Toereikendheid

Posvoorsieningsnorme

Die personeelkorps van openbare gewone skole word gewoonlik bepaal in terme van die posvoorsieningsnorme. Soos deur wetgewing voorgeskryf, word daar met werknemerpartye van die Provinsiale Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (PRAVO), asook die erkende SBL-verenigings onderhandel oor die oorhoofse onderwysposbekostigbaarheid, asook die bepaling van die personeelkorpse van openbare gewone skole.

Infrastruktuur

In terme van die IKapa Groei en Ontwikkelingstrategie en sy doelwitte van *volhoubare hulpbrongebruik, groter ruimtelike integrasie,* en elemente van *deelname in 'n geïntegreerde vervoermodel,* is die WKOD 'n volle deelnemer aan die verskillende platforms wat vir geïntegreerde ontwikkeling daargestel is. Nuwe skole word gebou onder omstandighede wat deur vervoeroorwegings bepaal word. Die konsep Norme en Standaarde oor ontwerp van skole is in 'n ontwikkelingstadium. Sodra hulle bekragtig is, sal hulle die kwessies van volhoubare water- en energieverbruik, asook die voorsiening van broodnodige duidelikheid oor ruimtelike norme, aanspreek.

Toereikendheid en Toegang

Gehalteverbeterings-, Ontwikkelings-, Steun en Opheffingsprogram (GVOS-OP)

In 2008 het die GVOS-OP op skole in Kwintiele 1, 2 en 3 gefokus. 'n Totaal van R 48 500m is vir onderhoud en herstelwerk aan 185 skole bewillig. R 34 335 is vir biblioteekmateriaal vir 653 skole bewillig en word deur EDULIS geadministreer. R 8 732m is vir biblioteekmeublement bewillig en sal aan skole oorgeplaas word. R 500 000 is aan boekwaens bestee wat aan 255 skole gelewer is. R1 377m is aan 10 dag- en naweek-opleidingsessies vir opvoeders in Biblioteekbestuur in 246 skole bewillig. R 7m is vir rekenaarlaboratorium-infrastruktuur in 50 skole bewillig. R 1, 7m is in 30 skole in KT 1, 2 en 3 vir HSE bewillig. R 30m is vir skoolvervoer in 291 skole bewillig. R 2,5m is vir Natuurwetenskap-toerusting in 90 sekondêre skole bewillig. R 5,5m is vir Lewenswetenskappe-toerusting in 104 sekondêre skole bewillig. 100 sekondêre skole het toerusting vir Geografiese Inligtingstelsels (GIS) ontvang. 'n Bedrag van R 3,2m is vir toerusting vir Lewensoriëntering bewillig. R 5m is aan 'n buitemuurse projek wat by 14 skole geloods sal word, bewillig.

Doeltreffendheid

Leerder- en onderwysersteunmateriaal (LOOM)

Die WKOD is verantwoordelik vir die aankoop van LOOM vir alle Nie-Artikel 21 skole en het 'n tweejaar kontrak met verskaffers vir hierdie doel. In terme van die huidige kontrak sal 168 verskaffers LOOM aan 416 Nie-Artikel 21 skole lewer. Die departement se doelwit is om 100% voorraad en lewering van alle LOOM wat deur die Nie-Artikel 21 skole bestel is voor aanvang van die skooljaar te lewer. Die bereiking van hierdie doelwit hang van die beskikbaarheid van LOOM af.

Artikel 21-skole ontvang fondse van die departement en is self daarvoor verantwoordelik om LOOM aan te koop volgens die lys van verskaffers wat deur die departement voorsien word.

Alle skole moet hou by die Voorkeurverskaffingsbeleid van die provinsie wanneer hulle hul N&S-bewilliging vir hand- en ander boeke bestee. Vir hierdie doel is daar twee lyste met verskaffers. Die eerste lys (die voorkeurlys) verteenwoordig daardie verskaffers wat voorkeur behoort te kry. Hulle is die sogenaamde histories-benadeelde individue (VBI's) en klein, medium en mikro-organisasies (KMMO's). Skole moet handboeke en ander boeke tot 'n waarde van minstens 70% van hul N&S-bewilliging by verskaffers op die eerste lys bestee. Handboeke en ander boeke vir die balans (30% van die bewilliging vir hand- en ander boeke) kan by verskaffers op die tweede lys gekoop word. Die jongste lyste word onder dekking van omsendbriewe aan skole gestuur.

e-Onderwys

Die nasionale e-Onderwyswitskrif maak voorsiening vir ses strategiese doelwitte, nl. professionele ontwikkeling van IKS-infrastruktuur, elektroniese inhoudelike hulpbronne, konnektiwiteit, gemeenskapsbetrokkenheid, en navorsing en ontwikkeling. Met die uitrol van die Khanya-projek in openbare skole, die e-Onderwys-projek in die VOO-kolleges, en ander IKT-projekte soos die Skole Konnektiwiteitsprojek, die Ingesteldheidsprojek en SOBIS het die WKOD reuse vooruitgang gemaak in die aanspreek van hierdie strategiese doelwitte en het die gebruik van IKT aansienlik oor al die sektore in onderwys verbeter. Die deurlopende implementering van die nasionale e-Onderwysstrategie sal leer en onderrig in die provinsie verder revolusioneer en sakeprosesse en kommunikasie binne die Departement verbeter.

In lyn met aanbevelings in die Witskrif, asook na aanleiding van die WKOD se herontwerp is die Direktoraat e-Onderwys en Biblioteekdienste gevestig om onder andere te fokus op die verbetering van e-leervermoëns van die Departement en om tasbare, relevante, hoë gehalte leergeleenthede vir alle leerders, binne 'n gekoppelde stelsel te verskaf. Die implementering van 'n gekoppelde e-leeromgewing sal ook poog om struikelblokke tot leergeleenthede uit die weg te ruim deur die vestiging van skynskole en sal deelname op alle vlakke van die onderwysstelsel verhoog. Die uitdagings in hierdie verband is aansienlik en sluit nie net breëband-konnektiwiteit as voorvereiste vir gekoppelde leer in nie, maar ook die opgradering van onderwyservaardighede.

In die MTBR-tydperk sal die Khanya-projek, afhangende van voldoende fondse, 200 bykomende rekenaarfasiliteite by die uitstaande openbare skole per jaar verskaf en sodoende die proses om elke openbare skool van ten minste een rekenaarfasiliteit te voorsien, voltooi. Teen 2011 sal die meerderheid van opvoeders in die provinsie reeds basiese IKT-opleiding ontvang het en sal al DvO skole aan die Internet gekoppel wees via 'n breëband-konneksie en sal bykomende elektroniese hulpbronne beskikbaar gestel word.

Artikel 21-skole

'n Somtotaal van 1 032 uit 1 452 (Jaarlikse opname 2008) skole (71,1% van alle openbare gewone skole) het volle Artikel 21-status (Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996) (SASW)) ontvang. Die oorblywende 420 skole ontvang steeds deurlopende aandag om hulle in staat te stel om Artikel 21-skole te word. Steun aan alle skole in finansiële bestuur en administrasie word op deurlopende grondslag verskaf.

Dienste gedesentraliseer na distriksvlak

Die herontwerpte distrikte van die Wes-Kaap het alreeds voldoen aan die voorskrifte van die nuwe “Beleid oor die Organisasie, Rolle en Verantwoordelikhede van Onderwysdistrikte”. Die Hoofdirektoraat: Distrikte sal, gedurende die volgende driejaartydperk poog om die drie hoofrolle van distrikte wat in die beleid gespesifiseer word doeltreffend te koördineer: steun aan onderwysinrigtings (insluitend die verbetering van die gehalte van onderrig en leer); aanspreeklikheid; openbare inligting.

Distrikte sal leer in die middelpunt van al hul aktiwiteite stel en verseker dat alle inrigtings werklik leerder-gesentreerd is. Die hoofdirektoraat met sy 8 distrikskantore sal ook die nuwe struktuur en benadering gebruik om spesiale maatreëls in alle skole wat swak presteer en swak funksioneer, te implementeer. Distriksbeamptes sal aanspreeklik gehou word vir meetbare verbeteringe in alle skole, maar veral by voorafgenoemde inrigtings. ’n Daadwerklike poging sal aangewend word om die implementering van alle bestuurstelsels by distrikskantore en -inrigtings te verfyn.

Om die spiraal van ongedissiplineerheid by inrigtings hok te slaan, sal distrikte ’n spesiale veldtog loods wat deelname in terme van basiese skoolfunksionaliteit bevorder: maksimumgebruik van skooldae en beskikbare tyd, stiptelikheid van personeel en leerders, bywoning en verslagdoening aan ouers. Inklusiwiteit en spesiale behoefte-onderwys sal ook in die toekoms skerper fokus ontvang.

Met die aanstelling van ’n groot getal personeel in distrikskantore, sal versigtig beplande kapasiteitsbou-program aangepak word. Nuwe kennis en vaardighede word deur almal vereis om te verseker dat inrigtings praktiese en relevante steun en leiding ontvang. Die verbeterde koördinering van opleidingsprogramme vir skoolpersoneel sal na verwagting na verbeterde oordrag in die klaskamer lei.

Uitgebreide voorspraak en deel van inligting sal poog om Hoofkantoor-funksies te fokus op leer en inrigtings – sodat dit meer in lyn is met die behoeftes van distrikskantore en inrigtings.

Die nuwe funksies wat in distrikte voorkom, sal na verwagting nuwe inisiatiewe soos skoolverryking, maatskaplike dienste, kommunikasie en beplanning tot gevolg hê. Kennisbestuur, monitering en evaluering sal strenger wees sodat sigbare verskille in die gehalte van onderwyslewering deur die WKOD gesien kan word.

Gelykheid en Doeltreffendheid

Geletterdheid en Gesyferdheid

Die provinsiale Geletterdheids- en Gesyferdheidstrategie bly die sleuteldryfkrag agter verbeterde prestasie, en soos in die oorsig genoem, maak die provinsie geleidelik tasbare verskille aan sommige van die probleme.

Skole en die 510 onderwysassistente is ingelig dat die loodsprogram vir nog ’n jaar in 2009 sal voortgaan en dat evaluering van die impak van die loodsprogram gedoen sal word. 51 onderwysassistente het aansoek gedoen om beurse om verder by ’n HOI te studeer en al die nuwe beursaansoeke is aan die Direktoraat: Interne Menslike Kapitaal oorhandig aangesien dit onder hulle mandaat val. 17 bestaande studiebeurse is oorhandig.

Gehalte en Doeltreffendheid

Indiensopleiding

Die kritieke bestanddele om ’n merk te maak in terme van die behoeftes wat in skole geïdentifiseer is, word sistematies aangespreek. Ons het daarop gefokus om onderwyservaardighede in nuwe inhoud en onderrigmetodologieë vir die Nasionale Kurrikulumverklaring op te gradeer en ook om beplanning en klaskamerbestuurstrategieë te versterk. Om ondersteuningsdienste aan skole te kan lewer, moet daar op die professionele ontwikkeling van kurrikulumbeplanners/-adviseurs gekonsentreer word om hulle te help om onderwysers te ondersteun.

Gelykheid

Verbetering in uitslae van Wiskunde en Natuurwetenskap

Alle Dinaledi-skole het handboeke vir Wiskunde, Natuurwetenskap, Wiskundige Geletterdheid en Engels eerste Addisionele Taal, asook sakrekenaars ontvang. Hierdie voorsiening is behoefte-gedrewe en deurlopend. Wiskunde-onderwysers het hulpbronne ontvang om hulle te help om Leeruitkoms 4: Datahantering (intermediêre fase en senior fase) te onderrig. HvD's en vakhoofde van 12 skole het gedurende September 'n kurrikulum-leierskapskursus by die CTLI bygewoon. Die IKT-gefokusde "Intel Teach Essentials"-opleiding is na Kurrikulumadviseurs uitgebrei: 'n totaal van 485 deelnemers het die 2008-reeks kursusse bygewoon (291 by die Kuilsriver-opleidingfasiliteit en 194 of in Worcester of in George). Van hierdie deelnemers was 53 Kurrikulumadviseurs. 'n Oudit van WWT-onderwyserkwalifikasies is voltooi en word tans bekyk.

Die Nasionale Wetenskapweek 2008 (10-17 Mei) het op beroepsleiding gefokus en meer as 600 leerders bereik. 200 top Graad 11-leerders in Wiskunde, Wetenskap en Rekeningkunde uit Dinaledi-, WWT- en Ingenieur Fokus-skole het 'n WWT-kamp by die Kaapse Akademie bygewoon. 22 Dinaledi-skole het aan Wiskunde en Wetenskap Olimpiades deelgeneem.

Mini konferensies is gehou om op wiskunde en wiskundige geletterdheid te fokus om al die rolspelers in die verskillende sektore van die onderwysgemeenskap bymekaar te bring om oor beleidskwessies, asook onderwysers se ontwikkelingsbehoeftes te praat. Opleiding in nuwe inhoud vir Wiskunde en Natuurwetenskap is deur Kurrikulumadviseurs in die distrikte gekoördineer. 20 Wiskunde-onderwysers het opleiding in Pretoria ondergaan. Graad 12 Natuurwetenskap-onderwysers is opgelei om wetenskap-prakties, wat deel is van die NKV, aan te bied.

'n Groot dryfkrag is die inisiatief om IKT in die kurrikulum te integreer. Khanya fasiliteer en bestuur werkswinkels in individuele skole en trosse op 'n deurlopende grondslag. Integrasie-opleiding vind hoofsaaklik in sleutelareas soos Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Wetenskap in VOO plaas, asook in gesyferdheid en geletterdheid in AOO-skole. Alle sekondêre skole moet van Ingesteldheid-kurrikulummateriaal voorsien word en die gebruik daarvan neem al hoe meer toe. Onderwysprogrammatuur word deur senior kurrikulumbeplanners en die tegniese afdeling van CEI geëvalueer. Die lys van aanbeveelde programmatuur word gereeld op die kurrikulum se webwerf bygewerk.

Gelykheid en Uitset

Steun vir skole wat onderpresteer

Aanvullende onderrig- en hersieningswerkwinkels vir Graad 11- en 12-leerders het soos in die verlede in 2008 plaasgevind. Die Hoër Onderwysinrigtings het studieklasse in uitgesoekte vakke verskaf. Tersiêre inrigtings het Graad 12-leerders deur middel van Saterdagklasse en lenteskole ondersteun. Beplanning om gemeenskapradiostasies vir Graad 12-hersieningsprogramme te gebruik, is voortgesit. Ontmoetings met provinsiale belanghebbendes in die verskillende vakke is gehou en daar is 'n mini konferensie oor die onderrig van wiskunde en wiskundige geletterdheid gehou.

Gehalte

Steun vir die Bestuur van die Kurrikulum en Assessering

Pasaangeërs en werkskedules vir Graad 10 – 12 is bygewerk en op die kurrikulum se webwerf beskikbaar gestel. Gedurende die instellingsjaar van die NKV het onderwysersteun soos volg daaruit gesien: voorsien skole van 'n "per vraag"-ontleding van vakke wat in 2008 geskryf is; Doen verslag oor die Graad 11-eksamen (wat bestuur gehelp het om insigte te kry vir die ontwikkeling van Graad 12-implementering). Graad 12-voorbeeldvraestelle en -memoranda is aan alle skole verskaf. Voorbeeldvraestelle is op die webtuiste vir Assessering en Eksamens beskikbaar gestel. Die WKOD het verskeie praktiese/prestasie-assesseringstake (PAT's) aan alle skole wat praktiese vakke aanbied, voorsien.

Beroepsleiding

As deel van die strategie om deurvoer te verbeter en leerdersukses te verseker, het ons steeds opleiding in Beroepsvoorligting vir Graad 10 – 12-onderwysers voorsien. “Gee raad” en “Verwys”, sorg en steun, asook voorligtingsopleiding is aan onderwysers en gemeenskapsgebaseerde vennote verskaf om die ‘risiko” van weerlose leerders te kan hanteer.

Steun vir Skole

Die “Raamwerk vir Samewerking: Koördinasie en Bestuur van Skoolsport in Openbare gewone skole” se dokument is in 2005 gesamentlik geteken deur die ministers van Onderwys en Sport en Ontspanning. Ingesluit in die “Raamwerk vir Samewerking”-dokument is die opdrag dat skole se sportprogramme strategies gekoppel moet word aan die nasionale en provinsiale intervensies soos MIV- en vigsbewuswordingsveldtogte, Nasionale en Provinsiale Misdaadvoorkomingstrategieë, morele heropbou, ens.

In 2007, het die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap en die WKOD saam met die Departement vir Kultuursake en Sport en sy departement (DKES) gesamentlik met die organisasie, Wes-Kaap Skoolsport (WKSS), ’n ooreenkoms onderteken. WKSS is die ProvinsialeKoördinerende Komitee (PKK) vir Skoolsport. Die ooreenkoms verbind die twee departemente tot die gemeenskaplike organisering, koördinering en implementering van skoolsport en dit skep ook die raamwerk en bepaal die gees waarin die lewering van skoolsport binne die Wes-Kaap sal geskied.

Aangesien die Nasionale en Provinsiale Koördineringskomitees vir skoolsport nou gestruktureer is, is die volgende stap dat die Distrikskoördineringskomitee vir Skoolsport nou in elke van die distrikte gestruktureer sal word. Daarna sal elk van die distrikte ’n Skoolsportkring en -troskoördineringskomitee vestig. In 2009/10 sal die uitdaging wees om hierdie strukture te optimaliseer en om soveel moontlik probleme uit te stryk. Die klem sal op ontluikende skoolsportligas wees, asook op die skakeling met en bydra tot die Provinsiale Gesondheidsinisiatief – om die boodskap dat ’n gesonde lewenstyl van kritieke belang is, tuis te bring.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10 Direktoraat: AOO-kurrikulum	
Steun vir bestuur	*Sleutelklem*: om primêre skole sterker te maak. *Sleutelintervensie:* om adviseurs en beplanners op die terreine van geletterdheid en gesyferdheid op te lei. *Intervensie-fokus:* om op hierdie belangrike terreine teorie te verskaf. *Grootste uitdaging*: om algemene begrip te verseker. *Middele:* - Grondslag vir Leer-veldtog om werk wat reeds gedoen is, te konsolideer. - Verbetering van toestande in primêre skole *Sleuteloptrede*: - Ondersteuning van bestuur. Bestuur moet kennis en begrip van die beginsels van leer hê en in dié verband gesteun word. - Kwessies rakende taal en die transformasie van taalkwessies. Leerondersteuningsmateriaal in hierdie verband en die gebruik van bygewerkte navorsing sal die praktyk van die opheffing van isiXhosa in ons skole beïnvloed. Dit sal die bestuur in sy denke en optrede met betrekking tot die taal isiXhosa lei. *Ontwikkeling van toepaslike kundigheid en bevoegdheid van ondersteuningsamptenare vir AOO-leerplan om volgehoue ondersteuning vir onderwysers te verseker, sal die volgende insluit:* - Die stel van gepaste doelwitte - Die uitbreiding en konsolidasie van gesonde werksverhoudings met toepaslike belanghebbendes, insluitend Openbare-private vennootskappe - Die konsolidasie en versterking van die Komitee vir Geletterdheid en Gesyferdheid - Die intensivering van die Grondslag vir Leer-veldtog - Sessies vir nadenke en beplanning - Oorlegplegende vakvergaderings met Kurrikulumadviseurs en belanghebbendes, bv. HOI's, NRO's, vakbonde - Mini-konferensies/ indabas met belanghebbendes om as bemiddelaars vir nuwe inhoud op te tree, die beste praktyke te deel en netwerkvorming onder onderwysers en skole aan te moedig - Die byhou en gebruik van webblaaie om die NKV te ondersteun, om voorsiening te maak vir die vloei van inligting en om 'n gemeenskap van toepassing aan te moedig - Professionele ontwikkeling van SKB's en KA's in onderwysadministrasie en leierskap, bv. OFBW, projekleierskap, opleiding, webbladontwerp en deur die bywoning van professionele vakseminare/ - -konferensies - Navorsing en ontwikkeling in innoverende en skeppende onderrigmetodologieë, insluitend die gebruik van IKT en blootstelling en modelle van "beste praktyk" plaaslike sowel as in die buiteland - Professionele ontwikkeling van kurrikulumadviseurs in innoverende onderrigmetodologieë
Steun vir onderwysers	- Sistemiese intervensie by *Wiskunde*-onderwysers in die Intermediêre Fase. - Opleiding van opvoeders in wetenskaplike geletterdheid om *Natuurwetenskap* te versterk. - Om die onderrig en leer van finansiële geletterdheid in die Intermediêre Fase te bevorder deur onderwysers van lesplanne en hulpbronmateriaal te voorsien om *Ekonomiese en Bestuurswetenskappe* te versterk. - Om onderwysers se vermoë om leerders met Mondelinge Geskiedenisprojekte en die gebruik en interpretasie van Kaarte uit te bou om *Sosiale Wetenskappe* te versterk. - Om onderwysers in *Kuns en Kultuur* in die 27 terreine van onderprestasie wat geïdentifiseer is, op te lei in vaardighede en kennis uit al vier uitkomste en al vier kunsvorme, asook strategieë vir onderrig en assessering.
Steun vir onderwysers	- Ontwikkeling van onderwysers in die Intermediêre Fase in al die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde met riglyne/voorbeelde oor hoe om assesseringstake aan te pas en te ontwerp om vir die konteks van die leerder in *Tegnologie* gepas te wees. - Om vermoë by onderwysers in Kwintiel 1, 2, 3-skole te skep om LU4 in Lewensoriëntering vir die voorgeskrewe een periode per week of per siklus aan alle leerders te onderrig. - Om alle Kurrikulumadviseurs in die Intermediêre Fase in die Gebalanseerde Taalbenadering op te lei om Geletterdheid en die onderrig van Tale te verbeter. - Die gebruik van werkskedules is die sleutel tot die taak om Departementshoofde en Vakhoofde op te lei om die kurrikulum te bevorder. 'n Teikengroep van onderwysers sal gekies word om opgelei te word om die werkskedules te gebruik. Ons al ook verseker dat werkskedules in die praktyk in 100 skole gekies word sodat die onderwyser se stem gehoor word en 'n uitwerking op die ontwikkeling van onderwys het. - Bevordering van die Plan vir Taaltransformasie. - Bevordering van indiensopleiding en programme vir die ontwikkeling van onderwysers om die gehalte van onderrig in kritieke vakke soos Wiskunde, Wetenskap en Lewensoriëntering te verbeter. - Verbeter die vaardighede van uitgesoekte onderwysers in nuwe inhoud en onderrigmetodologie vir die Nasionale Kurrikulumverklaring. - Bevorder die gehalte van onderwys in die armste gemeenskappe, en konsentreer veral op skole in die 27 voorkeurgebiede.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10 Direktoraat: AOO-kurrikulum	
Steun vir leerders	Die gebruik van buitengewone ondersteuning vir die bestuur en onderwysers sal die ondersteuning vir die leerders fasiliteer. Die sleutel tot leerderondersteuning sal die skepping van 'n kultuur bestaande uit 'n ryke verskeidenheid gedrukte stof wees, deur die verskaffing van muurkaarte, boeke en verwante materiaal om geletterdheid en gesyferdheid te bevorder. Nog 'n sleuteldimensie wat spesifiek met die leerder verband hou, het betrekking op die volgende: 'n Leerder se huistaal/moedertaal moet, waar dit ook al prakties moontlik is, minstens tot aan die einde van Graad 6 aktief in die klaskamer ondersteun word. Dit verwys na die gebruik van die huistaal/moedertaal as die Taal van Leer en Onderrig (TvLO) in klasgroepe van 40. "Benewens die bestudering van twee amptelike tale, moet leerders in die Wes-Kaap vanaf Graad 7 tot Graad 9 'n minimum van drie jaar onderrig in die derde taal van die provinsie ontvang." "In die geval van voormalige DOO-skole sal die onderwysers as prioriteit opgelei word in die bestuur van huistaal/moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys (HTGTO/MTGTO) om die gebruik van die huistaal/moedertaal(HT/MT)-vaardighede tot 'n vlak van HT/MT-bedrewenheid op te gradeer."
Steun vir leer	Beplan strategieë om onderwysers te help om IKT in die kurrikulum te integreer (evaluering van programmatuur, samewerking met ander Direktorate, opleiding in rekenaargeletterdheid). Organiseer en hou werkwinkels vir AOO-onderwysers om beplanning en strategieë vir klaskamerbestuur (navorsing) te versterk.
Steun vir fasiliteite	Voorsien skole van ondersteunende leermateriaal om geletterdheid en gesyferdheid te bevorder
Uitbreiding	Doen navorsing oor klaskamerbestuur en innoverende onderrigmetodologie in elke vak, meer spesifiek op die terrein van geletterdheid en gesyferdheid. Bevorder indiensopleiding.
Konsoli-dasie	Konsolideer alle aspekte van die strategie vir geletterdheid en gesyferdheid met die oog op die versterking van die primêre skool. Konsolideer Beleid oor Handskrif, kurrikulum vir Graad R, kurrikulum vir BOOV, wiskundeprogramme vanaf Graad 1 tot 6.
M en E	Monitering en evaluasie is 'n sleutelkomponent van die werk van die Direktoraat AOO. Dit beïnvloed ons beplanning vir die toekoms. Alle terreine van intervensie sal 'n M&E-komponent bevat. Dit is van die uiterste belang dat elke intervensie gemonitor word om te bepaal hoe doeltreffend dit is en watter uitwerking dit op onderrig en leer in die skole het. Die praktyk-toets in 100 skole met betrekking tot werkskedules is 'n voorbeeld hiervan.
Algemene aantekeninge oor die sektor	Die klem val op die volgende: - Versterk primêre skole - Bou geletterdheid en gesyferdheid sodat leerders vlot kan lees wanneer hulle in die hoërskool kom - Bevorder die plan vir taaltransformasie - Verminder ongeletterdheid onder volwassenes en jeugdiges - Verbeter die gehalte van onderrig en leer in primêre skole - Verbeter leerderprestasie – kwalitatief sowel as kwantitatief - Verskaf leer- en onderrighulpbronne van die hoogste gehalte - Verbeter die gehalte en verskeidenheid van programme wat aangebied word en bring dit in ooreenstemming. - Verseker dat praktisyns en bestuur bevoeg is om die nuwe programme doeltreffend te implementeer - Verseker die integrasie van lewensvaardighede en insluiting in die kurrikulum. - Onderrig- en leerprosesse waarvan die gehalte verseker is - Vestig 'n omvattende databasis en navorsingsagenda

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10 Direktoraat: VOO-kurrikulum	
Steun vir bestuur	*Sleutelfokus:* Ontwikkeling van ondersteuningsamptenare vir die VOO-kurrikulum om aan onderwysers volgehoue ondersteuning te bied. *Intervensie sluit die volgende in:* - Die stel van gepaste doelwitte - Uitbreiding en konsolidering van gesonde werksverhoudings met toepaslike belanghebbendes, insluitend Openbare-private Vennootskappe - Skepping van 'n VOO-komitee vir Geletterdheid - Skepping van 'n VOO-komitee vir Gesyferdheid om vakke in te sluit wat van doeltreffende gesyferdheid afhanklik is, bv. Wetenskap, Tegnologie, Aardrykskunde - Sessies vir Nadenke en Beplanning - Oorlegplegende vakvergaderings met Kurrikulumadviseurs en belanghebbendes, bv. HOI's, NRO's, vakbonde - Mini-konferensies/ indabas met belanghebbendes om as bemiddelaars vir nuwe inhoud op te tree, die beste praktyke te deel en netwerkvorming onder onderwysers en skole aan te moedig - Die bywerk en gebruik van webblaaie om die NKV te ondersteun, om voorsiening te maak vir die vloei van inligting en om 'n gemeenskap van toepassing aan te moedig - Professionele ontwikkeling van SKB's en KA's in onderwysadministrasie en leierskap, bv. OFBW, projekleierskap, opleiding, webbladontwerp en deur die bywoning van professionele vakseminare/ - -konferensies - Navorsing en ontwikkeling in innoverende en skeppende onderrigmetodologieë, insluitend die gebruik van IKT en blootstelling en modelle van "beste praktyk" plaaslike sowel as in die buiteland. - Professionele ontwikkeling van kurrikulumadviseurs in innoverende onderrigmetodologieë - Opleiding van Departements- en Vakhoofde om die kurrikulum te bestuur - Bevordering van indiensopleiding en programme vir die ontwikkeling van onderwysers om die gehalte van onderrig in kritieke vakke soos Wiskunde, Wetenskap en Lewensoriëntering te verbeter. - Bemiddel Werkskedules vir onderwysers in Graad 10 – 12 deur samewerking met distrikte - Beplan strategieë om onderwysers te help om IKT in die kurrikulum te integreer (evaluering van programmatuur, samewerking met ander Direktorate, opleiding in rekenaargeletterdheid).
Steun vir onderwysers	Organiseer en hou werkwinkels vir AOO-onderwysers om beplanning en strategieë vir klaskamerbestuur (navorsing) te versterk. Verbeter vaardighede van onderwysers in nuwe inhoud en onderrigmetodologie vir die Nasionale Kurrikulumverklaring. Bevorder die gehalte van onderwys in die armste gemeenskappe, en konsentreer veral op skole in die 27 voorkeurgebiede.
Steun vir leerders	Die WKOD neem deel aan die Nasionale Strategie vir Leerderprestasie (NSLP) waar hierdie skole spesiale aandag en steun van die Distrikte geniet. Die NSLP se Graad 12-vraestelle vir die eksamens in Junie en September 2009 sal, tesame met die memoranda, ná elk van hierdie eksamens aan alle skole verskaf word. Die Studiemaat-inisiatief sal in samewerking met die NDvO vir 'n aantal van die groot vakke aan alle skole beskikbaar gestel word. Kontrolelyste vir kennis en vaardighede en brosjures met riglyne oor studiemetodes vir Graad 12-leerders sal aan alle skole beskikbaar gestel word. Radiolesse sal, as voorbereiding vir die matriekeksamen, in samewerking met gemeenskapsradiostasies deur amptenare en deskundige onderwysers aangebied word. Winter- en Lenteskole: bykomende onderrig en voorbereiding vir die eksamen in sekere vakke vir Graad 12-leerders sal gedurende die Junie- en Septembervakansie oral in die provinsie gehou word. Spesiale intervensie vir leerders in 53 Dinaledi-skole: deskundige studieleiers sal aangestel word om ter voorbereiding vir die eindeksamen, studiesessies vir klein groepies leerders aan te bied. Subsidiëring van leerders uit skole in benadeelde gemeenskappe wat potensiaal vir verdere studie getoon het, om vakansieskole by te woon / Klasse op Saterdae in samewerking met senior studente uit HOI's vir leerders uit gekeurde skole SDT/Geelbladsye-hersieningsprogram vir Wiskunde- en Wetenskapleerders wat Sondae by SterKinekor-bioskope aangebied sal word.
Steun vir leer	Beplan strategieë om onderwysers te help om IKT in die kurrikulum te integreer.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10 Direktoraat: VOO-kurrikulum	
Steun vir fasiliteite	Voorsien skole van hulpbronne om uitnemendheid te bevorder, bv. fasiliteite (laboratoriumtoerusting) en menslike hulpbronne (laboratoriumassistente), ens.
Uitbreiding	Doen navorsing oor klaskamerbestuur en innoverende onderrigmetodologie in elke vak Lei onderwysers op in nuwe inhoud en metodologie Bevorder indiensopleiding
Konsoli-dasie	Konsolideer platform wat deur Fokus- en Dinaledi-skole gebied word om leerders toegang te gee tot vakkeuses en geleenthede wat voorheen nie vir hulle toeganklik was nie.
M en E	Hoewel elke intervensie ingeboude evaluering deur die deelnemers en diensverskaffers insluit, is dit uiters belangrik dat elke intervensie gemonitor word om die doeltreffendheid en impak daarvan op onderrig en leer in die skole te bepaal.
Algemene aan-tekeninge oor die sektor	Die VOO-Kurrikulumsektor is bedoel as riglyn vir toekomstige beplanning, benaderings, programme en intervensie deur die Kurrikulumdirektoraat in samewerking met die Distrik om spanne en ander vennote te ondersteun en om dit met die Jaarlikse Prestasieplan in ooreenstemming te bring.

Ander lewerbare sleutelaspekte:

Versekering van Gehalte

Wanneer die Direktoraat: Gehalteversekering sy verantwoordelikhede ten opsigte van toesig nakom, sal hy in die tydperk van drie jaar vanaf 2009/10 – 2011/12, verseker dat alle bestuur met betrekking tot hulle funksionele terreine en programme, monitering en evaluering invoer en implementeer. Dit behels ook uitslag-gebaseerde verslaggewing aan die organisasie – gebaseer op staafbare getuienis. Kort opleidingskursusse oor Monitering van Uitslae sal met gereelde tussenposes aangebied word.

Die vordering van die Lei- en Erfenisprojekte sal gemonitor word, en gereelde verslae sal aan die aktiewe ondersteuners/ leiers en program- en projekbestuur voorgelê word. Die Direktoraat: Gehalteversekering sal kontrolering doen om die gehalte van die verslae, prosesse en prosedures te verseker.

Die evaluering van sekere projekte deur die Direktoraat: Gehalteversekering sal oor die volgende drie jaar voortgesit word om te bepaal of die WKOD waarde vir geld kry, en of die Sakeproseseienaars die bekendstelling van hulle projekte monitor. Daar sal spesiale klem gelê word op die bekendstelling van Graad R-klasse en die implementering van Graad R-leerprogramme. Die direktoraat sal die monitering van die gereedheid van leerinstelling vir die eerste dag van die kwartaal koördineer om te bepaal in watter mate beplanning plaasgevind het om die beste moontlike onderrig en leer te verseker.

Gedurende die MTBF-tydperk sal daar spesiaal gekonsentreer word op die monitering en evaluering van direktorate van die WKOD ingevolge hulle Planne vir die Verbetering van Dienslewering en die diensstandaarde wat aan hulle belangrikste Sleuteluitslagareas gekoppel is. Hierdie proses sal dit vir die WKOD moontlik maak om oor die prestasie van direktorate verslag te doen.

Die Direktoraat sal die nasionale en provinsiale verslae oor die Graad 3 Sistemiese Evaluering aan alle belanghebbendes versprei. Die bevindings van die studie sal in die voorbeeldskole bemiddel word, en elke skool sal 'n Skoolprofiel ontvang. Dit sal vir die Skoolbestuurspan en onderwysers in die Grondslag- en Intermediêre Fases 'n goeie aanduiding van leerderprestasie in die spesifieke leerareas en -uitkomste gee. Die bevindings sal skole help om doelwitte vir Geletterdheid en Gesyferdheid te bepaal.

Intervensie wat op die distrik gemik is, sal eerstens kriteria vir distrik-evaluering ondersoek, dit met opleidingsessies opvolg en uiteindelik sal distrikte 'n proses van selfevaluering volg, waarna die model verfyn en as loodsmodel bekendgestel sal word.

Die Geïntegreerde Gehalte-Bestuurstelsel sal steeds ooreenkomstig die bestuurspan geïmplementeer word om te verseker dat dit 'n onlosmaaklike deel van die skoollewe word – die distrikte doen dit deur gereelde interaksie met die koördineerders.

Die direktoraat sal Heleskoolevaluering voortsit, met 'n doelwit van 100 skole vir 2009/10. Daar sal gereelde en volgehoue opvolgwerk met skole wees om te bepaal op watter vlak die Ondersteunings in die HSE geïmplementeer is.

Spesiale programme in 27 geïdentifiseerde areas

Die provinsiale regering se Plan vir Maatskaplike Transformasie (PMT-27) is 'n unieke inisiatief om deur dinamiese vennootskappe en gefokusde dienslewering ontwikkeling en maatskaplike samehang te versnel. Die plan is reeds ingewortel en laat sy teenwoordigheid geld deur verskillende intermediêre strukture en programme van aksie wat gesamentlik en met groot moeite deur die regering en gemeenskappe gevestig is.

Sewe-en-twintig (27) prioriteitsareas, gekenmerk deur maatskaplike uitsluiting, ruimtelike segregasie, toenemende misdaad en geweld en ander psigososiale afwykings wat ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike verandering raak, geniet – met inagneming van hulle unieke behoeftes, kontekste, eienaardighede en dinamika – spesiale aandag, deur 'n samewerkingsverhouding tussen die gemeenskap (wat onder die sambreel van die intermediêre struktuur georganiseer is), in samewerking met die regering (wat deur 'n verskeidenheid nasionale, provinsiale en plaaslike rolspelers verteenwoordig word).

Intervensies wat deur Onderwys gesteun word, is onder andere die volgende:

a) Ontwikkeling/ versterking van Intermediêre Strukture om verbeterde betrokkenheid tussen die groep van gemeenskapsgebaseerde organisasies in die burgerlike samelewing en die gesamentlike regeringsgroep moontlik te maak.
b) Saamtrekke vir Dienslewering (insluitend die bespoediging van toelaes soos kindertoelaes, identiteitsdokumente en plasing van leerders)
c) Izimbizo's (interaksies tussen gemeenskappe en die Premier)
d) Transversale Navorsing en Ontwikkeling (insluitend die ontwikkeling van plaaslike moniterings- en bestuurstelsels vir weeskinders, leerders wat deur MIV/ vigs geraak word en ander weerlose leerders)
e) Transversale inligtings-/ databestuurstelsel
f) Ontwikkeling van skole as nodusse van sorg (SNVS)
g) Hanteer misbruik van stowwe as 'n groot prioriteit
h) Skoolveiligheid
i) Verlies aan/ Behoud van leerders
j) Verbeterde skoolvoeding
k) Inisiatiewe vir Gemeenskapsontwikkeling
l) Die vestiging en bedryf van Onderwysforums om die Intermediêre strukture te steun en die impak van onderwys in die betrokke gemeenskappe te versterk.
m) Verskaffing van Loopbaanuitstallings om leerders te help om goeie keuses te maak
n) Ondersteuning vir alle maatskaplike kapitaalbelegging soos dié deur die skepping van Oud-Leerderverenigings, Afgetrede Onderwysersverenigings en dies meer.

2010 Wêreldbeker

Die WKOD, in samewerking met die Departement van Kultuuraangeleenthede en Sport en die Wes-Kaapse Skole-sokkervereniging, vorm deel van 'n onderneming van samewerking tussen die Departement van Onderwys en Sport en Ontspanning Suid-Afrika, ook bekend as die Suid-Afrikaanse Skolesokker-Wêreldbekerkompetisie. Skole sal beplande, georganiseerde en gereelde opvoedkundige uitstappies na die terrein van die 2010 Wêreldbeker onderneem. Daarbenewens is daar groot oefeninge en kompetisies wat alle vakke dek en wat voorbereiding vir hierdie belangrike gebeurtenis sal steun.

Die oogmerke van die Skole-Sokkerwêreldbekerwedstryd is die volgende: om Suid-Afrikaners, veral jongmense, te mobiliseer om in 2010 as gashere vir die FIFA-Sokkerwêreldbeker op te tree en daaraan deel te neem; om nasionale trots en eenheid te wek en waardes van nie-rassisme, verdraagsaamheid en anti-xenofobie te bou; om skolesport kreatief te gebruik om liggaamlike aktiwiteit, gesonde leefstyle, verbintenis tot maatskaplike waardes en maatskaplike samehang te bevorder, asook waardering en respek onder onderwysers, leerders en ouers te kweek; om hierdie inisiatief strategies te koppel aan die Veldtog vir Bewusmaking van MIV en vigs, Nasionale Strategie vir die Voorkoming van Misdaad, morele herlewing en die versekering van institusionele veiligheid en sekuriteit, teen-opkikkers, onthouding van middelmisbruik en nakoming van 'n gedragskode in sport, en die bevordering van massadeelname van leerders aan die erfenistemas van die 2010 FIFA Wêreldbeker ™ in musiek, kunste en kulturele aktiwiteite en sokker.

Ontleding van beperkings en maatreëls wat beplan word om dit te bowe te kom

Verantwoordelikhede vir Bestuur van die Kurrikulum in skole

Die probleem van ontoereikende "tyd-vir-taak" in skole moet op verskillende maniere en in vennootskap met die Inrigting-Bestuursdirektoraat en die omgangsamptenare vir die Distrik opgelos word. Dinkskrums moet oor idees en prosesse gehou en dan verwesenlik word. Byvoorbeeld:

- verbetering van dissipline in die klaskamer en skool
- hulp vir die onderwysers om hul onderrigmetodes te verbeter om leerders meer by die lesse te betrek
- gebruik van aansporingsmiddels en gevolge
- vermindering van die tyd wat, afsonderlik van leer, vir assessering gebruik word
- hulp aan onderwysers om hulle voorbereidings- en merktyd te bestuur
- skakeling met die direktoraat vir IBB en omgangsbestuur om saam tot die verbetering van skoolbestuur en opstel van roosters by te dra

- hulp aan onderwysers om onderling te skakel en mekaar te help om so voorbereidingstyd te verminder
- beplanning van aktiwiteite aan die einde van die kwartaal wat leerders sal aanmoedig om op skool te bly
- ontwikkeling van “tyd-vir-taak”-beleide
- skepping van toestande vir onderwysers wat in lees en gesyferdheid opgelei is

Meganismes vir terugvoering

Die proses van verslaggewing oor skoolbesoeke en alle ander aktiwiteite moet duidelik gestel word en suksesvol en produktief gemaak word. Kort, duidelike en bondige verslae wat die suksesse, uitdagings en ondersteuning identifiseer sonder om lomp en tydrowend te wees, sal aan die toepaslike belanghebbendes – insluitend die leerders en skole, asook aan die WKOD se kanale vir verantwoording – voorsien word.

Kommunikasie

Kommunikasie met onderwysers en die breëre publiek sal deur middel van webblaaie vir die kurrikulum en individuele vakke, e-pos oor spesifieke vakke en nuusbriewe voortgesit en ontwikkel word. Onderwysers sal toegang hê tot dokumente, modelle, idees, nuus en inligting en deur middel van die webblad en e-pos, asook studiegroepe vir onderwysers waar daar aan besprekings deelgeneem kan word.

Strategie vir die aanmoediging van positiewe gedrag en reaksie op uitdagende gedrag in openbare skole

Die doel van die strategie is tweeledig: Eerstens moet dit ’n konseptuele raamwerk en bedryfsriglyne vir die aanmoediging van positiewe gedrag bied en, tweedens, moet dit strategieë identifiseer en meganismes vir doeltreffende reaksie op uitdagende gedrag in skole verskaf. Om hierdie oogmerk te bereik, is die doel van die strategie a) die bevordering van die terugeising van skoolomgewings in ’n inklusiewe onderwysstelsel, b) die bevordering van ’n ontwikkelings-, kraggebaseerde en versterkende benadering tot uitdagende gedrag, en c) die uitbou van onderwysers se vermoë om op ’n ontwikkelende en versterkende manier op uitdagende leerders te reageer, en die verskaffing van gehalte- en doeltreffende programme, dienste en onderrig aan leerders wat in gevaar is.

Identifisering van skole wat in gevaar is

Omgangspanne identifiseer die probleme wat ondervind word; spanne ontwerp ’n strategie om aan die probleme aandag te skenk; die steun van buite-organisasies word, waar nodig, ingeroep; departementele opleidingsprogramme word aan die skool aangebied; voortgesette mislukking kan tot mentorskap/ kuratorskap by daardie skole lei; as die skool steeds onsuksesvol is, kan dit hersaamgestel word.

Veldtog vir Vroeë Inskrywing

Hierdie holistiese intervensie moedig skole aan om vroeg in die jaar met die “inskrywing van leerders” te begin om dit teen die einde van die jaar te finaliseer. Die distrikte help om skole met die voltooiing van hulle roosters en met benoemings vir aanstelling van onderwysers sodat skole op die eerste dag van die nuwe skooljaar met onderrig kan begin. Distrikte identifiseer “probleemareas” met betrekking tot akkommodasie sodat noodplanne in plek geplaas kan word.

Inklusiewe onderwys

Witskrif No. 6 oor die Onderwys (“Onderrig van Leerders met Spesiale Behoeftes: Die Skepping van ’n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel, 1 Julie 2001”) dui aan hoe die huidige onderwysstelsel omskep moet word in ’n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel wat toegang tot die kurrikulum en gepaste ondersteuning vir alle leerders wat struikelblokke tot leer ondervind, verseker. Dit gee ’n uiteensetting van noodsaaklike strukture vir ’n inklusiewe onderwysstelsel: hoofstroomskole moet tot volle-diensskole ontwikkel word om voorsiening te maak vir leerders wat lae en medium vlakke van ondersteuning benodig; spesiale skole moet uitgebou word as hulpbronsentra wat spesialis-ondersteuningsdienste aan hoofstroomskole bied; distriksgebaseerde ondersteuningspanne moet ontwikkel word deur ’n multifunksionele benadering wat gemeenskapsbetrokkenheid, insluit; ondersteuningspanne op inrigtingsvlak moet in alle hoofstroomskole gevestig en ontwikkel word.

Verbeterde dienslewering

Die nuwe model van Omgangspanne is ontwerp om diens nader aan die skole te bring. Die vergrote kapasiteit op Distriksvlak en die skepping van ’n bykomende distrik, tesame met groter kapasiteit by Hoofkantoor, behoort ’n groot bydrae tot groei en ontwikkeling te lewer. Elke span sal uit minstens 11 professionele persone bestaan wat samehangende en konsekwente steun aan skole sal lewer wat ’n verbetering sal wees op die *ad hoc* multifunksionele spanne wat voorheen werksaam was.

Verbeterde doeltreffendheid

Die Direktorate Menslikekapitaalbeplanning en Beleidskoördinasie sal ook help om by die skepping van doeltreffendheid die leiding te neem. Die belangrikste programmatiese intervensie vir hierdie tydperk is om ’n beleidsoudit te doen wat in fases gestruktureer is en konsentreer op beleidsverklarings, riglyne, nuusbriewe, regulasies, die samestelling van ’n inventaris vir beleidsoudit, die identifisering en assessering van beleide, die voorlegging van Ondersteunings vir die hersiening, koördinering, instelling en rasionalisering van beleide, om die beleidsproses te koördineer en die implementering daarvan te fasiliteer. Die omvang daarvan sal uitgebrei word om ook ’n oudit van skoolbeleide in te sluit.

ST201	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
2.1 Openbare primêre skole		3,119,550	3,503,102	4,187,867	4,599,235	5,046,666	5,502,654
2.2 Openbare sekondêre skole		2,245,798	2,428,511	2,818,358	3,218,364	3,544,258	3,758,594
2.3 Professionele dienste		177,165	216,841	282,165	376,704	380,408	404,450
2.4 Menslike hulpbron-ontwikkeling		13,104	20,454	37,263	78,720	83,567	88,783
2.5 Voorwaardelike toekennings		45,958	53,075	86,561	112,548	173,318	227,433
TOTAAL		5,601,575	6,221,983	7,412,214	8,385,571	9,228,217	9,981,914
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		5,067,372	5,625,189	6,755,647	7,671,868	8,391,181	9,102,908
Kompensasie van werknemers		4,573,712	5,091,264	6,147,740	6,924,310	7,548,209	8,175,331
Opvoeders		4,116,340	4,597,411	5,532,965	6,252,651	6,816,032	7,382,323
Nie-opvoeders		457,372	493,853	614,775	671,659	732,177	793,008
Goedere en dienste en ander huidige		493,660	533,925	607,907	747,558	842,972	927,577
Oordragte en subsidies		310,217	455,517	471,029	465,803	526,733	581,377
Betalings vir kapitale bates		223,986	141,277	185,538	247,900	310,303	297,629
TOTAAL		5,601,575	6,221,983	7,412,214	8,385,571	9,228,217	9,981,914
DOELTREFFENDHEID STATISTIRK							
Leerders (a)		900,941	916,855	912,763	922,763	932,763	942,763
Totale moontlike leerderdae per leerder (b)		195	191	203	195	199	199
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		27,532	28,466	28,709	29,513	29,628	31,388
Aantal Opvoeders (in openbare diens) Prim & Sek (d)		27,066	27,935	27,621	28,425	28,540	30,300
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)		6,207	6,423	6,709	6,709	6,709	6,709
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (Beheer)		466	531	1,088	1,088	1,088	1,088
Aantal permanente opvoeders wat openbare gewone skole verlaat het (e)		883	1,093	1,300	1,300	1,300	1,300
Afslytingsyfer vir permanente opvoeders (e/d)		3%	4%	4%	4%	4%	4%
Totale moontlike werksdae per opvoeder (f)		199	195	207	199	203	203
Totale werksdae weens opvoederafwesigheid verloor (g)		346,506	330,000	335,035	330,000	330,000	330,000

ST201	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
SKOOLVOEDINGSTATISTIEK						
Reikwydte van program in terme van gemiddelde aantal dae per leerder (k)	170	170	170	198/184	198/184	198
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM201: Aantal leerders wat uit die skoolvoedingsprogram voordeel trek	156,617	203,676	204,000	335,000	339,000	342,000
► PM202: Aantal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes	Historiese data nie beskikbaar nie	15,110	12,758	13,258	13,758	14,258
► PM203: Aantal voldiens-skole in die provinsie	10	10	11	68	78	88
► PM204: Aantal openbare gewone skole sonder watertoevoer	0	0	0	0	0	0
► PM205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit	0	0	0	0	0	0
► PM206: Aantal skole sonder funksionele toilette	0	0	0	0	0	0
► PM207: Totale openbare begroting bewillig vir geskeduleerde onderhoud as persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur	0.7%	0.85	0.3%	0.4%	0.6%	0.6%
► PM208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid	0	0	0	0	0	0
► PM209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid	0	0	0	0	0	0
► PM210: Aantal openbare gewone skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal, soos bestel, teen dag een van die skooljaar gelewer	1,452	1,452	1,452	1,455	1,460	1,466

Let wel: Die aantal skole met water- en elektrisiteitstoevoer (gebruik vir PM204 en PM205) kan in die tabelle oor primêre en sekondêre skole gevind word.
Let wel: Geteikende primêre spesiale skool-leerders en Nasionale Kwintiel 1 sekondêre skool-leerders ontvang vir 189 dae per jaar maaltye en Kwintiel 2 en bogenoemde sekondêre skool-leerders vir meer as 184 dae.
Bronne: Provinsiale Begrotingsverslag (2009).

ST202	OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		2,819,522	3,166,583	3,794,658	4,169,198	4,558,555	4,989,934
Kompensasie van werknemers		2,625,088	2,920,292	3,542,066	3,988,301	4,360,092	4,781,703
Opvoeders		2,388,830	2,637,024	3,223,280	3,601,436	3,937,164	4,317,878
Nie-opvoeders		236,258	283,268	318,786	386,865	422,928	463,825
Goedere en dienste en ander huidige		194,434	246,291	252,592	180,897	198,463	208,231
Oordragte en subsidies		182,005	262,151	288,243	280,168	321,086	350,564
Betalings vir kapitale bates		118,023	74,368	104,966	149,869	167,025	162,156
TOTAAL		3,119,550	3,503,102	4,187,867	4,599,235	5,046,666	5,502,654
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)		16,445	17,187	17,322	17,717	17,832	19,149
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)		3,432	3,539	3,612	3,612	3,612	3,612
INSKRYWING							
Leerders in openbare primêre skole (b)		570,897	587,638	590,799	595,799	600,799	605,799
L:O-verhouding in openbare primêre skole (b/a)		34.7	34.2	34.1	33.6	33.7	31.6
Leerders Graad 1 tot Graad 7 (c)		560,157	568,695	582,017	587,017	592,017	597,017
wat gestremd is		13,470	11,737	11,252	13,321	13,321	13,322
wat vroulik is		270,558	285,521	287,254	294,720	297,230	299,740
Geslagsgelykheidindeks		0.91	0.98	0.95	0.98	0.98	0.98

ST202 OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)						
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
INRIGTINGS EN INFRASTRUKTUUR						
Skole	1,095	1,095	1,095	1,096	1,100	1,102
Aantal skole met SASB Artikel 21-funksies	709	736	783	795	810	820
Aantal skole wat tot "Geen skoolgeld"-skole verklaar is	547	547	546	546	546	547
Aantal skole met watertoevoer	1,095	1,095	1,095	1,096	1,100	1,102
Aantal skole met elektrisiteit	1,095	1,095	1,095	1,096	1,100	1,102
Aantal skole met voldoende aantal werkende toilette	163	603	615	626	634	163
Klaskamers (d)	20,433	20,033	20,243	20,399	20,427	20,433
Leerder/klaskamer verhouding (b/d)	27.9	29.3	29.2	29.2	29.4	27.9
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	0
BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)						
Besteding op skoolonderhoud	55,121	7,700	34,303	49,146	68,184	72,275
Vervangingswaarde van alle onbeweeglike skoolinfrastruktuur (R'000)	8,000,000	8,000,000	8,960,000	10,035,200	11,239,424	12,558,155
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM211: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid behaal	Nuwe PM	Nuwe PM	49%	50%	54%	58%
► PM212: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Geletterdheid behaal	Nuwe PM	Nuwe PM	48%	50%	54%	58%
► PM213: Die prestasiesverhouding van die armste 20% van leerders in Kwintiel 1 teenoor die mees gegoede 20% leerders in Kwintiel 5 in Graad 3	Nuwe PM	Nuwe PM	Wag vir data van DvO	Benodig grondlyn van DvO	Benodig grondlyn van DvO	Benodig grondlyn van DvO
► PM214: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Tale bereik	Nuwe PM	Nuwe PM	Wag vir data van DvO	50%	52%	55%
► PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde behaal	Nuwe PM	Nuwe PM	Wag vir data van DvO	50%	52%	55%
Let wel: Hierdie datastel sal in die toekoms op nasionale toetsing gebaseer word. Hierdie data is nog nie aan die provinsie beskikbaar gestel nie.						

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	2,022,613	2,189,101	2,562,970	2,939,702	3,200,590	3,397,804
Kompensasie van werknemers	1,806,391	2,006,353	2,365,773	2,632,442	2,863,300	3,047,049
Opvoeders	1,625,752	1,811,737	2,129,196	2,377,095	2,585,560	2,751,486
Nie-opvoeders	180,639	194,616	236,577	255,347	277,740	295,563
Goedere en dienste en ander huidige	216,222	182,748	197,197	307,260	337,290	350,755
Oordragte en subsidies	120,336	173,524	181,809	184,718	204,686	229,811
Betalings vir kapitale bates	102,849	65,886	73,579	93,944	138,982	130,979
TOTAAL	2,245,798	2,428,511	2,818,358	3,218,364	3,544,258	3,758,594
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)	10,621	10,748	10,299	10,708	10,708	11,151
Aantal Nie-opvoeders	2,505	2,600	2,634	2,634	2,634	2,634
INSKRYWING						
Leerders in openbare sekondêre skole (b)	330,199	329,400	322,177	327,177	332,177	337,177
L:O-verhouding in openbare sekondêre skole (b/a)	31.1	30.631.3	31.3	30.6	31.0	30.2
Leerders Graad 8 tot Graad 12 (c)	340,784	348,160	330,746	335,746	340,746	345,746
wat vroulik is (d)	171,797	179,934	176,173	173,518	176,102	178,686
wat in Graad 12 vroulik is	22,904	24,704	25,098	25,200	25,300	25,400
Geslagsgelykheidsindeks	1.0	1.0	1.1	1.0	1.0	1.04
Vroulike leerders in Graad 12 wat Wiskunde neem (e)	11,701	13,402	10,987	11,000	11,100	11,200
Vroulike leerders in Graad 12 wat Wetenskap neem (f)	5,705	6,640	6,720	6,500	6,550	6,600

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
INRIGTINGS EN INFRASTRUKTUUR						
Skole	357	357	357	359	360	364
Aantal skole met SABA Artikel 21-funksies	225	242	249	260	270	290
Aantal skole wat tot “Geen skoolgeld”-skole verklaar is	105	106	107	107	107	105
Aantal skole met watertoevoer	357	357	357	359	360	364
Aantal skole met elektrisiteit	357	357	357	359	360	364
Aantal skole met voldoende aantal werkende toilette	47	47	87	99	107	119
Aantal skole met ’n wetenskaplaboratorium	314	318	352	354	360	364
INRIGTINGS EN INFRASTRUKTUUR (vervolg)						
Klaskamers (f)	10,825	10,960	11,595	11,661	11,760	11,760
Leerder/klaskamer-verhouding (b/f)	30.1	28.4	27.6	27.8	28.2	30.1
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	0
BESTEDING OP ONDERHOUD (R’000)						
Besteding op skoolonderhoud	42,721	29,624	20,945	20,573	34,092	36,138
Vervangingswaarde van alle onbeweeglike skoolinfrastruktuur (R’000)	4,000,000	4,000,000	4,400,000	5,017,600	5,619,712	6,294,077

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
STATISTEK VAN UITSETTE en DOELTREFFENDHEID						
Aantal Graad 9 leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (g)	81,869	80,698	73,059	76,000	78,000	81,869
Aantal Graad 9 leerders wat aanvaarbare uitkomste bereik (h)	65,495	66,172	60,639	63,840	66,300	65,495
Bevolking van ouderdom 18 (j)	83,524	84,605	86,392	88,200	89,918	91,631
Aantal leerders wat SS-eksamens aflê (k)	38,586	39,824	43,953	43,000	45,000	47,000
Aantal leerders wat SS-eksamens slaag (l)	32,573	33,316	34,577	35,260	36,540	37,500
Aantal leerders wat met endossering slaag	10,394	10,589	14,522	11,200	11,600	12,000
SS-slaagsyfer (l/k)	84.4	83.7	78.7	82.0	81.2	79.8
Aantal SS-kandidate wat beide Wiskunde en Wetenskap slaag (m)	9,708	9,461	8,103	16,800	17,200	17,600
Aantal skole wat SS-eksamens aflê	389	396	406	401	401	401
Aantal skole met 'n SS-slaagsyfer van minder as 40	8	6	17	0	0	0
SS-slaagsyfer van Kwintiel 1-skole (n)	62.0	69.4	70.2	72.0	75.0	78.0
SS-slaagsyfer Kwintiel 5-skole (o)	94.4	93.0	91.6	96.0	96.2	96.4
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM216: Persentasie vroulike leerders wat vir Wiskunde in Graad 12 registreer	Nuwe PM	Nuwe PM	50%	50%	52%	55%
► PM217: Persentasie vroulike leerders wat vir Natuurwetenskap in Graad 12 registreer	Nuwe PM	Nuwe PM	24%	28%	29%	30%
► PM218: Die prestasiesverhouding van die armste 20% van leerders in Kwintiel 1 teenoor die mees gegoede 20% leerders in Kwintiel 5 met betrekking tot die Graad 12-slaagsfer	Nuwe PM	Nuwe PM	0.77	0.78	0.80	0.82
► PM219: Graad 12-slaagsyfer	Nuwe PM	Nuwe PM	78,6%	80%	82%	85%
► PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde	Nuwe PM	Nuwe PM	65%	67%	68%	70%
► PM221: Slaagsyfer in Graad 12 vir Natuurwetenskap	Nuwe PM	Nuwe PM	50%	71%	72%	72%
► PM222: Aantal leerders wat voordeel trek uit die gratis leerdervervoer	Nuwe PM	Nuwe PM	46,000	46,500	47,000	47,500
► PM223: Aantal leerders wat voordeel trek uit die "Geen skoolgeld"-skoolbeleid	Nuwe PM	Nuwe PM	Nuwe PM	346,139	349,046	352,846
Let wel: Aangesien dit die eerste jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat is, is daar geen vorige datastelle beskikbaar wat ten volle van toepassing is nie (voorheen Hoër en Standaardgraad)						

ST204	OPENBARE GEWONE-ONDERWYS - Skole volgens laagste en hoogste graad (2008)											
	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12
Gr. 1		1	24	4	8	135	745	63	91	1	1	37
Gr. 2						5	1					
Gr. 3							1					
Gr. 4							12	1				
Gr. 5												
Gr. 6												
Gr. 7									5			1
Gr. 8									4	1	4	293
Gr. 9												4
Gr. 10												9
Gr. 11												
Gr. 12												1
				Totaal primêre skole (prog. 2.1)			1 095			sekondêre skole (prog. 2.2)		357

Let wel: Die graad in die linkerkantste kolom dui die laagste graad beskikbaar in elke skool aan, en die graad in die boonste ry dui die hoogste graad aan.
Bronne: Jaarlikse opname of Skole (2008).

ST205	OPENBARE GEWONE-ONDERWYS – Opvoeder- en leerderbywoning (2008)			
	Koptellery	Moontlike leer- en onderrigdae	Dae verloor **	Dae verloor
OPVOEDERS *				
2.1 Openbare primêre skole	17,322	3,447,078	207,678	6,0%
2.2 Openbare sekondêre skole	10,299	2,049,501	127,357	6,2%
TOTAAL	28,709	5,496,579	335,035	6,1%
LEERDERS				
2.1 Openbare primêre skole	590,799	122,295,393	Die aantal leerderdae wat verloor is, kan nie tans bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms in kwartaallikse voorleggings van skole beskikbaar sal wees.	
2.2 Openbare sekondêre skole	322,177	60,690,639		
TOTAAL	912,976	199,979,190		

** Bron: Posvoorsiening 2008*
*Let wel ** die dae wat vir opvoeders verloor is in terme van alle verlof wat geneem is, ongeag of die opvoeder deur 'n plaasvervanger vervang is of nie.*

ST206	OPENBARE GEWONE-ONDERWYS - Leerder/opvoeder-verhoudings per kwintiel (2009)					
	Leerders	In openbare diens opvoeders*	Openbare L:O	Opvoeders privaat in diens geneem**	Totaal opvoeders	Doeltref-fende L:O-verhouding
2.1 Openbare primêre skole	590,799	16,118	36.7	2,589	18,707	31.6
Kwintiel 1 (armste)	49,232	1 500	32.8	77	1,577	31.2
Kwintiel 2	55,270	1 533	36.1	47	1,580	35.0
Kwintiel 3	134,751	3 658	36.8	109	3,767	35.8
Kwintiel 4	169,592	4 622	36.7	338	4,960	34.2
Kwintiel 5 (mees gegoede)	181,954	4 805	37.9	2 018	6,823	26.7
2.1 Openbare sekondêre skole	322,177	9,970	32.2	1,632	11,602	27.8
Kwintiel 1 (armste)	11,920	355	33.6	5	360	33.1
Kwintiel 2	19,507	599	32.6	9	608	32.1
Kwintiel 3	79,106	2 447	32.3	38	2,485	31.8
Kwintiel 4	81,365	2 559	31.3	100	2,659	30.6
Kwintiel 5 (mees gegoede)	130,279	4 010	32.5	1 480	5,490	23.7

ST207	OPENBARE GEWONE-ONDERWYS – Hulpbronvoorsiening via die Skoolbefondsingsnorme (2009/10)

Programme/Wetlike status/Armoede-kwintiele	Skole	Totale besteding (R'000)	Leerders	Besteding per leerder R
2.1 Openbare primêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	316	94,057	178,590	527
Kwintiel 1 (armste)	78	15,232	18,807	810
Kwintiel 2	25	11,304	15,276	740
Kwintiel 3	87	43,351	71,411	607
Kwintiel 4	79	18,024	44,613	404
Kwintiel 5 (mees gegoede)	47	6,146	28,483	216
Artikel 21-skole	773	166,592	407,571	409
Kwintiel 1 (armste)	190	23,466	28,982	810
Kwintiel 2	78	29,401	39,731	740
Kwintiel 3	88	37,502	61,983	605
Kwintiel 4	168	50,423	124,782	404
Kwintiel 5 (mees gegoede)	249	25,800	152,093	170
TOTAAL	1,089	260,649	586,161	445
2.2 Openbare sekondêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	104	57,362	103,747	553
Kwintiel 1 (armste)	9	7,457	9,241	807
Kwintiel 2	10	8,163	11,031	740
Kwintiel 3	40	26,904	44,470	605
Kwintiel 4	26	8,712	20,486	425
Kwintiel 5 (mees gegoede)	19	6,126	18,519	331
Artikel 21-skole	255	81,693	218,635	374
Kwintiel 1 (armste)	5	3,192	3,955	807
Kwintiel 2	9	6,118	8,268	740
Kwintiel 3	34	20,333	33,608	605
Kwintiel 4	65	25,263	60,299	419
Kwintiel 5 (mees gegoede)	142	26,787	112,505	238
TOTAAL	359	139,055	322,382	431
Totaal vir Nie-Artikel 21-skole	420	151,419	282,337	536
Totaal vir Artikel 21-skole	1,028	248,285	626,206	396
Totaal vir Kwintiel 1	282	49,347	60,985	809
Totaal vir Kwintiel 2	122	54,986	74,306	740
Totaal vir Kwintiel 3	249	128,090	211,472	606
Totaal vir Kwintiel 4	338	102,422	250,180	409
Totaal vir Kwintiel 5	457	64,859	311,600	208
GRAND TOTAAL	1,448	399,704	908,543	440
Program 2 nie-personeel, nie-kapitale begroting		1,150,063		
Topsnitvlak		65.2		

B.3 Onafhanklike skool-subsidies

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 3 verband hou en die gepaardgaande prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Gehalte	▲ Om te verseker dat gehalte onderwys in onafhanklike skole voorkom	► PM301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is ► PM302: Aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

Die Wes-Kaap Provinsiale Skoolonderwyswet, (Nr. 12 van1997), Suid-Afrikaanse Skolewet, (Nr. 84 van1996), Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, (Wet 108 van 1996).

Strategiese teikens en doelwitte (Uittreksel uit Vyfjaarplan):

Om toegang tot gehalte onderwys vir alle kinders wat in hierdie provinsie woon, te verseker.

Prioriteite:

Enige persoon kan, volgens die grondwet, 'n onafhanklike skool, onderhewig aan streng kriteria, vestig en teen eie koste bedryf. Hierdie skole mag nie op grond van ras diskrimineer nie, moet gehalte onderwys, wat nie laer is as diè van 'n soortgelyke skool in die omgewing is nie volhou en moet by die WKOD geregistreer wees.

Daar is baie streng registrasiekriteria, bv.:
- Fasiliteite moet geskik wees en 'n klaringsertifikaat word van die Plaaslike Owerheid word vereis om 'n onderwysinrigting te bedryf.
- Daar moet 'n geskrewe Grondwet wees.
- Onderwysers moet oor toepaslike kwalifikasies beskik.
- Die kurrikulum van die skool moet verseker dat die uitkomste van die Nasionale Kurrikulum bereik word.

Alle onafhanklike skole wat by die WKOD geregistreer is, kom, afhangende van die Norme En Standaarde Befondsingsbeleid vir Onafhanklike Skole, in aanmerking vir maksimum subsidies gelykstaande aan 60% van die koste per leerder in openbare skole. Alle onafhanklike skole wat vir die subsidie aansoek doen en wat volgens die Befondsingsbeleid kwalifiseer, sal 'n subsidie ontvang. Om volhoubaarheid te verseker, sal subsidies egter eers 'n jaar na registrasie of aanvang toegeken word. Sodra daar vir 'n subsidie aansoek gedoen word, sal Distriksbeamptes, wat die evaluering van onderwysprogramme doen, die skool besoek. Betaling word dan slegs gedoen indien daar 'n bevredigende verslag met 'n aanbeveling vir betaling, by die aansoek ingesluit is.

Die WKOD moet sorg dat daar gehalte onderwys in onafhanklike skole gelewer word en sal skole dienooreenkomstig monitor. Die Senior Sertifikaat-uitslae van onafhanklike skole word jaarliks fyn dopgehou. Waar skole nie op 'n hoër standaard as openbare skole presteer nie word hulle daarvan in kennis gestel dat hulle die kans staan om gederegistreer te word.

Ontleding van vooruitgang

Gehalte

Daar is tans 229 geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie skole akkommodeer 'n hele reeks leerders uit verskillende sosio-ekonomiese agtergronde en is ook waardevolle vennote in onderwyslewering in die provinsie. Die WKOD gee tans subsidies aan 100 onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie onafhanklike skole bied onderwysgeleenthede aan benadeelde leerders in die provinsie.

Ontleding van struikelblokke en maatreëls om hulle te oorkom

Die deurvoer- en uitsetsyfers, asook uitslae van onafhanklike skole sal fyn dopgehou word. Subsidies sal dienooreenkomstig aangepas word as skole deurlopend swak presteer.

ST301	ONAFHANKLIKE SKOOL-SUBSIDIES - Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
3.1 Primêre fase		15,902	19,042	23,909	27,636	29,571	31,552
3.2 Sekondêre fase		18,357	20,671	24,497	28,271	30,250	32,277
TOTAAL		34,259	39,713	48,406	55,907	59,821	63,829
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		0	0	0	0	0	0
Kompensasie van werknemers		0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste en ander huidige		0	0	0	0	0	0
Oordragte en subsidies		34,259	39,713	48,406	55,907	59,821	63,829
Betalings vir kapitale bates		0	0	0	0	0	0
TOTAAL		34,259	39,713	48,406	55,907	59,821	63,829
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		-	-	-	-	-	-
INSKRYWING							
Leerders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang		17,964	16,838	18,369	18,432	18,432	18,432
3.1 Primêre fase		11,843	10,804	12,073	12,106	12,106	12,106
3.2 Sekondêre fase		6,121	6,034	6,296	6,326	6,326	6,326
Leerders in ongesubsidieerde onafhanklike skole		Historiese data nie beskikbaar nie		8,532	8,532	8,532	8,532
Graad 1 tot 7				6,474	6,474	6,474	6,474
Graad 8 tot 12				2,058	2,058	2,058	2,058
TOTAAL (alle leerders in onafhanklike skole)		17,964	25,370	26,901	26,964	26,964	26,964

ST301	ONAFHANKLIKE SKOOL-SUBSIDIES - Sleutelneigings					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
INRIGTINGS						
Skole wat 'n subsidie ontvang	81	87	89	100	100	100
3.1 Primêre fase	60	65	57	65	78	78
3.2 Sekondêre fase	21	22	24	22	22	22
Skole wat nie 'n subsidie ontvang nie	104	118	129	129	129	129
TOTAAL	185	205	218	229	229	229
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes besoek is (b)	0	0	44	45	45	45
► PRESTASIEMAATREËL						
► PM301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is	0	0	45	45	45	45
► PM302: Aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole	Historiese data nie beskikbaar nie		18,369	18,432	18,432	18,432

ST302	ONAFHANKLIKE SKOOL-SUBSIDIES – Hulpbronvoorsiening via die Skoolbefondsingsnorme (2009)			
Subsidievlak	Skole	Totale besteding (R'000)	Leerders	Besteding per leerder R
60 (armste)	32	30,884	7 431	4,156
40	26	12,650	4 198	3,013
25	23	6,885	3 631	1,896
15	19	2,737	3 65	893
0 (mees gegoede)	2	0	107	0
TOTAAL	102	53,156	18 432	2,884

Let wel *Die aantal skole hierbo (91) sluit nie die skole in wat nie om 'n subsidie aansoek gedoen het nie (127). Subsidievlakke hou verband met skoolgeldvlakke op 'n vyfpunt-, progressiewe skaal. Skole wat die laagste vlak van skoolgeld vra, sal vir die hoogste vlak van subsidie kwalifiseer. Skole wat meer as 2.5 keer die aparte gemiddelde beramings per leerder in onderskeidelik Primêre of Sekondêre fases vra, word beskou as skole met 'n baie gegoede kliëntebasis, en hulle sal 0-subsidie uit openbare fondse ontvang.*

Bron: *Kennisgewing 20 van 2003.*

B.4 Openbare spesiale skool-onderwys

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 4 verband hou en die gepaardgaande prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om toegang tot spesiale skole te verseker in terme van die beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys	► PM401: Aantal kinders met spesiale behoeftes ouderdom 6 tot 15 nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie ► PM402: Aantal leerders by spesiale skole ingeskryf

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

Die volgende wetgewing en gespesifiseerde beleide vorm die riglyne vir die bekendstelling van Inklusiewe Onderwys in die provinsie:

- Wet op Nasionale Onderwysbeleid (No. 27 van 1996) en die Wet op Suid-Afrikaanse Skole (84 van 1996)
- Onderwyswitskrif 6: Onderrig van Kinders met Spesiale Behoeftes: Die Bou van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel, 1 Julie 2001
- Nasionale Kurrikulumverklaring (2005), Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (Staatskoerant No. 23406, Mei 2002)
- Nasionale Strategie oor Keuring, Identifikasie, Assessering en Ondersteuning (KIAO, 2008)
- Konseptuele en Bedryfsriglyne vir die Implementering van Inklusiewe Onderwys: Volledigheidsskole (Departement van Onderwys)
- Volledigheidsskole: Fisiese en Materiële hulpbronne – Spesifisering van Fisiese Hulpbronne vir Volledigheidsskole (Departement van Onderwys)
- Inklusiewe Onderwys – Volledigheidsskole: Fisiese en Materiële hulpbronne – Onderhoudshandboek (Departement van Onderwys (EDO 296))

Ontleding van Vordering

Inklusiewe onderwys

Die implementering van die nasionale veldtoets vir gewone openbare skole – ingevolge waarvan die Primêre Skool JD Crawford, Cascade Primêre Skool en Soyisile Primêre Skool as volledigheidsskole ontwikkel sal word en toeganklikheid by ander gewone openbare skole verbeter sal word – het begin. Die opgradering van die fisiese infrastruktuur, meubels en toerusting om die toeganklikheid van hierdie aangewese skole as hulpbronsentra in die drie kernareas – asook die verskaffing van bykomende personeel en nie-onderwys ondersteuning – geniet aandag.

Die versterking van die spanne in Eden en Sentrale Karoo Onderwysdistrik, Metro Suid Onderwysdistrik en Metro Oos Onderwysdistrik deur die skepping van 'n bykomende pos van Onderwysterapeut op Posgraad 3 vir elke betrokke distrik en omgang, sal die aangewese volledigheidsskole help om leerders wat struikelblokke tot leer ondervind, te help en te ondersteun.

'n Voortgesette en insiggewende veldtog van voorspraak vir inklusiewe onderwys word tans bekendgestel.

Die toewysing van oordragbetalings, soos volgens ooreengekome beginsels bepaal, van die getal leerders, asook die leerderbeswarings op grond van die verskillende struikelblokke tot leer (soos dit in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 bepaal is) vir spesiale skole vir die boekjaar 2008/9 is goedgekeur. Spesiale skole ontvang vanaf April 2008 oordragbetalings.

Spesiale skole

Die personeelvasstellings vir spesiale skole word elke jaar aan die hand van die beskikbare poste vir spesiale skole in die postemandjie, ooreenkomstig die ooreengekome beginsels en na oorlegpleging met werkgewers wat deel is van die PRAVO, asook die erkende SBL-verenigings wat deur wetgewing voorgeskryf word, bepaal. Spesiale skole het in September 2008 hulle personeelvasstellings ontvang.

Die inskrywings by die gevestigde Siviwe School of Skills (Gugulethu) en die Mitchellsplein Vaardigheidskool het gestyg. Die omskepping van twee gewone openbare primêre skole in vaardigheidskole is as prioriteit bepaal om verder in die vraag van vaardigheidsopleiding te voorsien. Drie werkswinkels is by die Khayelitsha School of Skills en by die Primêre Skool Cafda in Retreat voltooi. Toerusting moet nog verkry word. Leerders sal vanaf Januarie 2009 ingeskryf word.

Professionele dienste

Prosesse om die ontwikkeling van gehalte te verseker, is by hierdie sentra gevolg om doeltreffende bestuur en beheer van jeugsentra te verseker. Opvolgbesoeke aan jeugsentra het plaasgevind om planne vir die verbetering van die sentra in samewerking met die toepaslike onderwysdistrikte te fasiliteer en te ontwikkel. Die toepaslike onderwysdistrikte monitor die vordering van hierdie sentra.

'n Regverdige verdelende model vir opvoeders wat leersteun bied, is ontwikkel en daar is met die partye in die PRAVO oorleg gepleeg. Dit was deurslaggewend om ingevolge die beginsels van die Onderwyswitskrif 6 regstelling vir voorheen gemarginaliseerde sektore van die gemeenskap te verseker. Party onderwysdistrikte benut party van hierdie poste om by gewone openbare primêre skole eenhede te skep vir leerders wat struikelblokke tot leer ondervind, om so groter toegang tot gespesialiseerde onderwysondersteuning te skep.

Ontwikkeling van menslike hulpbronne

Die toepaslike skool- en distrikspersoneel is opgelei in die nasionale strategie vir keuring, identifikasie, assessering en ondersteuning (KIAO), asook inklusiewe leerprogramme. Dit sal help met die vroeë identifikasie, keuring en assessering van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind.

'n Bykomende 225 WKOD-amptenare is gedurende 2008 op distriksvlak opgelei en spesiale skole is in die verskillende herstellende intervensies opgelei om hulle in staat te stel om uitdagende gedrag op 'n gepaste manier te hanteer, maatskaplike patologie in skole tot die minimum te beperk en positiewe leerdergedrag in die algemeen te bevorder.

'n Aantal maatskaplike werkers vir skole is ingevolge die nuwe Kinderwet 38 van 2005 opgelei om groter beskerming vir leerders te verseker. Ondersteuning vir maatskaplike werkers in skole word deur die implementering van die protokol van "Moenie Meer Mishandel nie" voortgesit. Interdepartementele samewerking en gesamentlike ontwikkeling/ fasilitering van programme met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en NRO's is ontwikkel vir die implementering van 'n program oor ouervaardighede vir swanger leerders en leerders wat aan die hoof van huishoudings staan.

'n Konferensie vir verpleegsters en terapeute aan spesiale openbare skole in die Wes-Kaap om leerdertoegang tot die kurrikulum en die uitbou van vermoë te fasiliteer, was baie suksesvol. 'n Halfjaarlikse konferensie vir hierdie sektor word vanaf 2009 beplan. 'n Baie suksesvolle VPO-geakkrediteerde konferensie is onlangs gehou met die doel om die professionele bevoegdhede van skoolsielkundiges te handhaaf en by te werk.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ondersteuning vir bestuur	*Die volgende bemagtigende omstandighede wat met die bestuur van opvoedkundige programme by skole verband hou, sal aandag geniet:* - Die ontwikkeling van beleid en stelsels vir spesiale skole en professionele dienste (sielkundige dienste, maatskaplike werk in skole, leerondersteuning in gewone openbare skole en die bevordering van gesondheid en terapeutiese en mediese dienste) - Die uitbou van vermoë met betrekking tot skoolbestuur - Regverdige verdeling van hulpbronne wat betref personeelvasstellings en oordragbetalings - Versekering van ontwikkeling van gehalte in spesiale skole - Ondersoek na doeltreffende en koste-effektiewe vervoerdienste vir spesiale skole - Geïntegreerde WKOD-onderwysplan vir die optimale benutting van bestaande hulpbronne - Spesiale skole as hulpbronsentra ooreenkomstig Onderwyswitskrif 6 - Maatskaplike werkers in skole lewer konsultantediens aan beheerliggame en skoolbestuur met betrekking tot etiek en beleide oor maatskaplike, emosionele en gedragskwessies, welsynswetgewing en tendense in die gemeenskap en welsyn wat' 'n invloed op die funksionering van die skoolgemeenskap het - Sielkundiges lewer sielkundige, opvoedkundige en psigoterapeutiese ondersteuning aan opvoeders, leerders en ouers
Ondersteuning vir onderwysers	*Algemeen* - Programontwikkeling en -implementering om die impak van maatskaplike patologie in skole te verminder en vir leerders 'n kurrikulum te bied wat relevant en innoverend is - Regverdige verspreiding van opvoeders vir leerondersteuning sal onderwysers help met leerders wat struikelblokke tot leer ondervind - Voortgesette uitbouing van opvoeders vir leerondersteuning om leerders te help wat struikelblokke tot leer ondervind, *inter alia*, Geletterdheid, Gesyferdheid/Wiskunde, Wetenskap. Tegnologie en Keurings-, Identifikasie- en Assesseringstrategie (KIAS) - Distriksamptenare en opvoeders vir leerondersteuning sal LOOM ontvang om leerders wat struikelblokke met leer ondervind, te help om toegang tot die kurrikulum te verkry. - Professionele ondersteuning in terme van sielkundige, maatskaplike werk in skole, leerondersteuning en mediese en terapeutiese dienste - Voortgesette opleiding van amptenare op distriksvlak en opvoeders van spesiale skole sal die WKOD se vermoë in die hantering van jeugdiges in nood, leerders wat gevaar loop dat hulle onderrig gestaak of hulle geskors kan word of leerders wat gevaar loop om met die gereg te bots, uit te bou. - Kurrikulumondersteuning en pedagogiese strategieë - Akademiese konferensies vir Onderwys vir Dowes; Blinde Leerders en Leerders met Gedeeltelike Sig; Gebreke binne die Spektrum van Outisme *Maatskaplike werkers in skole sal 'n ondersteuningstelsel ontwikkel en volhou, bv. ondersteuningspanne vir opvoeders binne die skoolgemeenskappe in samewerking met die distriksgebaseerde ondersteuningspan.* - Help opvoeders, versorgers en ondersteuningspersoneel met die vroeë identifikasie van maatskaplike, emosionele en gedragsbehoeftes wat struikelblokke tot leer vorm. - Bemagtig opvoeders, versorgers en ondersteuningspersoneel oor hoe om leerders met maatskaplik, emosionele en gedragsprobleme in die klaskamer te help. - Bevorder vennootskappe tussen opvoeders, ouers en die gemeenskap, en bemagtig ook die skoolgemeenskap in die gebruik van bestaande hulpmiddels en/of met die skepping van nuwe hulpbronne. *Sielkundiges sal opvoeders help om leeromgewings te ontwikkel waar leerders hulle leerpotensiaal en kurrikulumgeleenthede ten beste te ontwikkel.*

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ondersteuning vir leerders	- Bekendstelling van Strategie vir Positiewe gedrag in skole; uitbou van vermoë van distriksgebaseerde ondersteuningspanne, omgangspanne en spesiale skole wat leerders met maatskaplike, emosionele en gedragstruikelblokke tot leer ondervind. - Akkommodasie in spesiale skole vir leerders met struikelblokke te lees wat onderskeidelik 'n hoë, intensiewe en matige vlak van steun benodig. - Akkommodasie in volledigheidsskole (eenhede) vir leerders met struikelblokke tot leer wat ondersteuning benodig. - Alternatiewe assesserings - Ondersteuning vir leerders in gewone openbare primêre skole deur onderwysers wat leerondersteuning bied. - Beperkte verskaffing van bykomende poste vir isiXhosa as onderrigtaal in die grondslagfase by sekere spesiale skole met 'n geïdentifiseerde behoefte om in die grondslagfase deur moedertaalonderrig toegang tot die kurrikulum te kry. - Groter geleenthede vir die ontwikkeling van vaardighede om jeugdiges om tot die wêreld van werk toegang te kry, of om tot hoër onderwys toegang te kry deur programme wat by vaardigheidskole en die Kaapse Akademie van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie aangebied word - Toeganklikheid van die kurrikulum vir alle leerders *Maatskaplike werkers by skole sal die volgende dienste bied:* - Ondersteun en help individuele leerders met hulle maatskaplike, emosionele en gedragsprobleme by wyse van krisisintervensie en/of verwysings na eksterne diensverskaffers - Bevorder die opleiding en monitering van die implementering van die protokol van "Moenie Meer Mishandel nie" - Tree as tussengangers op en ondersteun leerders gedurende dissiplinêre verhore oor mishandeling van leerders deur opvoeders - Lewer gedurende dissiplinêre verhore spesialisgetuienis met betrekking tot die uitwerking van mishandeling op die leerder - Neem deel aan die ontwikkeling van individuele ontwikkelingsplanne vir leerders wat struikelblokke tot leer ondervind - Identifiseer verskillende teikengroepe van leerders met soortgelyke probleme wat tot stres lei om hulle in klein groepies te vorm. *Sielkundiges sal aan leerders 'n wye verskeidenheid sielkundige, opvoedkundige en psigoterapeutiese ondersteuning bied om hulle in staat te stel om tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die land by te dra.*
Ondersteuning vir leer	- Voorsiening van leerondersteuning aan skole. - Maak Ondersteuningspan op Inrigtingsvlak en spesiale skole en volledigheidskole in Assesseringstelsel van Sistemiese Identifikasie moontlik en ontwikkel 'n Geïntegreerde Leerprogram.
Ondersteuning vir fasiliteite	- Skep ruimte en verbeter fisiese toeganklikheid van skole deur aangewese fasiliteite te verbeter en by aangewese skole opritte en hysbakke vir liggaamlik gestremdes en blindes te verskaf.
Uitbreiding	- Omskepping van twee primêre skole in skole vir vaardighede
Konsolidasie	- Uitbouing van vermoë van ondersteuningspanne wat in die distrik gebaseer is, omgangspanne, ondersteuningspanne op institusionele vlak, opvoeders vir leersteun en opvoeders in spesiale skole.
M en E	- Versekering van Ontwikkelingsgehalte in terme van heelskoolevaluasie en -ontwikkeling en die Minimumstandaarde vir spesiale onderrig vir leerders wat in gevaar verkeer by jeugsentra met die oog op die verbetering van dienslewering. - Ontwikkel 'n instrument vir monitering en evaluering om die implementering van KIAS-strategie en Inklusiewe Onderwys te evalueer.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ontleding van beperkings en beplande maatreëls om dit te bowe te kom	Die hoofdoel van die Direktoraat: Steun vir Gespesialiseerde Onderwys is om ondersteuningsdienste vir gespesialiseerde onderwys te beplan, bestuur en te koördineer. Die onderafdelings van die Direktoraat konsentreer op dienslewering op die terreine van spesiale skole/ hulpbronsentra, en professionele dienste, insluitend sielkundige dienste, dienste deur maatskaplike werk in skole, leerondersteuning, mediese en terapeutiese dienste. Die NSVP- en MIV/vigs-programme vorm ook deel van die opdrag van die direktoraat. Die bekendstelling van Inklusiewe Onderwys soos dit in die Onderwyswitskrif 6 uiteengesit word, is een van die voorkeurleweringsterreine. Befondsing van die nasionale Departement van Onderwys is vir hierdie doel toegewys. Daar word voortgesette aandag geskenk aan die rasionalisering van spesiale onderwysdienste om in die behoeftes van die WKOD te voorsien en om te verseker dat die bestaande hulpbronne optimaal gebruik word. Daar kan op die oomblik net in ongeveer 75% van die werklike behoefte voorsien word. Die grootste behoefte is, soos in die verlede, aan die ontwikkeling van vaardighede vir jeugdiges wat uit die skool is en vir leerders wat matige intellektuele struikelblokke tot leer ondervind. Die gebrek aan gespesialiseerde onderwysdienste vir leerders wat ernstige emosionele, gedrags- en sielkundige struikelblokke tot leer ondervind, moet dringend die aandag van die verskillende belanghebbendes geniet. Die WKOD-strategie om positiewe gedrag deur leerders aan te moedig wat deur die *Circle of Courage* ondersteun word, vorm die hoeksteen vir transformasie, vir die skepping van omgewings vir terugeising, om die gedrag van leerders in nood vanuit die oogpunt van sterk punte te verstaan en met helende intervensie-strategieë op uitdagende gedrag te reageer. Die universele waardes van die *Circle of Courage* is noodsaaklik om in die ontwikkelingsbehoeftes van leerders te voorsien deur 'n kultuur van onderrig en leer te bevorder wat positiewe sosialisering, akademiese uitnemendheid, verantwoordelike burgerskap en gesonde en sorgsame leefstyle bevorder. Die oogmerk vir die hantering van alle jongmense en veral die gedrag van dié wat in nood is, is om te konsentreer op kort "oomblikke van onderrig" om positiewe gedrag en waardes tuis te bring en om leerders te ondersteun en te lei op die weg na verantwoordelikheid, die herstel van harmonie en bande van respek. Ontwikkelingsprogramme vir die jeug bied alternatiewe intervensie om die impak van sosiale patologie in ons skole – soos dwelmmisbruik, bendes, onvanpaste seksuele houdings, gewelddadige gedrag en misbruik – te hanteer en te verminder. Opleiding van distrikspersoneel en -opvoeders in vaardighede van helende berading, ontwikkelingsassessering van leerders wat in gevaar verkeer en ontwikkelingsprogramme vir die jeug sal voortgesit word. Die Direktoraat: Steun vir Gespesialiseerde Onderwys het sedert die begin van opleiding in helende intervensies in 2005, 1 333 distriksamptenare en opvoeders uit spesiale skole die verskillende opleidingsprogramme laat volg, benewens die opleiding van opvoeders in gewone primêre skole wat deur die Onderwysdistrikte gedoen word. *Etiese praktyk van die sielkunde-beroep vereis konsekwente en voortgesette verbintenis van alle betrokkenes om die kennis, vaardighede en etiese houdings grondliggend tot bevoegde praktyk, by te werk en te ontwikkel. Die WKOD onderskryf dus Deurlopende Professionele Ontwikkeling (DPO) vir sielkundiges as 'n manier om professionele bevoegdheid deur middel van geakkrediteerde indiensopleidingsprogramme te handhaaf en by te werk.*
Algemene opmerkings	Die verskaffing van onderwyssteun vir leerders wat leerhindernisse ondervind, is ontoereikend weens die reuse getalle leerders wat verwys word. Dit lei tot waglyste by spesiale skole. Die beoogde provinsiale onderwysplan vir spesiale skole vir verbeterde dienslewering en toeganklikheid behoort egter in hierdie behoefte te voorsien. Die beskikbaarheid van toereikende befondsing en bykomende poste vir KS-opvoeders om die kapasiteit van spesiale skole uit te brei, is in die kort termyn 'n uitdaging en maniere om hieraan aandag te skenk, word tans bespreek. Ander maatreëls is onder andere die ontwikkeling van eenhede by aangewese gewone openbare primêre skole om meer leerders met spesiale behoeftes te akkommodeer.

ST401	OPENBARE SPESIALE SKOOL-ONDERWYS - Sleutelneigings					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)						
4.1 Skole	389,112	434,279	509,590	544,595	613,359	730,371
4.2 Professionele dienste	0	46	1	1	1	1
4.3 Menslike hulpbron-ontwikkeling	0	0	1	1	1	1
TOTAAL	389,112	434,325	509,592	544,597	613,361	730,373
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	312,419	354,586	417,001	440,791	478,531	538,038
Kompensasie van werknemers	307,469	349,223	410,134	433,451	468,417	499,742
Opvoeders	236,750	276,235	324,415	342,859	370,517	395,295
Nie-opvoeders	70,719	72,988	85,719	90,592	97,900	104,447
Goedere en dienste en ander huidige	4,950	5,363	6,867	7,340	10,114	38,296
Oordragte en subsidies	76,489	79,739	92,591	103,806	122,276	130,002
Betalings vir kapitale bates	204	0	0	0	12,554	62,333
TOTAAL	389,112	434,325	509,592	544,597	613,361	730,373
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	1,581	1,649	1.577	1.644	1,644	1,644
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	914	950	915	915	915	915
INSKRYWING						
Tot en met en insluitend Graad 7	10,178	9,665	9,615	10,244	10,483	10,782
Graad 8 en hoër	5,586	6,050	6,175	6,866	7,027	7,228
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR						
Skole	70	72	74	75	76	77

ST401	OPENBARE SPESIALE SKOOL-ONDERWYS - Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
► PRESTASIEMAATREËLS							
► PM401: Aantal kinders met spesiale behoeftes ouderdom 6 tot 15 nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie		Nuwe PM	Nuwe PM	306	204	102	0
► PM402: Aantal leerders by Spesiale Skole ingeskryf		13,855	15,764	16,810	17,110	17,510	18,010

B.5 Verdere Onderwys en Opleiding

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 5 verband hou en die gepaardgaande prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om die VOO-kollegesektor uit te brei in terme van die ekonomiese en maatskaplike behoeftes van die land	► PM501: Aantal NK(B) studente by openbare VOO-kolleges ingeskryf
Gelykheid	▲ Om deelname deur histories benadeelde groepe in openbare VOO-inrigtings te bevorder	► PM502: Aantal NK(B) studente in tegniese velde (Siviele, Meganiese, Ontwerp- en Elektriese velde)
Uitset	▲ Om die suksessyfer in die VOO-kollegesektor te verbeter	► PM503: Aantal leerders in leerderskappe aan VOO-kolleges

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleid

- Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (Nr. 16 van 2006)
- Wet op Nasionale Finansiëlebystandskema vir Studente, (Nr. 56 van 1999)
- Onderwyswitskrif 4 (4 van 1998)
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Nr. 97 van 1998)
- Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings (Nr. 9 van 1999)
- Wet op SAKO 1995
- Wet op Algemene en Verdere Opleiding Gehalteversekering, 2001 (Nr. 58 van 2001).

Strategiese teikens en doelwitte (Uittreksel uit Vyfjaarplan):

Om toegang tot gehalte VOO-kollege-onderwys vir almal in die provinsie te verseker
Om doeltreffende bestuur en beheer by alle leerpersele en ondersteuningstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om gehalte onderwys te lewer

Die deelnemening- en suksessyfers van studente, veral swart studente, wat aan die VOO-band by kolleges deelneem, asook die getal VOO-studente wat kwalifiseer om vir hoër onderwys in te skryf, moet as volg verhoog word –

- Verhoog aantal studente van 17 – 24 jaar wat by kolleges ingeskryf is
- Verhoog aantal studente wat vir volle kwalifikasies ingeskryf is
- Verhoog aantal studente wat vir hoër onderwys kwalifiseer
- Bied nuwe programme aan en evalueer of hulle aan die behoeftes van die ekonomie voorsien
- Lei dosente in nuwe VOO-kursusse op
- Onderhou studentesteuneenhede by elk van die ses kolleges en hou tred met studente na hulle die kollege verlaat
- Ken beurse aan behoeftige leerders toe
- Onderhou oop-leersentra, rekenaarlaboratoriums en ander praktiese werkswinkels en bedryfs-verwante fasiliteite
- Maak seker dat alle studente in IKT opgelei is

Ontleding van vordering

Die vorige VOO-kurrikulum was gebaseer op Verslag 191 (Formele Opleidingsprogramme aan Tegniese Kolleges in die RSA) en Verslag 190 (Norme en standaarde vir opleidingsprogramme en die eksaminering en sertifisering daarvan in tegniese kolleges vir onderwys). Hierdie kurrikulum- en programmoontlikhede is in die tydperk tot 2008 vervang deur 'n raamwerk wat aan 17 – 24-jariges nasionale ooreenstemmende onderwys- en opleidingsprogramme bied. Die raamwerk vir VOO bied drie moontlike kursusse vir die VOOS of NKR Vlak 4-sertifikate, naamlik:

- Algemeen akademiese kursus
- Algemene ambagskursus
- Beroepskursus – handel, bedryfs-, professioneel

VOO-kolleges implementeer sedert 2007 die Nasionale Sertifikaat (Ambag)-kwalifikasie (NS(A)), benewens 'n groot getal bedryfsprogramme. Studente kan kies uit 14 NS(A)-programme wat vir spesifieke terreine in die nywerheidswese ontwerp is. Hierdie programme integreer teorie en praktyk en die eindvlakke op NKF Vlak 2, 3, en 4. Die herkapitalisering van VOO-kolleges is op die behoeftes van die NS(A)-programme gegrond en het opgegradeerde en nuwe fasiliteite vir die implementering van die programme gebied. Kollege-dosente is nasionaal en provinsiaal opgelei om hierdie programme aan te bied. Teikenprogramme het dit vir dosente aan kolleges moontlik gemaak om hulle wiskundige geletterdheid en wiskunde-vaardighede te opgradeer, teorie en praktyk te integreer, hulle akademiese en professionele kwalifikasies te verbeter en leer te assesseer om aan die Umalasi- en SOOG-standaarde te voldoen en struikelblokke tot leer te hanteer.

Kolleges ontwikkel ook strategieë om groter toegang tot VOO-kolleges te bied, soos byvoorbeeld:

- 'n Verskeidenheid metodes van lewering (e-leer, afstandsleer, leerlingskappe, vaardigheidsprogramme, ens.)
- Fasiliteite en opleiding wat in die behoeftes van studente met gestremdhede voorsien
- Nuwe persele vir die benadeelde en landelike gemeenskappe
- Beursskemas

Daar is 400 000 16 – 20-jariges in die Wes-Kaap, maar net 210 000 of 55% van die bevolking is by skole. Kolleges of sentra vir volwassenes vir VOO-vlak-kursusse (Graad 10, 11 en 12 of Vlak 2 tot 4 op die NKR) ingeskryf. Byna 50% van leerders van enige ouderdom-kohort verlaat die skool sonder dat hulle Graad 12 geslaag het, en met slegs 30 000 studente in VOO-kolleges, is dit duidelik dat die VOO-kolleges wat almal stampvol is, nie oor die infrastruktuur beskik om meer toereikend in die behoefte te voorsien nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die herkapitalisering van die kolleges op die verbetering van bestaande fasiliteite konsentreer en nie noodwendig op die grootskaalse ontwikkeling van nuwe en bykomende fasiliteite nie. Die vermoë van VOO-kolleges sal grotendeels onveranderd bly, met uitgestrekte dig bevolkte gebiede soos Mitchellsplein wat geen spesifieke fasiliteite vir 'n VOO-kollege het nie. Terwyl sosio-ekonomiese faktore 'n belangrike rol in die skoolverlating van leerders speel, is die toepaslikheid van die vakke wat aangebied word en die vooruitsig dat die VOO-kwalifikasie tot indiensneming lei, faktore waaraan die onderwysstelsel aandag skenk.

Die toegangsdoelwitte van VOO bestaan uit twee dimensies: eerstens om 'n meer gelyke balans tussen skoolinskrywings vir VOO en kollege-inskrywings vir VOO te probeer bereik en, tweedens, om die getal lede van die bevolking van 17 – 24-jariges in VOO-instellings te vermeerder. Dit sal in die medium termyn beteken dat die leerders in Graad 10 – 12 tot ongeveer 160 000 verminder en die leerders in die VOO-kolleges vermeerder sal moet word, en dat diegene wat vir leerlingskappe ingeskryf is, teen 2014 van 20 000 tot 60 000 vermeerder sal moet word. Dit sal natuurlik daarvan afhang of daar aansienlike bykomende belegging in VOO-Kollege-infrastruktuur sal wees of nie.

Toegang

Tendense in uitbreiding toon beklowende aanduiders: die data sal bevestig wanneer VOOBIS gedurende die volgende boekjaar aanlyn in werking kom.

Die sektor beleef op die oomblik besondere uitdagings wat hieronder geskets word. In 2007 is 11 NS(A) Vlak 2-programme deur die VOO-kolleges geïmplementeer. Die implementering is gekenmerk deur groot sistemiese probleme wat met befondsing en eksamens, asook toegang verband gehou het.

Die befondsingskwessies het gesentreer om die feit dat kolleges 'n nuwe konsepformule vir befondsing moes implementeer wat vereis het dat kolleges by "maksimum" klasgelde moes hou. Die befondsingsformule was gegrond op die veronderstelde aansienlike finansiële bydrae deur die WKOD om bedryfskoste te dek wat andersins deur klasgelde gedek sou word. Hierdie bedryfsbydrae van R26 miljoen het nooit 'n werklikheid geword nie en die kolleges moes die NS(A)-kostes uit hul eie fondse betaal. In 2008 kon net 40% van die bedryfskoste van NS(A) aan kolleges oorgedra word.

Gelykheid

Die VOO-kolleges het teen Januarie 2009 reeds 90% van hulle toewysing as Voorwaardelike Toelae bestee, en wel met die volgende gevolge:

721 Lektore en bestuurslede is in NS(A)-verwante aangeleenthede opgelei; 89 lede van die administratiewe personeel is op BIS opgelei; 24 administratiewe stelsels en 24 plaaslike netwerke is opgegradeer; agt ingenieurswerkswinkels, 23 klaskamers en vyf rekenaarkamers is opgegradeer; 540 rekenaarwerkstasies is opgegradeer; vier kollegeterreine is opgegradeer; 23 nuwe klaskamers en 13 werkswinkels is gebou; nege kantore en 11 rekenaarlaboratoriums is gebou, drie nuwe studente-hulpbronsentra is gebou; 29 werkswinkels en 59 klaskamers is nuut toegerus; 12 NS(A)-programme is oor die provinsie heen geïmplementeer en 8957 handboeke is aangekoop. Die eerste fase van die Vredenburg-kampus van die Weskuskollege is voltooi. VOO-kolleges het 'n LMS-loodsprogram (WebCT) met lektore en studente as 'n e-leer-insiatief onderneem. Gedurende die tweede kwartaal is 6 175 iKapa-beurse toegeken. Daarby is 2 591 DvO (NS(A)-beurse deur NSFH toegeken.

Uitset

Die sistemiese kwessies rakende eksamens hou verband met die feit dat die Departement van Onderwys se eksamenstelsel nie goed genoeg voorberei was om die moderering en eksaminering van die NS(A)-programme te hanteer nie. Uitslae is in party gevalle baie laat ontvang en was in ander gevalle steeds uitstaande toe die aanvullende eksamens begin het. Die interne en eksterne moderering het voor implementering groot verfyning/afwerking vereis en die uitslae van die moderering was gevolglik nie geloofwaardig nie en dit is in baie gevalle – tot nadeel van die studente – verwerp. Van die 3 222 studente wat aanvanklik vir NS(A) Vlak 2 ingeskryf het, het die kolleges 'n uitvalsyfer van 28% en 'n sertifiseringsyfer van 20% gehad.

In Februarie 2008 was daar 5 247 studente op NS(A) Vlak 2 ingeskryf, en 1 287 studente op NS(A) Vlak 3. Die nasionale konsepnorm vir befondsing is nog nie goedgekeur nie. Tot dusver is daar geen aanduiding dat die MTBR-siklus aangepas is om die bedryfskoste van NS(A)-lewering in te sluit nie. Die kolleges hou vol dat hulle nie die nie-betaling van die ongeveer R52 miljoen wat ingevolge die voorgestelde befondsingsnorme aan die kolleges betaal moet word, kan absorbeer nie. Ander uitdagings is onder andere probleme rakende toegang tot die NS(A)-programme; die moeilikheidsgraad van die programme wat geneig is om die inskrywing van afgestudeerde Graad 12's eerder as dié wat Graad 9 geslaag het, te bevoordeel; die kursusduur van drie jaar (hoewel hulle elke jaar die geleentheid het om die kursus te verlaat) wat voornemende studente, donateurs en werknemers ontmoedig; en voortgesette kritiek van rolspelers in die nywerheidswese wat aanvoer dat die programme nie sal lei tot die ontwikkeling van die vakmanne wat die ekonomie so dringend benodig nie. Die vraag of die studente wat die NS(A) voltooi het, behoorlik gekwalifiseer is, sal eers geassesseer word wanneer die eerste kohort aan die einde van 2009 die Vlak 4-kwalifikasie voltooi.

Aan die positiewe kant voeg die NS(A) klaarblyklik waarde by mense se lewens. Die uitdaging is om die sistemiese probleme op te los en die kolleges die sekuriteit van openbare befondsing en 'n behoorlik ontwikkelde eksamenstelsel te bied.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ondersteuning vir bestuur	- Bestuursopleiding deur die "Ondersteuning vir die Ontwikkeling van Onderwys en Vaardighede" en die Beierse Vennootskap - Koördinering en handhawing van 'n omvattende bepleitingsveldtog - Voortgesette koördinering van kurrikulumontwikkeling en -implementering deur die Kollege-Kurrikulumkomitee
Ondersteuning vir lektore	- Voortgesette personeelontwikkeling om aanpassing van die programinstellings te steun - Spesifieke intervensie om onderrigmetodologie, pedagogie en klaskamerbestuur te verbeter - Voortgesette implementering van 'n modereringstelsel van Interne Deurlopende Assessering ((IDA) - Voortgesette ondersteuning vir die aktiwiteite van die program se Fokusgroepe - Skepping van geleenthede vir opvoeders om op hulle terrein van kundigheid gespesialiseerde kennis en vaardighede te verwerf
Ondersteuning vir studente	- Implementering van die DvO se Studente-Ondersteuningsdienste(SOD)-raamwerk o Voor-inskrywing-ondersteuning (keuring en plasing, NS(A)- en iKapa-beurse) o Ondersteuning by kollegeverlating – werksplasing - Bevordering van 'n kultuur van leerdergesentreerdheid - Versterking van SSS om toereikende persoonlike ondersteuning te bied
Ondersteuning vir leer	- Akademiese ondersteuning o PLATO en Proefondervindelike leer (vennootskappe met nywerheidswese) - Bevordering en ondersteuning van saamgevoegde leer
Ondersteuning vir fasiliteite	- Verskaffing van befondsing ooreenkomstig voorgestelde nasionale norme en standaarde
Uitbreiding	- Bevordering van vennootskappe met nywerheidswese en Hoër Onderwys - Bevordering en ondersteuning van verskillende maniere van lewering – vakleerlingskappe, e-leer - Verhoging van studentegetalle ooreenkomstig toegewese begroting
Konsolidasie	- Voortgesette ondersteuning vir die implementering van 'n doeltreffende bestuurstelsel van gehalte - Loodsing en implementering van VOOBIS- en kampusbestuurstelsel
M en E	- Voortgesette monitering en evaluasie van stelsels van VOO-kolleges - Ondersteunings vir korrektiewe optrede, waar nodig
Algemene opmerkings oor die sektor	Die VOO-Kollege-sektor is 'n lewendige, responsiewe en lewenskragtige sektor wat hom by groot intervensies soos samesmeltings, herkapitalisering, implementering van nuwe wetgewing en kurrikulums, oordrag van personeelindiensneming, ens. aangepas het. Die huidige onsekerheid met betrekking tot befondsing, asook die druk van die implementering van nuwe kurrikulums vereis sterk leierskap en ondersteuning op alle vlakke. VOO-kolleges val, wat wetgewing betref, tussen die departemente van onderwys en arbeid. Die uiteenlopende kurrikulums en praktyke in die twee departemente dra by tot die spanning wat op kollegevlak ervaar word.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ontleding van beperkings en maatreëls wat beplan word om hulle te bowe te kom	Die groeitempo van voltydse ekwivalente ((VE's) in VOO-kolleges word net aan bande gelê deur hulpbronne, bv. personeel, toerusting, begrotingstoewysings, ens. VOO-kolleges bied kursusse aan waarvan die tydsduur van 'n paar uur tot 'n paar jaar wissel. Die inskrywing van leerders is dus deurlopend. Geouditeerde VE's vir die voorafgaande jaar is eers in April van die daaropvolgende jaar beskikbaar aangesien dit, tesame met die finansiële state van die betrokke kollege, aan ingewikkelde berekenings en ouditering deur eksterne ouditeure onderwerp word. Kolleges het ondersteuningseenhede vir studente gevestig om voorsiening te maak en ondersteuning te bied vir die wye verskeidenheid studente met verskillende leeragtergronde en -ervarings. Die interne opsporing van studente sal gedoen word om studente in die kurrikulum en werkplasing te ondersteun. 'n Volledige, omvattende leerderopsporingstelsel moet nog ontwikkel word om meer akkuraat te bepaal hoeveel studente met kwalifikasies van VOO-kolleges in diens geneem word en hoeveel toegang tot hoër onderwys kry. Die geloofwaardigheid en waarde van kwalifikasies wat aan VOO-kolleges verwerf word, sal afhang van die gehalte van die programme wat hulle aanbied. Kolleges ontwikkel bestuurstelsels van gehalte en ontwikkel dit om die gehalte van akademiese programme en nie-akademiese prosesse te meet en te verbeter. Alle programme wat deur VOO-kolleges aangebied word, word onderwerp aan onafhanklike prosesse om gehalte te verseker.

ST501	VERDERE ONDERWYS en OPLEIDING - Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
5.1 Openbare inrigtings		201,048	237,228	269,162	358,166	380,738	403,448
5.2 Professionele dienste		0	0	1	1	1	1
5.3 Menslike hulpbron-ontwikkeling		0	0	1	1	1	1
5.4 Voorwaardelike toekennings		70,000	80,000	77,305	0	0	0
TOTAAL		271,048	317,228	346,469	358,168	380,740	403,450
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		140,010	169,049	185,754	12,873	13,774	14,697
Kompensasie van werknemers		139,993	169,049	185,754	12,873	13,774	14,697
Opvoeders		116,194	142,508	156,590	0	0	0
Nie-opvoeders		23,799	26,541	29,164	12,873	13,774	14,697
Goedere en dienste en ander huidige		17	0	0	0	0	0
Oordragte en subsidies		131,038	148,179	160,715	345,295	366,966	388,753
Betalings vir kapitale bates		0	0	0	0	0	0
TOTAAL		271,048	317,228	346,469	358,168	380,740	403,450
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)		245	234	224	24	24	24
INSKRYWING							
Voltydse ekwivalente studente		21,000	21,323	22,976	20,000	21,000	22,000
Studente (koptellery) (a)		44,296	44,960	48,421	39,551	39,551	39,551
wat vroulik is (b)		16,390	19,151	17,431	19,343	20,310	21,325
wat vroulik is in tegniese velde (c)		6,684	7,605	8,000	8,500	9,000	9,000
Studente wat programme suksesvol gedurende die jaar voltooi (d)		31,007	32,000	35,000	30,000	32,000	35,000

ST501	VERDERE ONDERWYS en OPLEIDING - Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
STATISTIEK OOR LEERDERSKAPPE						
Aktiewe leerderskapooreenkomste in die provinsie (e)	Historiese data nie beskikbaar nie		4,525	5,000	5,000	5,000
Aantal ooreenkomste wat VOO-kolleges as verskaffer betrek (f)			1,090	1,090	1,090	1,090
Let wel: Sien bostaande bespreking oor rede waarom die personeelvoorsieningsyfers so 'n groot afvalligheid toon. **Let wel:** Inskrywingsyfers is op 'n veranderlike stel kursusse vasgestel en nie bevestig deur die oorkoepelende VOOMIS-stelsel nie – derhalwe is alle inskrywingsyfers benaderings.						
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM501: Aantal NK(A)-studente wat by openbare VOO-kolleges ingeskryf is	Nuwe PM	Nuwe PM	5,720	11,970	16,000	16,000
► PM502: Aantal NK(A)-studente wat in tegniese velde ingeskryf is (Siviele, Meganiese, Ontwerp-, Elektriese velde, ten minste een daarvan, moet nie dubbel getel word nie)	Nuwe PM	Nuwe PM	8,147	5,027	6,720	6,720
► PM503: Aantal leerders wat in leerderskappe 'n VOO-kollege geplaas is	Nuwe PM	Nuwe PM	2,470	6,500	7,000	7,500
► PPM 501: Aantal studiebeurse wat aan studente aan VOO-kolleges toegeken is	Nuwe PM	Nuwe PM	9,250	10,000	10,000	10,000
Bron: Programbestuurder **Let wel:** Hierdie teikens is onderworpe aan begeleidende begrotingsverhogings.						

B.6 Basiese Volwassene-onderwys en -Opleiding

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 6 verband hou en die gepaardgaande prestasiemaatreëls:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang het tot BOOV-sentra	► PM601: Aantal BOOV- leerders in die provinsie ► PPM 601: Aantal BOOV-leerders wat vir VOO ingeskryf is

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleid

- Die Wet op Basiese Volwassene-onderwys en -Opleiding (Nr. 52 van 2000)
- Die Wet op Wes-Kaapse Provinsiale Onderwys (Nr. 12 van 1997).

BVOO-sentra is nie noodwendig toegerus om die NSA (VOO) aan te bied nie. Om dit reg te stel, sal die WKOD navorsing doen en gepaste alternatiewe programme, insluitende vaardigheidsprogramme en VOO-verwante programme identifiseer wat GLS'e op die VOO-vlak kan aanbied.

Strategiese teikens en doelwitte (Uittreksel uit Vyfjaarplan):

Om, ooreenkomstig met beleid, toegang tot BOOV en volwasse vaardighede te verbeter
Om doeltreffende bestuur en beheer op al die leerterreine en ondersteuningstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hulle pogings om doeltreffende onderwys te bied

Daar word voorsiening gemaak vir 2 500 nuwe leerders om jaarliks toegang tot BOOV te kry. "Nuwe leerders" word gedefinieer as leerders wat vir die eerste keer deel van die stelsel word en diegene wat na 'n onderbreking van een jaar weer tot die stelsel toetree. Afsonderlike statistieke sal gehou word om 'n ontleding van opskoppers te fasiliteer.

Ontleding van vordering

Toegang

Groei en ontwikkeling vir leer

In 2002 was 10 000 volwasse leerders vir BOOV-kursusse en 16 000 vir Graad 10- en Graad 12-programme ingeskryf. Die syfers vir behoud en deurvoering van leerders vir basiese sowel as verdere onderwys by sentra vir volwassenes (GLS'e) is swak en die provinsie het dus sy benadering verander om meer gepaste programme en die gebruik van verbeterde leweringsmeganismes aan te bied.

In 2008 het 36 582 VOO-leerders GLS'e bygewoon, terwyl 6 025 leerders deur die Departement van Onderwys se *Kha Ri Gude*-program bereik is. Groter toegang word verder bevorder deur die lewering van 'n kurrikulum vir BOOV Vlakke 1 – 4 wat op vaardighede eerder as skool gegrond is, wat gereelde geleenthede vir assessering bied. Dit beteken: 'n BOOV-vlak 1 en 2 kurrikulum – bestaan uit gesyferdheid en geletterdheid en vaardigheidsprogramme en 'n BOOV-vlak 3 en 4 kurrikulum bestaan uit grondbeginsels en wat kernleerareas, ooreenkomstig die leerder/sentrum se studierigting in vlak 4 BOOV, bekendstel.

Groei en ontwikkeling vir bestuur

Die bestuur van GLS'e is verbeter deur die aanstelling van Voltydse Kontraksentrumbestuur (33) en Terreinkoördineerders (48). 'n Sakeplan vir die loodsing van twee Voltydse GLS'e is deur die Bestuur goedgekeur. Tien nuwe terreine is aan die Weskus gevestig. Capricorn GLS is in die Suide gevestig. In Eden is drie GLS'e in hulle eie geboue gevestig, wat dit moontlik gemaak het om by tye behoefte-gedrewe programme aan te bied wat gepas is vir die gemeenskappe wat hulle dien.

'n Indaba is in 2008 oor die VOO-kurrikulum gehou om ondersoek in te stel na die verskillende opsies wat vir GLS'e beskikbaar is om die R550-kurrikulum te vervang. Verteenwoordigers van die VOO-kolleges, SOOG's en die Departement van Arbeid het voorleggings gedoen. 'n Taakspan is aangestel om die moontlike opsies verder te ondersoek en riglyne te bepaal vir Sentra om toepaslike aanbiedings vir die gemeenskap te kies. Die taakspan het tot op hede drie vergaderings gehou.

Geteikende opleiding vir sentrumbestuur, beheerliggame en opvoeders is 'n prioriteit om te verseker dat GLS'e op die uitdagings van 'n veranderde BOOV-sektor kan reageer. Vir hierdie doel is 188 lede van die Sentrumbeheerliggaam wat 95 Sentra in alle distrikte verteenwoordig, in 2008 opgelei om Sakeplanne te skryf.

Groei en ontwikkeling deur vennootskappe

Die werk wat die subdirektoraat verrig het ter verbetering van die kwalifikasies van ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders deur leerderskappe in samewerking met OOOP SOOO sal uitgebrei word deur die verskaffing van BOOV-praktisynsleerderskappe (NKR 5) aan 67 ongekwalifiseerde onderwysers. Vennootskappe word deurlopend met ander provinsiale departemente en nywerheidswese gesluit en gehandhaaf. In 2008 is een nuwe vennootskap byvoorbeeld met Moorreesburg Koringboere gesluit. Ander moontlike vennootskappe wat in die nuwe semester kan begin, is onder andere die volgende: Cadema-nywerhede (22), Oranjevis-projek (ongeveer 50), Cape Lime (12), (Kraaifontein, 16). Die volgende leerders is by bestaande vennootskappe gevoeg: Nasionale Departement van Openbare Werke (5), Maatskaplike Ontwikkeling (12), DOEO (4), Landbou (20), TPW, Gesondheid. Nuwe vennootskappe wat gesluit is: Roman Protection Solutions waarvoor 'n memorandum van ooreenkoms onderteken is (Brackenfell) en BEE Recruitment (Phillippi). Leerders is bygevoeg by die bestaande vennootskap met Kultuuraangeleenthede en Sport (9). 'n Promosietoer saam met die Departement van Gesondheid het 45 leerders by verskillende sentra gevoeg.

Die subdirektoraat het Konsepregulasies vir die Registrasie van Private Sentra, asook Regulasies vir die Beheerliggame van Sentra opgestel.

Integrasie van IKT by die lewering van kurrikulum op VBBO Vlakke 1 – 4

Loodsing van Mediaworks-programme by sewe GLS'e duur voort, terwyl 'n nuwe Rekenaarlaboratorium by Piketberg GLS bekendgestel is.

Verbeterde monitering van inskrywing/behoud van leerders op distriksvlak

Die distrik en Hoofkantoor het gereelde monitering onderneem. 'n Spesiale hulpmiddel is vir hierdie doel ontwerp. Personeel van Hoofkantoor het ses intensiewe moniteringsbesoeke onderneem, m.a.w. twee per maand aan GLS'e in Eden, Weskus en Sentrale Metropool.

Leerlingskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme

NL(A) word by St Francis en Worcester GLS geloods en bedien ongeveer 120 leerders. Opvoeders is as vaardigheidsamptenare in die Weskus geïdentifiseer om die implementering van die vaardigheidsprogram te bevorder. Die subdirektoraat het vaardigheidsprogramme in die kerngebiede bekendgestel. R1,9 miljoen is vir programme vir Beaufort-Wes, Mitchellsplein en Khayelitsha goedgekeur. Die dienste van drie diensverskaffers is verkry om SOOG-geakkrediteerde programme aan 460 leerders te lewer. Vaardigheidsprogramme is in Elektriese Ingenieurswese, Konstruksie, Tuisversorging en die Produksie van Braaihoenders aangebied. Die programme het in Oktober 2008 begin.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ondersteuning vir bestuur	Die vermoë van Sentrumbestuur en Terreinkoördineerders sal uitgebou word.
Ondersteuning vir onderwysers	Oriëntering van onderwysers oor hersiene BOOV V4-kwalifikasie en Skoolgebaseerde Assessering. Versterk onderwysers se kennisbasis in vak waarin prestasie swak is, bv. Wiskundige Geletterdheid. Verskaf modelle van lesplanne.
Ondersteuning vir leerders	Implementeer kort- tot mediumtermyn vaardigheidskursusse ooreenkomstig belangstellings van die gemeenskap. Ondersteun leerder om op grond van hersiene BOOV V4-kwalifikasies en kort vaardigheidskursusse vir toekomstige indiensneming gepaste vak- (elektiewe) keuses te maak.
Ondersteuning vir leer	Beleid en riglyne wat ontwikkel is sal help om in VOO-sentra 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir onderrig en leer. Implementeer 'n oudit om te bepaal watter hulpbronne ontbreek en verskaf hulpbronne dienooreenkomstig. Ondersteun onderwysers in onderrig en leer. Reël vir leerders bykomende lesse/ studieprogramme.
Ondersteuning vir fasiliteite	Befondsing aan VOO-sentra vir norme en standaarde sal sentra help om die toepaslike hulpbronne te bekom.
Uitbreiding	Daar word voorsiening gemaak vir 'n styging van 2 500 leerders per jaar
Konsolidasie	Oriëntasie van onderwysers op hersiene BOOV V4-kwalifikasie en Skoolgebaseerde Assessering.
M en E	Deurlopende monitering en evaluering sal, met die hulp van die distrikte plaasvind.
Algemene opmerkings oor die sektor	Diensvoorwaardes vir BOOV-praktisyns op sentrumvlak is swak. Die salarisse van voltydse kontrakpersoneel in diens van die WKOD is baie laag: Sentrumbestuur R107 000 en Terreinkoördineerders R69 000. Net 'n basiese salaris betaalbaar. Geen voordele (pensioen, mediese hulpfonds, werkloosheidsversekering) word aangebied nie. Die sektor lok, algemeen gesproke, nie die beste mense nie aangesien die diensvoorwaardes in terme van loopbaanbeplanning nie gunstig is nie. Die beheerliggame van sentra (SBL'e) neem deeltydse personeel in diens. Salarisse wat aan SBL'e betaal word, wissel tussen R25 per uur en die PAM-koers van R147.00 per uur. Sentra het nie hulpbronne nie. Waar sentra in openbare skole geleë is, is hulle dikwels van skenkings en die welwillendheid van die skoolhoof en personeel afhanklik.
Algemene opmerkings oor die sektor (vervolg)	Van die 1 100 opvoeders op sentrumvlak, is net twee opvoedersposte voltydse poste. Dit lei tot deurlopende uitbou van die vermoëns van nuwe opvoeders, eerder as om te belê in 'n kader van opvoeders wat nie aktief 'n beter inkomste nastreef nie. VOO-sentra benodig, algemeen gesproke, op die vlak van menslike hulpbronne en organisasie ondersteuning in die volgende sleutelareas: - Uitbou van vermoë en ondersteuning in die bestuur van VOO-terreine - Uitbou van vermoë en ondersteuning in die implementering van die kurrikulum - Uitbou van vermoë en ondersteuning in beheer - Tekort aan LOOM - Gebrek aan fisiese hulpbronne, insluitend geboue en meubels wat meer gepas is vir volwassenes
Ontleding van beperkings en maatreëls wat beplan word om dit te bowe te kom	Die meeste leerders verwerf die vereiste krediete oor 'n tydperk van minstens twee tot drie jaar. As 'n leerder eers die vereiste 120 krediete verwerf het, kan 'n Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat (AOOS) deur UMALUSI uitgereik word. Die getal AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) is gevolglik relatief laag in vergelyking met die doelwit wat gestel is. Leerarea-sertifikate is uitgereik wanneer leerders 'n Leerarea suksesvol voltooi het. Om die gehalte van verskaffing van volwassene-onderwys te verbeter, sal gepaste modelle vir onderrig en kurrikulumbestuur by GLS'e en die Ondersteunings van 'n uitvoerbaarheidstudie binne die konteks van beskikbare Nasionale Beleid en Riglyne geëvalueer word. Daarbenewens sal 'n opleidings en ontwikkelingsmodel vir personeel by BOOV-sentra geskep en geïmplementeer word. Die model sal verseker dat alle bestaande opvoeders doelgerigte opleiding sal ontvang en alle nuwe opvoeders oriëntasie sal ontvang, en opgelei en ontwikkel sal word.

ST601	BASIESE VOLWASSENE-ONDERWYS en -OPLEIDING - Sleutelneigings					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)						
6.1 Subsidies aan privaat sentra	23,539	25,821	27,885	30,913	32,647	34,333
6.2 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1
6.3 Menslike hulpbron-ontwikkeling	0	0	1	1	1	1
TOTAAL	23,539	25,821	27,887	30,915	32,649	34,335
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	6,163	6,585	5,464	7,371	7,881	8,403
Kompensasie van werknemers	5,916	6,524	5,172	7,064	7,558	8,065
Opvoeders	4,969	4,971	3,940	5,382	5,759	6,145
Nie-opvoeders	947	1,553	1,232	1,682	1,799	1,920
Goedere en dienste en ander huidige	247	61	292	307	323	338
Oordragte en subsidies	17,376	19,236	22,423	23,544	24,768	25,932
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0
TOTAAL	23,539	25,821	27,887	30,915	32,649	34,335
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	4	4	4	4	4	4
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	9	9	8	8	8	9
INSKRYWING						
AOO-vlak	15,529	16,612	16,684	20,655	21,655	22,655
VOO-vlak	22,110	23,405	19,898	21,845	23,345	24,845
TOTAAL	37,639	40,017	36,582	42,500	45,000	47,500

ST601	BASIESE VOLWASSENE-ONDERWYS en -OPLEIDING - Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BEVOLKING						
Bevolking ouderdom 18 tot 60	2,718,151	2,767,069	2,821,443	2,874,777	2,927,328	2,979,586
INRIGTINGS						
Gesubsidieerde sentra	346	351	368	368	368	368
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie	Nuwe PM	Nuwe PM	16,684	42,500	45,000	47,500
► PPM601: Aantal BOOV-leerders wat vir VOO geregistreer is	17,668	22,110	19,898	21,845	23,345	24,845

B.7 Vroeëkinderontwikkeling

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met program 7 verband hou en die gepaargaande prestasiemaatreëls:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om openbaar-befondsde Graad R in ooreenstemming met die beleid te voorsien	► PM701: Aantal Graad R leerders in openbare skole ► PM702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte:

Beleide:

- Onderwyswitskrif 5, (Staatskoerant 22756 van 17 Oktober 2001) oor vroeëkinderonderwys
- Norme en Standaarde vir Befondsing van Graad R
- WKOD-beleid vir Toelating van voor-Graad R- en Graad R-leerders tot Openbare skole
- Regulasies met betrekking tot die Registrasie van subsidies aan Onafhanklike Skole insluitend Pre Primêre Skole

Strategiese teikens en doelwitte (Uittreksel uit Vyfjaarplan):

Om vir alle kinders in die provinsie toegang tot gehalte onderwys te verseker.
Om doeltreffende bestuur en beheer op alle leerterreine en in alle ondersteuningstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hulle pogings om doeltreffende onderwys te verskaf

Ontleding van vordering

Toegang

Inskrywing en subsidie

Toegang tot Graad R het vanaf ongeveer 21 000 in 1996 tot minstens 52 000 gestyg. Gedurende 2006 is elke Graad R-kind in ’n onderwysinrigting *per capita* gesubsidieer, eerder as op grond van ’n maksimum klasgrootte van 30 leerders. Hierdie model het die getal kinders wat vir finansiële hulp in aanmerking kom, verhoog. Die afskaffing van poste wat deur die departement goedgekeur is en die feit dat hulle deur *per capita*-subsidies vervang is, het in armer gebiede groter toegang tot Graad R geskep. Die Graad R-leerdersubsidie is in kwintiele 1 en 2 vanaf R9,00 tot R12,00 verhoog, in kwintiel 3 vanaf R8,00 tot R9,00, in kwintiel 4 vanaf R4,00 tot R 6,00 en in kwintiel 5 vanaf R4,00 tot R5,00.

Gelykheid

Hulpbronne

240 werkspakke bestaande uit toerusting vir binnens- en buitenshuise leer sal teen die einde van Maart 2009 uitgereik word, en klimrame sal aan 135 gekeurde openbare primêre skole oor die hele Wes-Kaap verskaf word. Elke Graad R-praktisyn by so ’n skool sal in die gebruik van die toerusting opgelei word.

Registrasie en Uitbreiding

'n Oudit is gedoen om te weerspieël waar en hoe hulpmiddels op gepaste maniere toegewys kan word. Die omvang van die studie is om ondersoek in te stel na inskrywing, kwalifikasies en ontwikkelingsbehoeftes van onderwysers, registrasies van terreine, toewysing van LOOM, opleiding vir bestuurskomitees by gemeenskapsterreine, ens. Registrasievorms vir SOBIS is aan alle 'gemeenskapsterreine' in alle distrikte versprei. 'n Datavaslegger sal in elke distrik gekontrakteer word om 'onafhanklike skole' met die registrasie van hulle Graad R-leerders op SOBIS te help.

Altesaam 161 nuwe Graad R-klaskamers sal teen die einde van Maart 2009 voltooi wees.

Modelterreine

24 Model Graad R-klasse is by openbare primêre skole oral in die Wes-Kaap gevestig en het binnens- en buitenshuise toerusting ontvang. Hierdie terreine sal gebruik word om die beste praktyk te demonstreer en ook vir indiensopleiding van alle Graad R-praktisyns en onderwysers in die Grondslagfase in hulle onderskeie gemeenskappe. Elke Model Graad R-terrein het R50 000 ontvang vir die aankoop van bykomende hulpmiddels soos driewiele, fietse, stootwaentjies, kruiwaens, 'n houtsolder, omheining van die speelarea en nog leesmateriaal, legkaarte en speletjies.

Opleiding

Die VKO se 900 praktisyns wat hulle Leerlingskappe voltooi, sal 'n geleentheid gebied word om met die volgende vlak voort te gaan en sodoende hulle VKO-kwalifikasies en -vaardighede te verbeter. Die Vlak 4-praktisyns wat deel was van die VKO se 900 leerlingskappe het hulle opleiding voltooi en 90 van hulle het die volle kwalifikasie verwerf, terwyl die ander tien krediete vir 'n kwalifikasie verwerf het. Die uitslae van Vlakke 1 en 5 sal teen die einde van Maart 2009 deur die OOOP-SOOG bevestig word. Die opleiding van 1 500 VKO -praktisyns is in die laaste fase. Die praktisyns op Vlakke 1, 4, en 5 behoort hulle opleiding teen die einde van die boekjaar te voltooi.

Die opleiding van 1 000 VKO-praktisyns op Vlakke 1 en 4 het in April/Mei 2008 begin, terwyl die opleiding van Vlak 5-studente in Julie begin het. Die inname vir VKO-leerlingskappe in Januarie 2009 maak voorsiening vir die studente wat bevoeg genoeg is om na die volgende VKO-vlak te vorder. Dit beteken dat die studente wat die VKO-Vlak 1 Eenheidstandaarde met sukses voltooi het, toegelaat word om met VKO-Vlak 2 voort te gaan. Net so word studente wat die VKO-Vlak 4 Eenheidstandaarde met sukses voltooi het, toegelaat om na VKO-Vlak 5 voort te gaan. Die VKO-Vlak 1 Leierskap vir Januarie 2009 bestaan uit nuwe studente.

'n VKO-verrykingsentrum is by die Preprimêre skool Athlone gevestig en werk nou ten volle. Bykomende hulpbronne is gekoop wat VKO-studente vir demonstrasie-lesse kan gebruik. Die Sentrum word ook vir indiensopleiding onder leiding van gekwalifiseerde VKO-onderwysers gebruik.

Aktiewe steun

25 000 pamflette ter ondersteuning en 9 000 plakkate is aan alle skole, hospitale, klinieke en munisipale biblioteke in die Wes-Kaap versprei.

Monitering

Die Distriksadviseurs vir IBB VKO vereis gereelde maandelikse terugvoering oor die monitering van VKO-terreine. Mondelinge terugvoering word ook by die maandelikse vergaderings gegee.

'n Oudit-assessor is vanaf 1 Julie op kontrak aangestel. Die assessor besoek op die oomblik terreine om te bepaal hoe gereed die skole vir 'n nuwe Graad R-klaskamer is. Die assessering sal aantoon of die skool gesonde finansiële praktyke volg, en oor genoeg fisiese ruimte en die menslike vermoë beskik om die projek te bevorder.

'n Eksterne diensverskaffer monitor op die oomblik die VKO-Vlak 5 opleiding. Die finale verslag oor die gehalte van die opleiding is beskikbaar.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Ondersteuning vir bestuur	Ondersteuning vir bestuur sal verskaf word deur die ontwikkeling van dokumente oor beleidsriglyne en opleiding vir Skoolbeheerliggame en Bestuurstrukture van Onafhanklike VKO-sentra, m.a.w. dokumente oor beleidsriglyne en opleiding in inrigtings- en finansiële bestuur en beheer.
Ondersteuning vir onderwysers	Ondersteuning vir onderwysers sal bestaan uit die verskaffing van binnens- en buitenshuise VKO-hulpbronne, opleiding in die doeltreffende benutting van hierdie hulpbronne en die verskaffing van indiensopleiding om hulle kwalifikasies te verbeter. Verskaffing van 300 binnens- en buitenshuise VKO-hulpbronne en opleiding in die doeltreffende benutting van hierdie hulpbronne vir VKO-onderwysers aan sekere skole. Vestiging van 30 nuwe Model Graad R-klasse as voorbeelde van die beste praktyke en as ondersteuning vir Graad R-onderwysers in 'n distrik. Die aanbieding van opleiding op VKO-Vlakke 1, 4 en 5 vir 3 000 praktisyns aan VOO-kolleges
Ondersteuning vir leerders	Insluiting van Graad R-leerders in Landelike Distrikte in die Leerdervervoerskema. Hierdie program word op die oomblik geloods.
Ondersteuning vir leer	Leerondersteuning word verskaf deur die skepping van omgewings ryk aan prente in klaskamers, wat onderrig en leer bevorder. Die gebruik van binnens- en buitenshuise leer- en onderrigsteunmateriaal om leerders se waarnemingsvaardighede, groot- en kleinmotoriese vaardighede asook vaardighede ten opsigte van geletterdheid en gesyferdheid te ontwikkel en te verbeter.
Ondersteuning vir fasiliteite	Fasiliteite sal ondersteun word deur aan Graad R-leerders aan openbare skole met min hulpbronne toegang tot nuwe Graad R-klaskamers te gee. Die bou van 180 nuwe Graad R-klaskamers by geïdentifiseerde openbare skole met min hulpbronne.
Uitbreiding	Uitbreiding sal plaasvind deur die getal openbare gewone skole wat Graad R aanbied, om 3 000 nuwe leerders te huisves en deur gekonsentreerde ondersteunings- en bewusmakingsveldtogte
Konsolidasie	Konsolidasie sal plaasvind deur die verskaffing van leerprogramme van gehalte in Graad R-klasse by gewone openbare skole en onafhanklike VKO-sentra.
M en E	Monitering en Evaluering sal gedoen word deur gereelde besoeke aan terreine deur personeel van die Hoofkantoor en Distriksamptenare. Onafhanklike eksterne M&E-konsultante sal gekontrakteer word om terreine te besoek, vraelyste te laat beantwoord en met toepaslike belanghebbendes en rolspelers onderhoude te voer.

SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Algemene opmerking oor die sektor	'n Strategie om VKO in die Wes-Kaap ontwikkel deur 'n intersektor-beplanningspan onder leiding van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO). Die Departemente van Gesondheid, Onderwys, Gemeenskapsveiligheid en Plaaslike Regering is ook sleutelrolspelers. Die uiteindelike doel is die verskaffing van 'n geïntegreerde en gekoördineerde benadering om doeltreffende en holistiese dienste aan jong kinders in die ouderdomsgroep 0-4½ jaar te bied. Die doel van die strategie is nie net om alle kinders in bewaarskole of dagsorgsentra te hê nie, maar om te verseker dat diegene wat na kinders omsien (ouers, grootouers, gemeenskapswerkers en die personeel van dagsorgsentra, preprimêre skole en bewaarskole) toegerus is om die fisiese, maatskaplike en kognitiewe ontwikkeling van kinders te bevorder. As deel van hierdie geïntegreerde benadering tot die ontwikkeling van kinders tussen die ouderdomme van 0 en 4½ jaar in die provinsie, sal die WKOD-praktisyns en -versorgers in die VKO-kurrikulum oplei. Die EPOW is na die VKO-sektor uitgebrei en maak voorsiening vir 'n leerderskapprogram, asook die verskaffing van hulpbronpakke. Terwyl kinders tussen die ouderdomme van 6 en 15 jaar in die Wes-Kaap algemeen ingeskryf word, het nie alle vyfjariges toegang tot Graad R nie. Een doel van die Strategie vir Menslike hulpbron-ontwikkeling is om teen 2010 deur die eerste vlak van formele onderwys aan die meeste vyfjarige kinders in die Wes-Kaap leerprogramme van hoë gehalte te verskaf sodat hulle aan ontluikende vaardighede van geletterdheid en gesyferdheid bekendgestel word. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers oor 'n lae graad van of geen geletterdheid beskik nie en daar tuis min skriftelike bronne en hulpbronne is. Die NKV Graad 5-kurrikulum verklaar duidelik watter kennis en vaardighede vyfjariges moet leer. Die provinsie se uitdaging ten opsigte vanmenslike hulpbronne is om te verseker dat die leeruitkomste van die Graad R NKV aan alle leerders in alle Graad R-terreine onderrig en deur hulle verwerf word. Die lewering van Graad R-programme aan jong kinders is gegrond op die aanname dat dit 'n vaste grondslag en voordeel vir leerwerk op skool bied. Hierdie aanname word gesteun deur 'n aantal studies, insluitend die nasionale sistemiese assesseringstudie van Graad 3-leerders wat in 2001 gedoen is, asook die provinsiale sistemiese evaluerings wat in 2004 en 2006 gedoen is. Hierdie studies toon 'n hoë korrelasie tussen prestasie in lees en gesyferdheid en toegang tot voorskoolse programme. Daar is aanduidings dat inskrywing nie volgens hierdie plan verloop nie en die huidige oudit versamel data sodat die stelsel die volgende fase dienooreenkomstig kan beplan.
Ontleding van beperkings en maatreëls wat beplan word om hulle te bowe te kom	Dit is moeilik om te bepaal presies hoeveel Graad R-leerders daar is, want baie van die Gemeenskapsterreine is in afgeleë landelike gebiede of in informele nedersettings waar kommunikasie baie moeilik is. Die Vinnige en Jaarlikse opnamevorms is nog nie deur die Gemeenskapsterreine terugbesorg nie. Distriksamptenare het te veel werk en kan nie al die terreine gereeld besoek om te verseker dat programme van gehalte aangebied word nie. Die groter implementering van die WKOD se herontwerp is daarop gemik om hierdie uitdaging te hanteer. Die vergroting van die SOBIS om VKO in te sluit en die opsie om die GIS-werktuie/hulpmiddels te gebruik, sal hierdie sektor help om beheer oor hierdie kritieke onderrigfase te vestig. Distrikte het, as 'n korttermynmaatreël, tydelike personeel aangestel om 'n oudit van terreine te onderneem. Die medium- tot langtermynvisie en doelwit van die WKOD is om bestaande skoolgeboue van Graad R-fasiliteite te voorsien.

ST701	Vroeëkinderontwikkeling- Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
7.1 Graad R in openbare skole		66,902	70,382	140,748	213,365	203,895	227,480
7.2 Graad R in gemeenskapsentra		23,293	29,399	27,590	38,099	46,596	48,757
7.3 Professionele dienste		0	0	1	1	1	1
7.4 Menslike hulpbron-ontwikkeling		0	42,478	59,622	62,003	73,675	78,044
7.5 Voorwaardelike toekennings		0	0	0	0	0	0
TOTAAL		90,195	142,259	227,961	313,468	324,167	354,282
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		44,411	99,794	95,326	101,797	108,558	115,405
Kompensasie van werknemers		44,390	69,649	56,456	56,967	60,955	65,039
Opvoeders		44,390	69,649	56,456	56,967	60,955	65,039
Nie-opvoeders		0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste en ander huidige		21	30,145	38,870	44,830	47,603	50,366
Oordragte en subsidies		45,784	42,465	132,635	211,671	215,609	238,877
Betalings vir kapitale bates		0	0	0	0	0	0
TOTAAL		90,195	142,259	227,961	313,468	324,167	354,282
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		290	278	266	266	266	266
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)		0	0	0	0	0	0

ST701	Vroeëkinderontwikkeling- Sleutelneigings (vervolg)					
	2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
INSKRYWING (SLEGS OPENBAAR BEFONDS)						
Graad R in openbare skole* (a)	28,198	31,593	31,556	43,932	49,932	55,932
Graad R in gemeenskapsentra (b)	28,000	30,000	26,899	24,000	22,000	20,000
Pre-Graad R in openbare skole*	2,481	1,356	1,644	1,700	1,800	1,900
Pre-Graad R in gemeenskapsentra	Hierdie statistiek kon nie bereken word nie aangesien databronne in hierdie verband nie in die WKOD beskikbaar is nie.					
TOTAAL	61,986	63,272	60,475	63,632	67,732	71,832
BEVOLKING						
Bevolking ouderdom 5 (c)	89,423	90,975	91,757	92,829	94,077	95,415
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole	31,505	31,916	31,932	43,932	49,932	55,932
► PM702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings	Nuwe PM	Nuwe PM	Nuwe PM	Wag vir bevestigde data van StatsSA		
► PPM701: Aantal praktisyns wat vir VKO-leerderskappe ingeskryf is (volle kwalifikasie)	0	0	3,800	4,000	4,500	5,000
Let wel: Die relevante datastel is onderworpe aan inligting ten tye van drukpers toe gaan. Die bedoeling is om inskrywings te laat groei teen 'n tempo van 'n minimum van 6% per jaar soos elders in hierdie skrywe aangedui.						

*SOBIS Huidig (08 Februarie 2008)

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide en prioriteite:

Dit is ’n nasionale prioriteit om MIV/vigs dringend en doelgerig in en deur onderwys te hanteer, en die mandaat daarvoor word, *inter alia*, weerspieël in die Strategiese Plan vir Suid-Afrika rakende MIV en vigs en SOI’s 2007-2011, die Nasionale Geïntegreerde Plan vir Kinders wat met MIV en vigs besmet is en daardeur geraak word (2001), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Nasionale MIV/vigs-beleid vir Leerders en Opvoeders (1996) en die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste. Die onderwys se verantwoordelikheid word ook weerspieël in die Regering se Nasionale Program van Aksie, Maatskaplike Groep (2006) ingevolge voortgesette implementering van die Regering se Omvattende Plan vir die Bestryding van MIV en vigs.

Op ’n provinsiale vlak skenk die Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir Groei en Ontwikkeling aandag aan die verhouding tussen, byvoorbeeld, strategieë vir die ontwikkelingsgrondslag vir menslike en sosiale kapitaal, terwyl die Strategie vir Maatskaplike Kapitaal (SMK) ’n verdere beskrywing gee van die vorming van maatskaplike kapitaal in terme van sleutelintervensies deur die provinsie, soos Gesondheid 2010, die provinsiale MIV/vigs-program, jeugontwikkeling, programme vir die versterking van gesinne, die versterking van gemeenskapsgebaseerde strukture, en so meer. Laastens beskryf die interdepartementele ‘Omvattende MIV en vigs-strategie vir die Wes-Kaap, Strategiese Plan en Implementeringsraamwerk: 2007 tot 2011’ die verantwoordelikhede en doelwitte vir, onder andere, potensieel sensitiewe kwessies soos die bevordering en verskaffing van vrywillige berading en toetsing ((VBT) vir volwassenes ouer as 15 jaar (provinsiale teiken 15% van volwassenes jaarliks. Die WKOD-teiken van 30 000 vir 2008/09, wat teen 2009/10 tot 50 000 sal styg) en verhoogde gebruik van manlike kondome tot 100 kondome per volwasse man ouer as 15 jaar teen 2010 (met soortgelyke doelwitte). Die Strategie vir Versnelde Voorkoming van MIV: ’n Multisektorale Raamwerk vir Optrede in die Wes-Kaap 2006 tot 2011 voer hierdie strategie verder in antwoord op die nasionale, multisektorale Strategiese Plan rakende MIV en vigs en SOI’s vir Suid-Afrika, 2007-2011.

Strategiese teikens en doelwitte (uittreksel uit Vyfjaarplan):

- Die verskaffing van menslike hulpbron-ontwikkeling ooreenkomstig die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede.
- Die voorsiening van onderrig in lewensvaardighede rakende MIV/vigs in skole, en om toegang tot ’n gepaste en doeltreffende geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en ondersteuning te verseker.
- Die bevordering van organisatoriese doeltreffendheid en doeltreffendheid in die administrasie van eksterne eksamens
- Om te verseker dat die provinsie genoeg opvoeders met gepaste opleiding verskaf.
- Ondersteuning vir die provinsiale doelwitte van iKapa elihlumayo

Ontleding van vordering

Die lewering van menslike hulpbron-ontwikkeling ooreenkomstig die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede.

Die Plan vir Vaardighede in die Werkplek (PVW) is deur die werknemerspartye en die Departementshoof onderteken en aan die OOOPT SOOG en die Departement van die Premier voorgelê. Opleidingsintervensies word tans in die Distrikte en Hoofkantoor bekendgestel.

Die lewering van onderrig in lewensvaardighede rakende MIV/Vigs in skole, en om toegang tot ’n gepaste en doeltreffende geïntegreerde stelsel van voorkoming, versorging en ondersteuning te verseker.

MIV/vigs word primêr in die leerarea. Vak Lewensoriëntering van die Nasionale Kurrikulumverklaring, Graad R tot 12, weerspieël, en die onderrig daarvan is dus verpligtend. Dit word geraam dat elke leerder in elke graad in die provinsie insette in hierdie verband ontvang. Die totstandkoming van ’n doeltreffende, geïntegreerde stelsel van voorkoming, versorging en ondersteuning is ’n ingewikkelde uitdaging wat vereis dat verantwoordelikhede binne die WKOD deel van die hoofstroom word en die ondersteunings en bevordering van samewerkende reëlings en gemeenskap-georiënteerde ‘openbare-private vennootskappe’ vereis om te verseker dat alle rolspelers optree om mekaar, die WKOD en die provinsiale regering te ondersteun.

Die program het in hierdie verband merkwaardig presteer, sodat daar die afgelope vier jaar 'n daling van 50% in die voorkoms van MIV onder tieners in die provinsie was – iets wat voorheen as onbereikbaar beskou en waarskynlik internasionaal ongeëwenaard is. (Die syfers was in 2003 8,7% en in 2007 4,3% – en het nou tot een derde van die nasionale syfer vir tieners gedaal.)

Die bevordering van organisatoriese doeltreffendheid en effektiwiteit in die administrasie van eksterne eksamens

Die eksamens van 2008 het oor die algemeen volgens plan verloop. Die implementering van die programme van aktiewe ondersteuning, opleiding van hoofopsieners en skoolhoofde en besoeke aan distrikte en geïdentifiseerde skole het tot die sukses in terme van die bestuur en administrasie van die eksamen bygedra.

Die eksamen en assesseringsproses sal in 2009-2010 steeds hersien en versterk word om doeltreffendheid en effektiwiteit in die stelsel te bevorder. Die kwessie van dienslewering sal spesiale aandag geniet. Daarbenewens sal die volgende prosesse versterk word: 'n Raamwerk vir die moderering van skoolassessering op die AOO- en VOO-vlakke sal ontwikkel en geïmplementeer word. Dit sal verseker dat die assessering op skoolvlak geloofbaar is. Strukture is ontwikkel om eksamens en ongerymdhede in assessering op skoolvlak (Komitee oor Ongerymdhede in Skoolassessering), distriksvlak (Distrikskomitee oor Ongerymdhede in Assessering) en op Provinsiale Vlak (Provinsiale Komitee oor Ongerymdhede in Eksamens) te hanteer. Die funksionering van hierdie strukture sal gereeld gemonitor word om die funksionaliteit daarvan te verseker. Die Algemene Onderwys Sertifikaat-eksamen sal in 2009 geskryf word. Dit beteken dat GTA's nie meer in Graad 9 geskryf sal word nie, Die skoolassessering sal in die tweede kwartaal geskryf word, en die formele eksamen sal in die vierde kwartaal geskryf word. Daarbenewens word die vereistes vir vordering en bevordering hersien en dit sal vanaf 2009 geïmplementeer word.

Die versekering dat die provinsie genoeg opvoeders met gepaste opleiding voorsien.

Behoeftes ooreenkomstig die departement se strategiese doelwitte word gebruik om te verseker dat gepaste programme geïdentifiseer word om te verseker dat opvoeders gepaste opleiding ontvang. Die getal opvoeders wat opgelei word hang af van die HOI se vermoë om te lewer. Die KOLI verseker ook dat opvoeders deur middel van verskeie programme opgelei en toegerus word om die NKV prakties op skoolvlak te implementeer.

160 Skoolhoofde het vir die GOS in Skoolleierskap geregistreer; 643 onderwysers vir die NPOD, GOS in Wiskundige Geletterdheid – 100 opvoeders; vir Visuele Kunspraktyk – 20; Grondslagfase – 50; Tegnologie 50; Taal (Xhosa) en Verbruikerstudies word vir die toekoms beplan. 198 Skoolhoofde, Adjunk-hoofde en Departementshoofde was as eerstejaars geregistreer. 181 Eerstejaarstudente was vir die NPOD geregistreer. Opvoeders het ook registreer vir GOS-programme, d.w.s. Wiskundige Geletterdheid, Verbruikerstudies, Skoolbiblioteekwese, Natuurwetenskap en Lewenswetenskap. Die WKOD het ook opvoeders in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Grondslagfase, Intermediêre Fase, Multigraad en Spesiale Behoeftes en Ondersteuning bygestaan.

Ondersteuning van die provinsiale doelwitte van iKapa eliHlumayo

Loopbaanontwikkeling

400 onderwysers is in 2008 opgelei.

Fokus-skole

Mees moderne fasiliteite by skole is voltooi of amper voltooi. Toerusting en IKT is ook aan alle skole voorsien. 'n Batebestuursoudit van alle hulpbronne wat aangekoop is, is voltooi. Die Kaapse Skiereiland se Universiteit vir Tegnologie het leerders die geleentheid gebied omwinterskool by te woon. Skole is gehelp om hulle eie Lenteskole aan te bied. Leerderskampe vir Kuns en Kultuur-leerders en leerderkonferensies vir Lewensoriëntering was suksesvol en die 'Inwonende Kunstenaar'-program by skole vir Kuns en Kultuur het 'n belangrike impak.

Alle fokus-skole word elke kwartaal besoek om hulle te monitor en die gehalte te verseker. Ons het vir onderwysers van Lewensoriëntering 'Opleiding in Wêreldburgerskap' verskaf. Leerders in die Kunsfokus-skole hou gereelde uitvoerings. Musiek- en Kunsonderwysers by verskillende Kunsfokus-skole het die eerste kursus in die Apple-projek bygewoon. Hierdie projek is daarop gemik om die nut van die werktuie in die reeks Apple-programme vir die Kunste te verken.

Skole vir Vaardighede

In 2009 sal 'n verdere twee skole bygevoeg word. Die Khayelitsha Skool vir Vaardighede sowel as die Cafda Skool vir Vaardighede sal in April 2009 amptelik geopen word. Tussentydse SBH's sal na die skole se finansies omsien, tydelike opvoeders aanstel en die beplanning vir die nuwe skole inisieer en monitor. 'n Maksimum van 120 leerders sal vir die eerste jaar tot die skool toegelaat word. Tydelike opvoeders sal gedurende die eerste kwartaal van 2009 aangestel en opgelei word.

B.10 Voorwaardelike toelaes

LEWENSVAARDIGHEDE: MIV-VIGS SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
KPA 1: Aktiewe steun	Strategieë van meer intense kommunikasie en inligting op alle vlakke. Waninligting en stigma oor MIV/vigs bestaan steeds in ons skoolgemeenskappe. *Die boodskap:* die inisiatief van aktiewe ondersteuning moet dus vanaf 'Vigs-bewustheid' verskuif om dialoog en deelname om onderling-verwante psigo-maatskaplike en ekonomiese kwessies soos dwelm- en alkoholmisbruik te bevorder; vrywillige berading en toetsing (VBT) te bevorder, strategieë vir die behoud van leerders en die bevordering van maatskaplik-georiënteerde 'openbare private vennootskappe' op provinsiale, distriks- en plaaslike vlakke. Holistiese modelle van verantwoordelikhede sal bevorder word, asook die feit dat dit hoë prioriteit moet geniet.
KPA 2: Kurrikulum	Die onderrig van MIV/vigs en seksualiteit is, ooreenkomstig die nasionale beleid en bepalings van die Nasionale Kurrikulumverklaring verpligtend in alle grade, van Graad R tot 12. die provinsiale mikpunt is om te verseker dat 80% van alle opvoeders in Lewensoriëntering in primêre skole en 80% van dié in sekondêre skole toereikend opgelei is om lewensvaardighede rakende MIV/vigs (wat in 2002 bepaal is) bly onveranderd.
KPA 3: Leerderskap – Bestuur en beheer	Die opleiding in hierdie program vir skoolbestuurspanne (SBS'e) en Skoolbeheerliggame (SBL'e) sal gekoppel word aan Heelskoolevaluering, heelskoolontwikkeling en die verpligte ontwikkeling van Skoolverbeteringsplanne (SVP's) deur skole. Lêers oor opleiding en hulpbronne is voorberei om aan alle skole versprei te word en die opleiding sal deur die Omgangspanne gedoen word. Elke skool word, ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: MIV/vigs-beleid vir Opvoeders en Leerders (1996), verplig om sy eie Implementeringsplan vir MIV/vigs te ontwikkel. Ons stel voor dat dit in die SVP van elke skool ingesluit word. Skole word aangemoedig om vennote in die gemeenskap te identifiseer en, waar nodig en/of gepas, hulpbronpersone op hulle SBL'e te koöpteer.
KPA 4: Versorging en ondersteuning	Opleiding in die Soul City-model, 'Skole as Nodusse van Versorging en Ondersteuning' (SNVO) vir SBL'e en vennote in die skoolgemeenskap sal steeds deur die Omgangspanne bekendgestel het. 'n Parallelle program vir opvoeders sal ook deur die Omgangspanne bekendgestel word, met die ondersteuning van 90 spesiaal-opgeleide departementele sielkundiges en maatskaplike werkers. Opleiding sal deur 'n NKR-geakkrediteerde kort kursus in berading aangebied word.
KPA 5: Portuuronderwys	Meer as 7 500 portuuropvoeders en 5 000 'jong leiers' is elke jaar betrokke by die Portuuronderwys en loveLife-strategieë in 200 sekondêre skole. 153 daarvan word befonds deur die Wêreldfonds wat deur die Departement van Gesondheid geadministreer word, 25 deur die Voorwaardelike Toelae en die res ontvang fondse uit onafhanklike bronne. Hierdie twee inisiatiewe word saam deur die Departement van Gesondheid bevorder. Die portuuronderrigprogram vir VOO-kolleges sal na al ses kolleges (al 12 kampusse) uitgebrei word.

LEWENSVAARDIGHEDE: MIV-VIGS SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
KPA 6: Leer- en onderrig-steunmateriaal (LOOM)	LOOM ter ondersteuning van Lewensoriëntering (asook bykomende materiaal ter ondersteuning van die ander strategieë teen MIV/vigs) word aan alle skole versprei. LOOM word, buiten die skool se eie bestellings vir handboeke, aan alle leerders vanaf Graad R – 12 verskaf. Dit verteenwoordig 25% van die ongeveer 'voorwaardelike toelae' van R13 per kind per jaar. Leerdersaktiwiteitsboeke sal steeds elke jaar vervang word. LOOM word in al drie die tale in die provinsie voorsien.
KPA 7: Monitering, ondersteuning en evaluasie	Opvoeders word ondersteun deur skoolbesoeke deur Distrikskoördineerders en Veldwerkers in verband met MIV/vigs, en toenemend deur die multifunksionele Distrikspanne. Elke skool het, met die oog op die bevordering van selfstandigheid, 'n aangewese Koördineerder(s) vir MIV/vigs. Skole word in geografiese groepe van 5 tot 15 verdeel, waar Koördineerders wat saam gegroepeer is, byeenkom om oor strategie vir gepaste reaksie op die plaaslike vlak te besluit, nuwe uitdagings vir die Departement te identifiseer en mekaar oor die beste praktyke in te lig. Die belegging in hoofstroom- en gedesentraliseerde versekering van gehalte en ondersteuningstelsels sal steeds bevorder en verbeter word.
KPA 8: Bestuur en Administrasie	Die modelplanne vir hierdie program sal strategies en oor alle toepaslike vertakkings en direktorate van die WKOD versprei word, in noue samewerking met verwante programme vir die bou van maatskaplike kapitaal en spesiale projekte. Voorts sal die voorneme om prioriteit aan MIV en verantwoordelikhede vir die bou van maatskaplike kapitaal vanaf 2009/10 'n groter verskuiwing in die verantwoordelikhede na Distrikte en Omgangspanne beteken. Die program sal steeds in 2007-2011 op die medium- en langtermynvisie in die strategiese planne van die nasionale en provinsiale regerings konsentreer, waar die onderwys se verantwoordelikheid (in terme van voorkoming) aan die voorkoms van MIV onder jeugdiges tussen die ouderdomme van 15 en 24 jaar gemeet sal word. Die WKOD is gevolglik 'n aktiewe en vooraanstaande deelnemer aan die ontwikkeling van die intersektorale provinsiale strategie (deur PIDAC en die Provinsiale vigs-raad), asook 'n aktiewe deelnemer aan plaaslike regering.

SKOOLVOEDINGPROGRAM SLEUTEL-LEWERBARES 2009/10	
Verseker toereikende toegang tot die Nasionale Skoolvoedingprogram deur geteikende skole	Voed 335 000 leerders in 997 gekeurde Primêre, Spesiale en Sekondêre skole. Al die leerders in primêre skole in nasionale kwintiel 1 – 3 sal geteiken word, asook dié in sekondêre skole in nasionale kwintiel 1. Hou 500 werkwinkels oor veiligheid met betrekking tot kos en gas en higiëne om vermoë uit te bou. Vrywillige Voedselhanteerders sal vir opleiding geteiken word.
Versterk Voedingsonderrig in geteikende skole	Versprei plakkate vir voedingsonderrig aan 873 geteikende Primêre en Spesiale skole.
Hou werkwinkels oor voedselproduksie om vermoë uit te bou en fasiliteer die aanlê van 20 kostuine by geteikende skole.	Hou 22 werkwinkels oor voedselproduksie om vermoë uit te bou. Fasiliteer die aanlê van 20 kostuine by geteikende skole.

Ontleding van beperkings en maatreëls om hulle te bowe te kom

MIV/VIGS

Suid-Afrika het die grootste getal mense ter wêreld wat met die Menslike Immuniteitsgebreksindroom Virus (MIV) besmet is – 'n geraamde 5,9 tot 6,5 miljoen mense (2005). Meer as 20% van die volwasse bevolking en 30% van vrugbare volwassenes is besmet. 'n Geraamde 50% van alle nuwe infeksies kom onder jongmense tussen die ouderdomme van 15 tot 25 jaar voor. Die taak van die onderwys is om hierdie jongmense op daardie risiko voor te berei om hulself en ander teen infeksies te beskerm. Dit sluit strategieë in om MIV-infeksies by opvoerders en leerders te voorkom en om die totale reaksie op MIV/vigs te bevorder om die gehalte van onderwys te beskerm.

Terwyl die teiken in primêre skole grotendeels bereik en gehandhaaf is, bly die opleiding van onderwysers in Lewensoriëntering in Graad 8 – 12 steeds 'n kritieke uitdaging – gegewe die feit dat baie leerders na Graad 9 die skool verlaat en dat baie skole die verantwoordelikheid aan ander onderwysers as dié vir Lewensoriëntering oordra. 'n Strategie om MIV/vigs by die hele kurrikulum in te sluit, is weer in swang. Dit is daarop gemik om gepaste metodologie vir onderrig oor MIV/vigs te skep, om verveeldheid met vigs te systap, om verantwoordelikhede onder opvoeders te versprei en deur die skoolverrykingsaktiwiteite geleenthede buite formele onderrig in die klaskamer uit te brei.

Let daarop dat die Provinsiale Prestasiemaatreëls (PPM's) wat in vorige jare gebruik is – wat hoofsaaklik konsentreer het op die getal opvoeders wat opgelei is, maar nie die ware omvang van die implementering van die program, die gehalte en doeltreffendheid van opleiding en die werklikgedragsverandering wat bereik is, weerspieël het nie – gestaak is. Die ekstern-bepaalde opname oor voorgeboortelike MIV onder jeugdiges jonger as 19 jaar (en 20 – 24-jariges) is 'n nuttiger aanduider van die doeltreffendheid van die program – waar die verantwoordelikheid vir die voorkomingstrategieë vir MIV onder jeugdiges grotendeels by Onderwys berus.

Ondanks die daling van 50% in die voorkoms van MIV onder tieners gedurende die tydperk van vier jaar tot 2007, is dit die WKOD se taak om te identifiseer watter strategieë die doeltreffendste was en dit te versterk. Die Departement se fokus op 'n medium- tot langtermynstrategie het dit klaarblyklik vir die program moontlik gemaak om die waarde van die belegging van sy voorwaardelike toelae (VT) en die impak daarvan te verhoog.

Skoolvoedingprogram

Broodpryse word tans, weens skerp stygings in voedselpryse, hersien. Die herevaluering van kwintiele op nasionale vlak kan unieke uitdagings vir hierdie provinsie bied.

ST801	Hulp- en Verwante Dienste – Sleutelneigings						
		2006/07 Werklike	*2007/08 Werklike*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*	*2011/12 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
8.1 Betalings aan SETA		3,756	3,944	4,258	4,604	4,926	5,256
8.2 Voorwaardelike skenkersprojekte		11,872	13,001	13,847	14,626	15,420	16,345
8.3 Eksterne eksamens		63,124	64,442	80,779	90,615	96,141	101,654
8.4 Onderwysersopleiding		1,868	1,909	1,905	2,000	2,104	2,203
8.5 iKapa Elihlumayo		120,225	111,702	116,641	121,890	129,203	136,955
TOTAAL		200,845	194,998	217,430	233,735	247,794	262,413
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		87,197	88,070	109,974	121,389	128,549	135,786
Kompensasie van werknemers		41,321	47,407	49,693	60,439	64,585	68,830
Opvoeders		22,313	24,178	25,344	30,824	32,939	35,104
Nie-opvoeders		19,008	23,229	24,349	29,615	31,646	33,726
Goedere en dienste en ander huidige		45,876	40,663	60,281	60,950	63,964	66,956
Oordragte en subsidies		113,557	106,892	107,366	112,346	119,245	126,627
Betalings vir kapitale bates		91	36	90	0	0	0
TOTAAL		200,845	194,998	217,430	233,735	247,794	262,413
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)		18	19	10	10	10	10
Aantal Nie-opvoeders		118	234	117	117	117	117
► PRESTASIEMAATREËLS							
► PPM801: Lewensvaardighede- en MIV/vigsprogramme: Jaarlikse persentasie MIV-voorkoms onder jeugdiges van 15-19 jaar (8,7 in 2003, 7,2 in 2005)		5.6%	4.3%	Data nog nie vrygestel deur DvG nie	4.7%	4.4%	4.1%
► PPM802: Aantal openbare skole met ten minste een rekenaarfasiliteit vir onderrig en leer		725	950	1,070	1,239	1,390	1,537

B.9 Implementering van kapitale investering, onderhoud en batebestuursplan

Nuwe projekte, opgradering en rehabilitasie

Die volgende projekte sal gedurende 2009/10 voltooi word:
Bykomende klaskamers (baksteen) by bestaande skole (15); Ablusiefasiliteit-projek (8); Administrasie-fasiliteite (3 Primêre); Forum-fasiliteite (3 Primêre, 3 Sekondêre)

Die besonderhede van die projekte as volg:

Tipe van projek	Aantal projekte	Naam van projek
Skole-bouprojekte	Primêre skole – 5	Vredenburg PS, Zwelihle PS, Avian Park PS, Nomzamo PS, Westlake PS
	Sekondêre skole – 3	Wellington SS, Wallacedene SS, Gansbaai SS
	Spesiale skole – 1	Tafelberg Skool
Instruksiekamers as deel van elke nuwe skool of as aparte projek	Klaskamers by primêre skole – 193	Klaskamers van nuwe skole: Vredenburg PS (22), Avian Park PS (32), Zwelihle PS (32), Nomzamo PS (30), Westlake PS (17) Permanente klaskamers: (60) Bloekombos PS (6), Gordonsbaai PS (3), Marine PS (3), FJ Conradie PS (2), Chris Nissan PS (4), Kleinmond PS (3), Heidedal PS (6), Gansbaai PS (2), Stawelklip PS (5), Lukhanyo PS (8), Thembalethu PS (6), Meulenhof PS (6) Mobiele klaskamers:
	Klaskamers by sekondêre skole – 142	Klaskamers van nuwe skole: Bloekombos SS (35), Wellington SS (35), Wallacedene SS (35), Gansbaai SS (22) Permanente klaskamers: (15) Masibambisane SS (7), Waveren SS (8),
	Klaskamers by spesiale skole – 46	Klaskamers van nuwe skole: Tafelberg Skool (40) Permanente klaskamers: Karitas Skool (6)
Verskuiwing van mobiele klaskamers	75	Teen die tyd wat die klaskamers beskikbaar is, sal die nuwe persele geïdentifiseer wees.
Forums	Forums by primêre skole – 3	De Heide PS, Plantation Road PS, Siyazakha PS
	Forums by sekondêre skole – 3	Diazville SS, Indwe SS
Toilette	Primêre skole – 160	Vredenburg PS (37), Avian Park PS (35), Nomzamo PS (35), Westlake PS (20), Zwelihle PS (35)
	Sekondêre skole – 115	Wellington SS (38), Wallacedene SS (37), Gansbaai SS (40)
Opgraderingsprojekte	Primêre skole – 1	Cloetesville PS, Klapmuts
	Spesiale skole – 1	

PROJEKTE WAT IN 2009/10 GEÏNISIEER SAL WORD	
Skole wat op tender uitgaan	Cloetesville PS, Blue Downs PS, Nuwe Eisleben SS
Skole waarvan die beplanning voltooi was, maar gestaak is totdat fondse beskikbaar is	Northpine SS (Northpine, Brackenfell), Brackenfell SS, (Brackenfell), Delft N2-Gateway PS No 1 (Delft), Delft N2-Gateway PS No 2 (Delft), Delft N2-Gateway SS No 1 (Delft), Delft N2-Gateway SS No 2 (Delft), Boystown SS, (Crossroads)

Onderhoud van geboue oor die MTBR (2009/10 tot 2011/12)

Aantal projekte	Begroting Beskikbaar R'000
240	R284 408 miljoen

'n Versoek vir bykomende fondse is aan die Provinsiale Departement van Finansies ingedien om al die agterstande (bestaande klaskamers en onderhoudsagterstand) aan te spreek. Die veronderstelling van die tenderdokument is dat alle agterstande binne 'n tienjaar-tydperk uitgewis sal word. Hierdie veronderstelling is reeds nie met die fondse wat vir die 2009/10 finansiële jaar geoormerk is, haalbaar nie.

Nog 'n aanname is dat 'n waarde van R15 biljoen op onroerende skooleiendomme in die Wes-Kaap geplaas is waarvan 2 beskikbaar gestel sal word vir geskeduleerde onderhoud. 'n Verwagte eskalasie van 12% per jaar word vir boukoste voorspel. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n geskeduleerde onderhoudstoekenning van minder as R300 miljoen per jaar beslis sal veroorsaak dat die bestaande skoolvoorraad progressief sal agteruitgaan en dat die koste om die herstelwerk aan die voorraad te doen dienooreenkomstig sal verhoog.

Batebestuur

Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS) en die Nasionale Onderwysinfrastruktuurbestuur-stelsel (NOIBS) wat voldoende is om onroerende bates te bestuur.

Groot roerende bates

Hoofkantoor en Distrikte (insluitend kantore wat met Distrikte skakel). Die WKOD het 'n batebestuurseenheid vir roerende bates geskep. Hierdie eenheid is een van die pilare van die Verskafferskettingeenheid. Alle meubels en toerusting vir hierdie kantore word by hoofkantoor gekoop en op 'n inventaris van roerende bates aangeteken volgens voorskrifte van die Nasionale Departement van Finansies. 'n Voorraadopname van alle roerende bates word jaarliks gedoen, soos deur die Departement van Finansies voorgeskryf. Die voorraadopname vir 2008/09 is tans aan die gang.

Die volgende maatreëls word geneem om data-integriteit te verseker wat 'n doeltreffende bateregister steun wat rekenkundige standaarde volhou en ook sorg vir 'n doeltreffende en akkurate rekonsiliasie van inligting.

(a) 'n voorraadopname word ten minste eenmaal per jaar deur die Departement gedoen soos voorgeskryf deur die Regulasies van die Departement van Finansies
(b) 'n sesmaandelikse voorraadopname word ook beplan as gevolg van die volume van items
(c) inventarisse word deur verantwoordelike beamptes afgeteken en dan deur die Kostesentrumbestuur gesertifiseer
(d) omsendbriewe word uitgestuur in lyn met Artikel 10 van die Departement van Finansies se Regulasies
(e) aankoopprosedures vir bates word in die Rekenkundige Beampte se Stelsel beskryf
(f) 'n rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die besteding op BRS word maandeliks gedoen
(g) die bateregister bevat al die inligting wat in terme van die Regulasies van die Departement van Finansies vereis word

Die meganismes wat geïmplementeer is om te verseker dat daar 'n doeltreffende stelsel van identifikasie, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates is, is as volg:

(a) alle bates het 'n staafkode wat "RSA" gemerk is en so op inventarisse aangeteken word
(b) alle bates word in die roerende bateregister geïdentifiseer in alle kategorieë wat deur die Departement van Finansies aangedui word en ontvang unieke nommers (staafkodes)
(c) kostesentrumbestuur is verantwoordelik vir die beveiliging van hul bates
(d) alle roerende bates word per kostesentrum en perseel op 'n inventaris aangeteken. Inventarisse word deur Kostesentrumbestuur as korrek gesertifiseer. Die inventaris word dan by elke perseel in 'n sigbare plek gehou.

Skole

Alle aankope van skole wat beskou word as inventarisitems van skole, is in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr. 84 van 1996) uit die LOGIS-bateregister soos dit is, verwyder. Skole sal dus oor hierdie inventarisitems in hul jaarlikse finansiële state verslag doen. Die LOGIS-Bateregister weerspieël net die inventarisse vir die Hoofkantoor van die WKOD, asook die Distrikte en hul afsonderlike dienspunte. Skole ontvang nie meer oordragbetalings om meubels en toerusting te koop nie. Die WKOD koop nou hierdie items namens die skole en dra die bates na die inventarisse van die skole oor.

Planne rakende roerende bates, soos motorvoertuie

Die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde Staatsgarage (SG)-voertuie word deur die Provinsiale Departement van Vervoer) (Regeringsmotorvervoer) beheer. Hulle is ook verantwoordelik vir die lisensiëring, onderhoud en brandstof van die voertuie, asook die byhou van die bateregister op die Fleetman Stelsel. Hulle formuleer ook provinsiale beleid met betrekking tot die gebruik van SG-voertuie. Die WKOD verseker dat daar by die provinsiale beleid gehou word. Daar word ook 'n register van voertuie in gebruik deur middel van logvelle deur die WKOD gehou en daar word seker gemaak dat voertuie padwaardig en behoorlik onderhou is. Die huidige vloot, aangevul deur die voorsiening van gesubsidieerde voertuie aan beamptes wat daarvoor kwalifiseer, voorsien in die huidige behoeftes van die WKOD. Die voorsiening van gesubsidieerde voertuie is deur middel van Omsendbrief Nr. 179/2003 gedateer 10 September 2003 onttrek aangesien daar gevind is dat dit baie duurder is as die staatsmotorvervoer.

DEEL C: KWARTAALLIKSE EN JAARLIKSE TEIKENS

Deel C van hierdie Jaarlikse Prestasieplan verskaf kwartaallikse en jaarlikse teikens vir die prestasiemaatreëls vir 2010/11

Programme Subprogramme Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2009/10 soos per Jaarlikse Prestasieplan	1ste Kwartaal Beplande Uitset	2de Kwartaal Beplande Uitset	3rde Kwartaal Beplande Uitset	4de Kwartaal Beplande Uitset
PROGRAM-PRESTASIEMAATREËLS (Aangepas: Nasionaal spesifiek) KWARTAALLIKSE UITSETTE					
Program 1: Administrasie					
PM007: Aantal deelnemers aan die Kha Ri Gude-geletterdheidsveldtog/-program	7 262	Hierdie program loop nasionaal			
PM008: Aantal deelnemers aan die Provinsiale geletterdheidsveldtog/-program (Kha Ri Gude uitgesluit)	Nie vir 2009 'n provinsiale program nie				
PM101: Aantal skole wat die SA-SABS gebruik om data aan die nasionale leerderopsporingsstelsel gedurende die verslagtydperk te verskaf	Reeds op teiken				
PM102: Aantal skole ten volle opgelei in die kernregistrasiemodules van die Skooladministrasie en -bestuurstelsel gedurende die verslagtydperk (Skoolinligting, Leerderinligting en Opvoederinligting)	850	50	200	100	500
PM103: Aantal skole wat elektronies (e-pos) deur die departement gekontak kan word	Reeds op teiken				
PM106: Persentasie van huidige besteding op nie-personeel-items in skole	22.7%	22.7%	18.1%	28.6%	26.1%
Program 2: Openbare gewone skole					
PM201: Aantal leerders wat voordeel trek uit die skoolvoedingsprogram	335,000	335,000	335,000	335,000	335,000

Programme Subprogramme Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2009/10 soos per Jaarlikse prestasieplan
PROGRAM-PRESTASIEMAATREËLS (Aangepas: Nasionaal spesifiek) JAARLIKSE MAATREËLS	
Provinsiale Onderwyssektor	
PM001: Persentasie van bevolking ouderdom 6 tot 15 wat skole bywoon	99.3%
PM002: Persentasie van die bevolking ouderdom 16 tot 18 onderwysinrigtings bywoon	84%
PM003: Openbare nie-personeelbesteding op armste 20% van leerders in Kwintiel 1-skole as 'n persentasie van openbare nie-personeel-besteding op die mees gegoede 20% van leerders in Kwintiel 5-skole	396%
PM004: Persentasie volwassenes wat Graad 9 voltooi het	69.3%
PM005: Persentasie volwassenes wat Graad 12 voltooi het	13.4%
PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer	86.2%
Program 1: Administrasie	
PM104: Persentasie van kantoorgebaseerde vroue in Senior Bestuursdiens	35%
PM105: Persentasie vroulike skoolhoofde	33%
Program 2: Openbare Gewone Skool-onderwys	
PM 202: Aantal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes	13,268
PM203: Aantal volledigensskole in die provinsie	68
PM204: Aantal openbare gewone skole sonder watertoevoer	0
PM205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit	0
PM206: Aantal skole sonder werkende toilette	0
PM207: Totale openbare begroting vir geskeduleerde onderhoud bewillig as persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur	0.4%

Programme Subprogramme Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2009/10 soos per Jaarlikse prestasieplan
Program 2: Openbare Gewone Skool-onderwys (vervolg)	
PM208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid	0
PM209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid	0
PM210: Aantal openbare gewone skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal soos bestel, afgelewer op die eerste dag van die skooljaar	1,455
2.1 Openbare Primêre skole	
PM211: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid bereik	50%
PM212: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Geletterdheid bereik	50%
PM213: Die prestasieverhouding van die armste 20% van Kwintiel 1-leerders teenoor die mees gegoede 20% van kwintiel 5-leerders in Graad 3	NDvO
PM214: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Tale bereik	50%
PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde bereik	50%
2.2 Openbare Sekondêre skole	
PM216: Persentasie vroulike leerders wat in Graad 12 vir Wiskunde inskryf	50%
PM217: Persentasie vroulike leerders wat in Graad 12 vir Natuurwetenskap inskryf	28%
PM218: Die prestasieverhouding van die 20% armste leerders in kwintiel 1-skole teenoor die mees gegoede 20% leerders in kwintiel 5-skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer	0.78

Programme Subprogramme Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2009/10 soos per Jaarlikse Prestasieplan
2.2 Openbare Sekondêre skole (vervolg)	
PM219: Graad 12-slaagsyfer	80%
PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde	67%
PM221: Slaagsyfer in Graad 12 vir Natuurwetenskap	71%
PM222: Aantal leerders wat voordeel trek uit gratis leerdervervoer	46,500
PM223: Aantal leerders wat voordeel trek uit "Geen skoolgeld"-beleid	346,139
Program 3: Onafhanklike Skool-subsidies	
PM301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is	45
PM302: Aantal leerders in gesubsidieerde Onafhanklike Skole	18,432
Programme 4: Openbare Spesiale Skool-onderwys	
PM401: Aantal kinders met spesiale behoeftes ouderdom 6 tot 15 wat nie by onderwysinrigtings ingeskryf is nie	204
PM402: Aantal leerders by Spesiale Skole ingeskryf	17,110
Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding	
PM501: Aantal NK(A)-studente by openbare VOO-kolleges ingeskryf	11,970
PM502: Aantal NK(A)-studente in tegniese velde ingeskryf	5,027
PM503: Aantal leerders in leerderskappe aan VOO-kolleges	6,500
Program 6: Basiese Volwassene-onderwys en -opleiding	
PM601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie	42,500
Program 7: vroeëkindontwikkeling	
PM701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole	43,932
PM702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings	Grondlyndata nie beskikbaar nie

Programme Subprogramme Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2009/10 soos per Jaarlikse prestasieplan
EIE PROGRAM-PRESTASIEMAATREËLS (Aangepas – Provinsiaal spesifiek) JAARLIKSE UITSETTE	
Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding	
PPM501: Aantal studiebeurse aan studente by VOO-kolleges toegeken	10,000
Program 6 Basiese Volwassene-onderwys en -opleiding	
PPM601: Aantal BOOV-leerders vir VOO geregistreer	21,845
Program 7: vroeëkindontwikkeling	
PPM701: Aantal praktisyns wat vir VKO-leerderskappe ingeskryf is (Volle kwalifikasie)	4,000
Program 8: Hulp- en Verwante Dienste	
8.2 Voorwaardelike skenkersprojekte	
PPM801: Lewensvaardighede- en MIV/vigs-programme: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges <19 jaar.	4,7%
8.5 iKapa Elihlumayo	
PPM802: Aantal openbare skole in die provinsie met ten minste een rekenaarfasiliteit vir onderrig en leer.	1,239

BYLAE A: PRESTASIEMAATREËLS

Hierdie bylae lys die kernprestasiemaatreëls (PM'e) waarop daar nasionaal ooreengekom is. Daar word vir elke prestasiemaatreël 'n langer en korter beskrywing gegee.

PM 001: Persentasie van die bevolking ouderdom 6 tot 15 wat skole bywoon

Definisie:
Dit is die persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie wat enige skool of onderwysinrigting bywoon. Hierdie prestasiemaatreël dui aan hoe Doeltreffend die onderwysregte van kinders, soos in die Grondwet verwoord, vervul word, en die mate waartoe voldoen word aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet met verwysing na verpligte skoolbywoning.

Databronne
- Onderwysinligting-bestuursinligtingstelsel (OBIS): Jaarlikse skoolopname (JSO)
- StatsSA Bevolkingskattings Middel van die jaar

PM 002: Persentasie van die bevolking ouderdom 16 tot 18 wat onderwysinrigtings bywoon

Definisie en Doel
Dit is soortgelyk aan PM001, behalwe dat hierdie prestasiemaatreël na ouer kinders verwys wat enige tipe van onderwysinrigting bywoon. Dit is die persentasie van die bevolking in die provinsie wat tussen 16 tot 18 wat 'n onderwysinrigting (dit sluit skole, VOO-kolleges, ens. in) bywoon. Dit dui aan hoe suksesvol die regering en die land is in die voorsiening van skool en ander onderwys bo die basiese onderwysvlak. Terwyl die Grondwet nie onderwys vir hierdie groep 'n basiese reg maak nie, verplig dit die regering om verdere onderwys progressief meer beskikbaar en toeganklik te maak vir ons jeug.

Databron
StatsSA, Algemene huishoudingsopname (AHO)

PM 003: Openbare nie-personeelbesteding op die armste 20% leerders in kwintiel 1-skole as 'n persentasie van openbare nie-personeelbesteding op die mees gegoede 20% leerders in kwintiel 5-skole

Definisie en Doel
Dit is die regering se besteding op die armste een vyfde van leerders as 'n persentasie van die regering se besteding op die mees gegoede een vyfde. Gedurende die laaste jare van apartheid was die persentasie ongeveer 20%, m.a.w. vir elke R1 wat aan nie-arm leerders bestee is, is R0.20 aan arm leerders bestee. Dit is die regering se Doel om hierdie persentasie te verhoog tot meer as 100% vir alle provinsies. Daar is baie faktore wat hierdie persentasie op en af laat beweeg; die regering se pro-arm-beleid rakende posvoorsiening en skooltoekenning; die regering se skoolbouprogramme (stoot die persentasie op); probleme om onderwysers na landelike gebiede te lok (hierdie faktore verlaag die persentasie).

Hierdie maatreël word maklikste bereken as per-leerder-toekenningsdata gebruik word. Daar word dus aanbeveel dat die per-leerder-toekenning van die Provinsie gebruik word wanneer die nie-personeel-besteding van die geteikende leerders bereken word.

Dit beteken dat hierdie maatreël kapitale besteding op geteikende leerders sal uitsluit en dus nie presies is soos dit in die titel van die Prestasiemaatreël aangedui word nie. Hierdie afwyking van die titel van die PM maak dit makliker om hierdie Prestasiemaatreël te bereken.

Databronne
- Per-leerder-toekenning
- Hulpbronteikenlys
- Provinsiale Begrotingsverslag

PM 004: Persentasie volwassenes wat Graad 3 voltooi het

Definisie en Doel

Die maksimumwaarde wat vir hierdie prestasiemaatreël moontlik is, is 100. Dit sal die geval wees indien alle volwassenes in die bevolking Graad 9 of sy ekwivalent voltooi het. Soos ons bevolking meer opgevoed raak, sal die waarde vir hierdie maatreël verhoog word. Ons behoort geleidelike verhogings te verwag aangesien dit 9 jaar duur vir verpligte onderwys.

Hierdie maatreël poog om die voltooiing van verpligte onderwys in Graad 1 – 9, te assesseer. Om menseregteredes, maar ook om ekonomiese ontwikkelingsredes, is dit 'n belangrike maatreël vir die regering. Ons mikpunt behoort dus 100% bereiking van basiese onderwys te wees.

Databron

Statistiek Suid-Afrika, Algemene huishoudelike opname (AHO)

PM 005: Persentasie volwassenes wat Graad 12 voltooi het

Definisie en Doel

Die maksimum moontlike waarde vir hierdie prestasiemaatreël is 100. Dit sou die geval wees wanneer alle volwassenes van die bevolking Graad 12 of sy ekwivalent voltooi het. Soos ons gemeenskap meer opgevoed raak, sal die waarde vir hierdie prestasiemaatreël verhoog. Ons behoort redelik geleidelike verhogings te verwag aangesien baie jare se skoling en BOOV sal neem om die algehele vlakke van onderwys oor die hele volwasse bevolking te verander.

Databron

Statistiek Suid-Afrika, Algemene huishoudelike opname (AHO)

PM 006: Volwassene-geletterdheidsyfer

Definisie en Doel

Dit is die persentasie volwassenes wat kan lees en skryf, ten minste op basiese vlak. Ons Grondwet waarborg die reg op basiese onderwys aan alle volwassenes wat in die verlede hiervan uitgesluit was. Vir redes wat met menseregte verband hou, maar ook vir redes wat met ekonomiese ontwikkeling verband hou, is dit 'n belangrike prestasiemaatreël vir die regering. Ons doel moet 'n 100%-volwassenegeletterdheidsyfer wees.

In die verslag van die Ministeriële Komitee (DvO: 2006) oor Geletterdheid, word 'n persoon as funksioneel-geletterd beskou indien hy/sy ten minste sewe jaar onderwys (m.a.w. primêre skool) voltooi het. 'n Persoon word as funksioneel-ongeletterd gedefinieer as hy/sy die skool verlaat het voor Graad 7 voltooi is. 'n Persoon word as totaal ongeletterdheid gedefinieer indien hy/sy geen onderwys hoegenaamd ontvang het nie.

Databron

Statistiek Suid-Afrika, Algemene huishoudelike opname (AHO)

PM 007: Aantal deelnemers aan die Kha Ri Gude-geletterdheidsveldtog/-program

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser meet die deelname van volwassenes aan die Kha Ri Gude-geletterdheidsprogram. Volgens amptelike syfers van StatsSA, is daar 4.7 miljoen mense in Suid-Afrika wat ongeletterd is. Hier moet dus teen die nasionale teikens wat gestel is, oor hierdie maatreël verslag gedoen word.

Databron

Programbestuurder (Nasionaal)

PM 008: Aantal deelnemers aan die Provinsiale geletterdheidsveldtog/-program (Kha Ri Gude uitgesluit)

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser meet die deelname van mense in 'n provinsiaal-spesifieke geletterdheidsprogram, (die Kha Ri Gude-geletterdheidsveldtog uitgesluit). Hier moet dus teen die provinsiale teikens wat gestel is, oor hierdie maatreël verslag gedoen word.

Databron

Provinsiale Programbestuurder vir Geletterdheid/BVOO

Teikenstelling

Om 'n provinsiale teiken vir hierdie maatreël in die Jaarlikse prestasieplan (JPP) te stel, moet Provinsiale Onderwysdepartemente (POD's) vasstel wat die tekorte in terme van geletterdheid is. Gebruik die syfers wat in PM006 gegee word om te help om teikens te bepaal.

PM 101: Aantal skole wat SA-SABS gebruik om data aan die nasionale leerderopsporingstelsel te gee gedurende die verslagtydperk

Definisie en Doel

Die Suid-Afrikaanse Skooladministrasie en-Bestuurstelsel (SA-SABS) is 'n nasionaal-ontwerpte en gerekenariseerde stelsel wat skole toelaat om hul inligting oor leerders, personeel, fasiliteite en finansies beter te organiseer en gebruik. SA-SABS sal die beplanningskapasiteit van skole verbeter en derhalwe sou mens beter dienslewering van hierdie skole kon verwag.

Databron

Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) – Provinsie

PM 102: Aantal skole ten volle opgelei in die kernregistrasiemodules in die Skooladministrasie en -bestuurstelsel in die verslagtydperk *(Skoolinligting, Leerderinligting en Opvoederinligting)*

Definisie en Doel

Daar is 'n aantal skole wat opgelei is in die SA-SABS se kernregistrasiemodules. Kernregistrasiemodules is die basiese modules wat gebruik word om Skool-, Leerder- en Opvoederinligting in te voer. Die inligting in hierdie modules is krities vir die Leerdereenheid-rekordprestasie en -opsporingstelsel (LERPOS).

In 'n poging om die gehalte van administrasie en bestuur by skole te verbeter, het die Nasionale Departement van Onderwys 'n stelsel ontwikkel, Suid-Afrikaanse Skolebestuur- en administrasiestelsel (SA-SABS), wat die administrasie en bestuur van skole sal verbeter. Die stelsel het die potensiaal om 'n reeks inligting oor leerders, opvoeders en die begroting van die skool in te voer.

Databron

Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) Programbestuurder – Provinsie

PM 103: Aantal skole wat elektronies (e-pos) deur die departement gekontak kan word

Definisie en Doel

Dit is die aantal skole wat tot e-pos toegang het. E-pos help skole om vinnig met die Departement in verbinding te tree wanneer daar 'n probleem is wat die Departement moet hanteer. Hierdie wyse van kommunikasie stel ook die Departement in staat om vinnig en teen lae koste inligting te kommunikeer oor beleidsveranderinge, deurlopende projekte en algemene omsendbriewe. Dit is die regering se Doel om te verseker dat alle skole e-konnektiwiteit geniet.

Databron

Programbestuurder (bv. IT)

PM 104: Persentasie kantoor-gebaseerde vroue in Senior Bestuursdiens

Definisie en Doel
Hierdie maatreël poog om gelykheid en regstelling in terme van indiensneming volgens die Diensbillikheidswet van 1998 en die Witskrif oor Regstellende Aksie in die Openbare Diens, wat die noodsaaklikheid om vroue wat gepas gekwalifiseer is in senior bestuursposisies aan te stel, beklemtoon, na te gaan.

Aangesien hierdie aanwyser op administrasieprogram 1 fokus, verwys "bestuursposisie" na die vlak van Direkteure en ekwivalente poste, asook hoërvlak-poste. Inrigting-gebaseerde personeel word uit hierdie PM uitgesluit PM. Hierdie PM verwys slegs na kantoor-gebaseerde personeel.

Databron
PERSAL

PM 105: Persentasie of vroulike skoolhoofde

Definisie en Doel
Dit is die persentasie vroue in skoolhoof-poste en is 'n gelykheidsaanwyser. Alhoewel diensbillikheid 'n aantal areas dek, is vroue in skoolhoofposte belangrik om die vooruitgang van diensbillikheid in die Provinsiale Onderwysdepartemente te belig.

Databron
PERSAL

PM 106: Persentasie huidige besteding aan nie-personeel-items in skole

Definisie en Doel
Dit is die persentasie van huidige onderwysbesteding op nie-personeel-items soos handboeke, skryfbehoeftes en leerdervervoer, ens. Dit gee 'n aanduiding of opvoeders die nodige toerusting het om hul werk mee te Doen.

Databron
BAS

PM 201: Aantal leerders wat voordeel trek uit die skoolvoedingsprogram

Definisie en Doel
Dit verwys na die aantal leerders wat voordeel trek uit ten minste een maaltyd per dag vir ten minste 156 dae per jaar deur middel van die nasionale skoolvoedingsprogram.

Databron
Programbestuurder

PM 202: Aantal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes

Definisie en Doel
Dit is die aantal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes. Hierdie maatreël sluit leerders in spesiale skole uit. Sulke leerders het histories probleme ondervind met toegang tot openbare gewone skole, maar gesien in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid, moet maatreëls in plek wees om toegang vir leerders met spesiale behoeftes 'n realiteit te maak.

"Leerders met spesiale behoeftes" is leerders wat deur middel van 'n keurings-, identifiserings- en assesseringsproses geïdentifiseer is as leerders wat bykomende hulp nodig het war redelike akkommodasie en intervensies van 'n gespesialiseerde aard vereis (DvO, 2008).

Databron
Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS), Jaarlikse skoolopname (JSO)

PM 203: Aantal voldiens-skole in die provinsie

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser meet die aantal volledigensskole in die provinsie. 'n Volledigensskool word gedefinieer as 'n openbare gewone skool met spesiale hulpbronne en daarop ingestel om 'n volle reeks leerstruikelblokke in 'n inklusiewe leeromgewing te bied. Hierdie skole ondersteun onderwys vir alle leerders, ongeag hul verskille, en bied 'n inklusiewe leeromgewing deur leerstruikelblokke te minimaliseer in terme van kurrikulum, onderwysmetodologieë en die fisiese omgewing.

Databron

Provinsiale Programbestuurder (Inklusiewe Onderwys)

PM 204: Aantal openbare gewone skole sonder watertoevoer

Definisie en Doel

Dit is die aantal openbare gewone skole wat nie toegang het tot skoon water nie. Hierdie maatreël sluit alles skole sonder toegang tot enige van die volgende in: nie-munisipale boorgate of reënwateropvangstelsels, skole wat m.b.v. mobiele tenkers deur munisipaliteite gediens word, skole wat d.m.v. gemeenskaplike staanpype deur die munisipaliteit gediens word, skole wat d.m.v. 'n toegekende perseelkonneksie deur die munisipaliteit gediens word.

Om gesondheids- en ander redes is dit belangrik dat alles skole toegang tot skoon water op die perseel moet hê.

Databron

Nasionale Onderwys-infrastruktuurbestuurstelsel (NOBIS)

PM 205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit

Definisie en Doel

Dit is die aantal openbare gewone skole sonder 'n bron van elektrisiteit. Dit sluit skole in sonder bedradings- of ruitkonneksie, opwekker, sonligenergie, ens. Elektrisiteit is 'n belangrike voorvereiste vir die bekendstelling van moderne tegnologie wat die bestuur, onderrig en leer in skole kan verbeter.

Databron

Nasionale Onderwys-infrastruktuurbestuurstelsel (NOBIS)

PM 206: Aantal skole sonder werkende toilette

Definisie en Doel

Dit is die aantal skole sonder werkende toilette. Dit sluit skole in sonder die emmerstelsel, putlatrines, VIP & Enviroloo-toilette en Spoeltoilette.

Om gesondheids- en skoolbywoningsredes, is dit belangrik vir die skoolstelsel om in die rigting van hierdie minimum norm vir alle skole te beweeg.

Databron

Nasionale Onderwys-infrastruktuurbestuurstelsel (NOBIS)

PM 207: Totale openbare begrotingstoekenning vir geskeduleerde onderhoud as persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser verskaf 'n aanduiding van die begroting wat aan die onderhoud van bestaande geboue en toerusting as 'n persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur, bestee is. Dit is belangrik dat bestaande geboue en toerusting in die skole behoorlik onderhou word sodat dit ten volle funksioneel is en vervanging minimaal is. Beleid bepaal dat jaarlikse besteding op onderhoud van fasiliteite minstens 1.5% van die totale waarde van daardie fasiliteite behoort te beloop.

Databronne

- Programbestuurder (bv. Fisiese Beplanning) of BAS
- Nasionale Onderwys-infrastruktuurbestuurstelsel (NOBIS)

PM 208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid

Definisie en Doel

Dit is die aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddelde aantal van meer as 40 leerders per klaseenheid. Baie groot klasse is duidelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die Doelwit is om hierdie persentasie tot by 0 af te bring.

Die gemiddelde aantal leerders in 'n klaseenheid (gemiddelde grootte van klas) kan bereken word deur die totale aantal leerders in 'n skool deur die aantal klaseenhede in die skool te deel.

Databron

Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS) Jaarlikse skoolopname (JSO)

PM 209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid

Definisie en Doel

Dit is die aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddelde aantal leerders van meer as 35 per klaseenheid. Baie groot klasse is duidelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die Doelwit is om hierdie persentasie tot by 0 af te bring.

Hierdie maatreël word as diè van PM 208 bereken.

Databron

Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS) Jaarlikse skoolopname (JSO)

PM 210: Aantal openbare gewone skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal wat bestel is, afgelewer op eerste dag van die skooljaar

Definisie en Doel

Dit is die aantal openbare gewone skole wat Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat hulle bestel het, ontvang het. LOOM word as een van die belangrikste instrumente vir die bevordering van gelykheid, regstelling en gehalte leer vir almal in die openbare onderwysstelsel beskou.

Databron

Provinsiale Programbestuurder

PM 211: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid bereik

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser dui aan of leerders 'n sekere vlak van bevoegdheid in Gesyferdheid teen Graad 3 bereik. Leerders word d.m.v. nasionale toetse wat deur die Departement van Onderwys verskaf word regoor die land geassesseer en daar word tans na verwys as die Jaarlikse Nasionale Assessering. Dit dui die persentasie van alle Graad 3-leerders aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid bereik het. 'n Aanvaarbare uitkoms is wanneer leerders 50% of meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal.

Databron

DvO, Jaarlikse Nasionale Assessering (Direktoraat: Stelselevaluering)

PM 212: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Geletterdheid bereik

Definisie en Doel

Hierdie PM dui die persentasie van alle Graad 3-leerders aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste in Geletterdheid behaal het. 'n Aanvaarbare uitkoms is wanneer leerders 50% of meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal.

Gegewe die swak geletterdheidsuitslae in die land, is die regering verbind tot die verbetering van die geletterdheid van skoolleerders. Hierdie prestasiemaatreël word gebaseer op die pogings van die Departement van Onderwys om geletterdheiduitslae in skole te verbeter.

Databron

DvO, Jaarlikse Nasionale Assessering (Direktoraat: Stelselevaluering)

PM 213: Die prestasieverhouding van die armste 20% kwintiel 1 – leerders teenoor die mees gegoede 20% leerders in kwintiel 5 in Graad 3

Definisie en Doel

Hierdie maatreël vergelyk die prestasie van die armste 20% van leerders in kwintiel 1, met die mees gegoede 20% van leerders in kwintiel 5, in Graad 3.

Dit is nie net belangrik om die apartheidserfenis van ongelyke besteding op leerders aan te vat nie. Dit is ook belangrik om te verseker dat ongelykhede in leerderuitslae verminder word, sodat leerders 'n meer gelyke begin in die lewe kan kry.

Databron

DvO, Jaarlikse Nasionale Assessering (Direktoraat: Stelselevaluering)

PM 214: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Tale bereik

Definisie en Doel

Hierdie prestasiemaatreël dui die persentasie van alle Graad 6-leerders aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste in Tale bereik, d.w.s. leerders wat 50% en meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal.

Die Grondwet herken dat ons kulturele diversiteit 'n waardevolle nasionale bate is en derhalwe is dit onderwys se taak om alle amptelike tale in die land te bevorder.

Databron

DvO, Jaarlikse Nasionale Assessering (Direktoraat: Stelselevaluering)

PM 215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde behaal

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser dui die persentasie van alle Graad 6-leerders aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste in Wiskunde behaal, m.a.w. leerders wat 50% en meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal.

As gevolg van die tekort aan vaardighede in tegniese velde, plaas die Departement meer klem op Wiskunde. Leerders in Suid-Afrika vaar ook boonop sleg in internasionale Wiskunde-assesserings.

Databron

DvO, Jaarlikse Nasionale Assessering (Direktoraat: Stelselevaluering)

PM 216: Persentasie vroulike leerders wat vir Wiskunde in Graad 12 ingeskryf is

Definisie en Doel

Dit is die persentasie vroulike leerders wat vir Wiskunde in Graad 12 ingeskryf is. Meisies is histories onderverteenwoordig in Wiskunde, dus is verhoogde deelname in Wiskunde 'n belangrike aanduider in die beweging na 'n meer geslagsgebalanseerde VOO-band. Ideaalgesproke behoort hierdie PM bereken word deur die aantal vroulike leerders wat Wiskunde in Graad 12 neem, in berekening te bring. Alle meisies wat by openbare gewone skole ingeskryf is, word vir hierdie PM in ag geneem.

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen-databasis (Graad 12-eksamen)

PM 217: Persentasie vroulike leerders wat vir Natuurwetenskap in Graad 12 ingeskryf is

Definisie en Doel

Dit is die persentasie vroulike leerders wat vir Natuurwetenskap in Graad 12 ingeskryf is. Meisies is histories onderverteenwoordig in Wiskunde, dus is verhoogde deelname in Natuurwetenskap 'n belangrike aanduider in die beweging na 'n meer geslagsgebalanseerde VOO-band. Ideaalgesproke behoort hierdie PM bereken word deur die aantal vroulike leerders wat Wiskunde in Graad 12 neem, in berekening te bring. Alle meisies wat by openbare gewone skole ingeskryf is, word vir hierdie PM in ag geneem.

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen-databasis (Graad 12-eksamen)

PM 218: Die prestasieverhouding van die 20% armste leerders in kwintiel 1-skole teenoor die mees gegoede 20% van leerders in kwintiel 5-skole met verwysing na die Graad 12-slaagsyfer

Definisie en Doel

Dit is die persentasie van Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae van Graad 12-leerders in die kwintiel 1-skole relatief tot leerders in kwintiel 5-skole. Om hierdie maatreël te bereken, word 20% van leerders in kwintiel 1 en 20% van die mees gegoede leerders in kwintiel 5 getoets.

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen-databasis (Graad 12-eksamen)

PM 219: Graad 12-slaagsyfer

Definisie en Doel

Dit is die totale aantal Nasionale Senior Sertifikaat-slaagpunte in 'n jaar, gedeel deur die totale getal leerders wat die Graad 12 Nasionale Eksamen geskryf het. Hierdie prestasiemaatreël dui vir ons die persentasie van ingeskrewe leerders aan wat 'n Nasionale Senior Sertifikaat sal ontvang. Hierdie PM is van plan om tred te hou van hoeveel leerders die Nasionale Senior Sertifikaateksamen slaag uitgedruk in terme van die getal leerders wat Graad 12-eksamens geskryf het.

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen-databasis (Graad 12-eksamen)

PM 220: Slaagsyfer vir Wiskunde in Graad 12

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders wat Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 'n jaar slaag, gedeel deur die aantal leerders wat die Wiskunde-eksamen geskryf het. Hierdie prestasiemaatreël gee 'n aanduiding van hoeveel uitset die onderwysstelsel in die skaars vaardigheidsvelde oplewer.

Hierdie PM beoog om tred te hou van hoeveel leerders Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen slaag uitgedruk in terme van die verwagte getal leerders wat in Graad 12 Wiskunde-eksamens kan skryf.

Wiskunde is een van die sleutelvakke wat vereis word om te voldoen aan die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse hulpbronpoel in lyn met die regering se 6 ekonomiese groeiteikens. Die Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (VGGI-SA) leun sterk op die aanname dat die aantal Wiskunde-graduandi sal verhoog. Dit is dus van uiterste belang dat die POD's teikens stel om die aantal leerders wat Wiskunde slaag in elke provinsie verhoog moet word.

Daar is tans inisiatiewe onderweg om die aantal leerders wat Wiskunde en Wetenskap slaag, te verhoog. Die 528 Dinaledi-skole met 'n spesifieke fokus op Wiskunde en Wetenskap is een voorbeeld wat beoog om die getal Wiskunde- en Wetenskap-graduandi aan hoërskole teen 2008 tot minstens 50 000 te verhoog.

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen-databasis (Graad 12-eksamen)

PM 221: Slaagsyfer vir Natuurwetenskap in Graad 12

Definisie en Doel

Dit is die totale aantal leerders wat Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 'n jaar slaag, gedeel deur die aantal leerders wat die Natuurwetenskap-eksamen geskryf het. Soos met die oorhoofse slaagsyfer (PM219) bied hierdie prestasiemaatreël 'n aanduiding van hoeveel uitset die onderwysstelsel in die skaars vaardigheidsvelde oplewer.

Hierdie PM beoog om tred te hou van hoeveel leerders Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen slaag uitgedruk in terme van die verwagte getal leerders wat in Natuurwetenskap-eksamens in 'n gegewe jaar skryf.

Natuurwetenskap is een van die sleutelvakke wat vereis word om te voldoen aan die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse hulpbronpoel in lyn met die regering se 6 ekonomiese groeiteikens.

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen-databasis (Graad 12-eksamen)

PM 222: Aantal leerders wat voordeel trek uit gratis leerdervervoer

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders in openbare gewone skole wat voordeel trek uit gratis leerdervervoer. Hierdie maatreël sluit leerders in wat probleme ondervind met toegang tot openbare gewone skole as gevolg van afstand of onbeskikbaarheid van skole in hul omgewing. Gesien in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid, moet maatreëls in plek gestel word om toegang vir hierdie leerders 'n realiteit te maak. Hierdie maatreël sluit leerders wat voordeel trek uit gesubsidieerde vervoerstelsels uit.

Databron

Programbestuurder of Finansiële data

PM 223: Aantal leerders wat voordeel trek uit die "Geen skoolgeld"-skoolbeleid

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders in openbare gewone skole wat voordeel trek uit die "Geen skoolgeld"-skoolbeleid. Diesulke leerders ondervind probleme met die betaal van skoolgelde as gevolg van finansiële beperkings. In die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid en toegang tot onderwys, moet maatreëls ingestel word om toegang tot skole 'n realiteit vir alle leerders te maak ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond.

Artikel 29 (1) (a) van die Suid-Afrikaanse grondwet sê dat almal die reg op 'n basiese opvoeding, insluitend basiese volwassene onderwys, het. Die "Geen skoolgeld"-skoolbeleid skaf dus nasionaal skoolgeld in die armste skole vir leerders in Graad R tot Graad 12 af. Skole wat nie skoolgeld vra nie kry 'n groter befondsingsbedrag per leerder om op te maak vir die skoolgeld wat nie ge-in word nie.

Databron

Provinsiale Programbestuurder

PM 301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is

Definisie en Doel

Dit is die aantal onafhanklike skole wat regeringsubsidies ontvang wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes deur die Departement besoek is. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys monitor wat in onafhanklike skole gelewer word, en veral in diè skole wat staatsubsidies ontvang, en dat daar aksie geneem sal word waar daar nie aan minimum standaarde voldoen word nie.

Databron

Provinsiale Programbestuurder

PM 302: Aantal leerders in gesubsidieerde Onafhanklike Skole

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders wat by gesubsidieerde onafhanklike skole ingeskryf is. Subsidievlakke is relatief tot die skoolgeldvlakke op 'n progressiewe vyfpuntskaal. Skole wat skoolgeld van meer as 2.5 maal die aparte provinsiale gemiddelde beraming per leerder in onderskeidelik Primêre of Sekondêre fases van openbare gewone skole vra, word beskou as skole wat 'n hoogs gegoede kliëntebasis bedien en daar sal 'n 0-subsidie uit openbare fondse aan hulle betaal word volgens Kennisgewing 20 van 2003. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys wat in onafhanklike skole gelewer word, sal monitor, en veral in diesulke skole wat staatsubsidies ontvang, en dat daar aksie geneem sal word waar daar nie aan minimum standaarde voldoen word nie.

Databron

Provinsiale Programbestuurder (Finansiële Data)

PM 401: Aantal kinders met spesiale behoeftes ouderdom 6 tot 15 wat nie by onderwysinrigtings ingeskryf is nie

Definisie en Doel

Dit is die aantal kinders met spesiale behoeftes of van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie by enige onderwysinrigting ingeskryf is nie. Dit is belangrik dat die regering vir genoegsame en gepaste toegang tot spesiale en openbare gewone skole vir hierdie leerders voorsiening maak. Ideaalgesproke behoort hierdie prestasiemaatreël 'n 0-waarde te dra.

Vir die Doel van hierdie PM, word "kinders met spesiale behoeftes" uit statistiek oor gestremdheid, soos verskaf deur Statistiek Suid-Afrika, bepaal.

Databron

Algemene huishoudelike opname (AHO)

PM 402: Aantal leerders by Spesiale Skole ingeskryf

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders in Spesiale Skole. Dit is belangrik dat die regering genoegsame en gepaste toegang tot spesiale skole aan hierdie leerders voorsien.

Hierdie PM is daarop gemik om deels verantwoording te doen oor daardie Leerders met spesiale behoeftes (LSOB) wat van enige vorm van onderwys uitgesluit is. Die onderwys- en opleidingstelsel beoog om onderwys vir almal te bevorder en die ontwikkeling van inklusiewe en ondersteuningsleersentra te bevorder wat alle leerders in staat sal stel om aktief aan die onderwysproses deel te neem sodat hulle kan ontwikkel en hul potensiaal kan uitbrei en as gelyke lede aan die gemeenskap kan deelneem.

Databron

OBIS-blitsopname (Spesiale Skole)

PM 501: Aantal NC(B) studente wat by openbare VOO-kolleges ingeskryf is

Definisie en Doel

Hierdie PM sê vir ons watter aantal Nasionale Sertifikaat (Ambag) (NK(A))-leerders by openbare VOO-kolleges ingeskryf is. Vanaf Januarie 2007 is die Nasionale Sertifikaat (Beroeps) deur NATED-kursusse (N1 – N3) vervang. Die Nasionale Sertifikaat (Beroeps) is 'n nuwe en moderne kwalifikasie op vlakke 2, 3 en 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR). Hierdie NK (Beroeps) is in 2007 op NKR-Vlak 2 by VOO-kolleges ingestel. Vlak 3 is in 2008 ingestel en Vlak 4 sal in 2009 ingestel word.

Databron

OBIS-blits (VOO-kolleges)

PM 502: Aantal NK(A)-studente wat in tegniese velde ingeskryf is *(Siviele, Meganiese, Ontwerp-, Elektriese velde, of ten minste een daarvan, behoort nie tweemaal getel te word nie)*

Definisie en Doel

Hierdie PM vereis die aantal NK(B)-leerders wat by ten minste een kursus in 'n tegniese veld ingeskryf is, uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal NK(B)-leerders wat by Openbare VOO-kolleges inskryf. Vir die Doel van hierdie PM word enige kursus wat binne die velde van Siviele Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Elektriese Ingenieurswese en enige ander Elektriese Programme val as "Tegniese Velde" beskou. Daar moet geen dubbeltelling van leerders vir hierdie PM geskied nie.

Databron

OBIS- blitsopname (VOO-kolleges)

PM 503: Aantal leerders in leerderskappe in VOO-kollegesgeplaas

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders wat in 'n VOO-kollege in leerderskappe geplaas is. Hierdie aanwyser dui die aantal leerders in VOO-kolleges aan wat blootgestel word aan werklike ervarings en werksomgewings.

Databron

VOO-Kollege-programbestuurder

PM 601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie

Definisie en Doel
Dit is die aantal leerders wat by openbare BOOV-sentra ingeskryf is. Hierdie prestasiemaatreël gee 'n aanduiding van die uitgebreide openbare voorsiening van BOOV in die provinsie.

Databron
OBIS-blits (BVOO)

PM 701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole

Definisie en Doel
Dit is die totale aantal Graad R-leerders in openbare skole. Dit sluit Graad R-leerders in openbare gewone spesiale skole in. Dit sluit egter leerders in Onafhanklike Skole of onafhanklike persele wat aan skole gekoppel is, uit. Die beleid stipuleer dat ons teen 2010 universele dekking van kinders wat vir Graad R kwalifiseer, moet hê.

Databron
OBIS-blitsopname

PM 702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings

Definisie en Doel
Dit is die totaal aantal vyfjarige leerders in enige onderwysinrigting. Die beleid stipuleer dat ons teen 2010 universele dekking van alle kinders wat kwalifiseer om Graad 1 by te woon, moet hê. Hierdie maatreël sluit leerders wat openbare en privaat inrigtings (onafhanklike) bywoon, in.

Databron
Algemene huishoudelike opname (AHO)

Organogram van die Wes-Kaap Onderwysdepartement



Superintendent-General
Superintendent-Generaal
Intsumpa-Jikelele

Director: Office of the SG
Direkteur: Kantoor van die SG
UMlawuli we-Ofisi Ye-Ntloko yeSebe

Director: Communication
Direkteur: Kommunikasie
UMlawuli weCandelo leZonxibelelwano

Deputy Director-General: Planning and Strategy
Adjunk-direkteur-generaal: Beplanning en Strategie
uSekela-Mlawuli Jikelele weCandelo leZocwangciso

Chief Director: Education Management Information and Quality Assurance
Hoofdirekteur: Onderwysbestuurinligting en Gehalteversekering
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loLawulo lweMfundo, inGcaciso noQinisekiso weMigangatho

Director: Research
Direkteur: Navorsing
UMlawuli weCandelo leZophando

Director: Knowledge Management, Information and Record Management Systems and ICT
Direkteur: Kennisbestuur, Inligtings- en Rekordbestuurstelsels en IKT
UMlawuli weCandelo loLawulo loLwazi neEnkqubo zeNgcaciso neErekhodi zeZolawulo ne-ICTt

Director: Quality Assurance
Direkteur: Gehalteversekering
UMlawuli weCandelo loQinisekiso lwemiGangatho

Chief Director: Planning and Policy Co-ordination
Hoofdirekteur: Beplanning en Beleidskoördinasie
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loCwangciso noQuquzelelo lwemiGaqo-Nkqubo

Director: Policy Co-Ordination
Direkteur: Beleidskoördinasie
UMlawuli weCandelo Loququzelelo lwemiGaqo-Nkqubo

Director: Business Planning and Strategy
Direkteur: Besigheidsbeplanning en -strategie
UMlawuli weCandelo Locwangciso Lwezoshishino

Director: Infrastructure, Transport, Equipment & LTSM Planning
Direkteur: Infrastruktuur, Vervoer, Toerusting en LOOM-Beplanning
UMlawuli weCandelo loCwangciso lweZiseko zoPhuhliso, ezoThutho, iziXhobo ne-LTSM

Director: Human Capital Planning
Direkteur: Menslikekapitaalbeplanning
UMlawuli weCandelo loCwangciso Lophuhliso lweZakhono zoLuntu

Deputy Director-General: Curriculum Management
Adjunk-direkteur-generaal: Kurrikulumbestuur
Usekela-Mlawuli Jikelele weCandelo loLawulo lweKharityhulam

Chief Director: Assessment and Examinations
Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens
UMlawuli oyiNtloko weCandelo leemVavanyo neeMviwo

Director: Assessment Management
Direkteur: Assesseringsbestuur
UMlawuli weCandelo loLawulo lweeMvavanyo

Director: Examinations Administration
Direkteur: Eksamenadministrasie
UMlawuli weCandelo loLawulo lweeMviwo

Chief Director: Curriculum Development
Hoofdirekteur: Kurrikulumontwikkeling
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loPhuhliso lweKharityhulam

Director: Curriculum GET
Direkteur: Kurrikulum AOO
UMlawuli weCandelo leKharityhulam GET

Director: Curriculum FET
Direkteur: Kurrikulum VOO
UMlawuli weCandelo leKharityhulam ye-FET

Director: E-Learning and Library Services
Direkteur: E-Leer en Biblioteekdienste
UMlawuli weCandelo Le *E-Learning* neEnkonzo zeeLayibrari

Deputy Director-General: Institution Development and Co-Ordination
Adjunk-direkteur-generaal: Inrigtingsontwikkeling en –koördinasie
Usekela-Mlawuli Jikelele weCandelo loPhuhliso noQuquzelelo lwamaZiko

Chief Director: Districts
Hoofdirekteur: Distrikte
UMlawuli oyiNtloko weziThili

Chief Director: Institutional, Specialised and Operational Support
Hoofdirekteur: Inrigtings-, Gespesialiseerde en Operasionele Ondersteuning
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loKunika inkXaso amaZiko, imFundo enEemfuno eziZodwa noKwenziwa kwemiSebenzi

Director: Institutional Management and Governance Planning
Direkteur: Institusionele Bestuur-en-beheerbeplanning
UMlawuli wezoCwangciso loLawulo noKuphathwa kwamaZiko

Director: Operational Support Unit
Direkteur: Operasionele Ondersteuningseenheid
UMlawuli weYunithi yoKunika inKxaso yoKwenziwa kwemiSebenzi

Director: Specialised Education Support
Direkteur: Gespesialiseerde Onderwysondersteuning
UMlawuli weCandelo loKunika inKxaso imFundo enEemfuno eziZodwa

Chief Director: FET Colleges
Hoofdirekteur: VOO-Kolleges
UMlawuli oyiNtloko weeKholeji ze-FET

Deputy Director- General: Corporate Services
Adjunk-direkteur-generaal: Korporatiewe Dienste
Usekela-Mlawuli Jikelele weCandelo leEnkonzo zeSebe

Chief Director: Internal Human Capital Management
Hoofdirekteur: Interne Menslikekapitaalbestuur
UMlawuli Oyintloko weCandelo Lokuphathwa Nophuhliso Lwezakhono Zoluntu Lwangaphakathi

Director: Internal Human Capital Administration
Direkteur: Interne Menslikekapitaaladministrasie
UMlawuli weCandelo leZolawulo noPhuhliso lwezaKhono zoLuntu lwanGaphakathi

Director: Internal Human Capital Management
Direkteur: Interne Menslikekapitaalbestuur
UMlawuli weCandelo lokuPhathwa noPhuhliso lwezaKhono zoLuntu lwangaPhakathi

Director: Labour Relations
Direkteur: Arbeidsverhoudinge
UMlawuli weCandelo leZobudlelwane emSebenzini

Director: Internal Human Capital Development
Direkteur: Interne Menslikekapitaalontwikkeling
UMlawuli weCandelo loPhuhliso lweZakhono zoLuntu lwanGaphakathi

Chief Director: Financial Management
Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur
oyiNtloko weCandelo leZolawulo lwezeMali

Director: Management Accounting
Direkteur: Bestuursrekeningkunde
UMlawuli: kwiMpatho yeze-Akhawuntingi

Director: Financial Accounting
Direkteur: Bestuursrekeningkunde
UMlawuli weCandelo lezeMali nee-Akhawunti

Director: Procurement Management
Direkteur: Verkrygingsbestuur
UMlawuli weCandelo loLawulo lokuThengwa kweEmpahla neEnkonzo